'N VOORONDERSOEK NA

DRANKWETGEWING EN DRANKGEBRUIK

IN SUID - AFRIKA

M. Slabbert

Skripsie ingelewer vir die graad
Magister in die Sosiologie,
aan die Universiteit van Stellenbosch.

Promotor: Prof. S.P. Cilliers

Maart 1967

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ERKENNING

Graag betuig ek my opregte dank aan die volgende persone:

Die Sinodale Kommissie vir Openbare Sedelikheid, van die N.G. Kerk, Kaapland, van wie finansiële steun vir hierdie studie ontvang is.

Prof. S.P. Cilliers wat as promotor opgetree het en deur wie se rigtinggewende leiding en aandag hierdie studie moontlik gemaak is.

Dr. D.D. Joubert vir gewaardeerde kritiek.

Mej. I. Joubert wat die tikwerk verbonde aan die Manuskrip behartig het.

M. Slabbert

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE BLADSY

INLEIDING: DOEL EN PROSEDURE VAN STUDIE 1

AFDELING A: DRANKWETGEWING IN SUID-AFRIKA

Hoofstuk I. Die Drankwet no. 30 van 1928 en die Implikasies daarvan vir verskillende Etniese Groepe

A. Die Belangrikste Bepalings van Wet no. 30 1928 8

B. Wysigings t.o.v. hierdie Wet 12

C. Implikasies van hierdie Wetgewing vir verskillende Etniese Groepe 13

D. Slotopmerkings 17

Hoofstuk II. Drankwetoortredings ná Wet no. 30, 1928

A. Die Onwettige Smokkelhandel in Drank 18

B. Spesifieke Drankwetoortredings onder afsonderlike Bevolkingsgroepe 21

Hoofstuk III. Die Spesifieke Drinkpatroon van elke Bevolkingsgroep in Suid-Afrika onder die Drankwet no. 30 van 1928

A. Die Drinkpatroon van die Bantoe 29

B. Die Drinkpatroon van die Kleurling 34

C. Die Drinkpatroon van die Blanke 37

D. Die Drinkpatroon van die Asiaat 43

E. Samevatting en Bespreking van die Drinkpatrone van verskillende Bevolkingsgroepe in die Republiek vóór 1961 44

F. Slotopmerkings 49

Hoofstuk IV. Houdings en Standpunte van verskeie Instansies t.o.v. verandering van die Drankwet

A. Standpunte van die Kerk en Matigheidsbewegings 51

B. Die Houding van die Wynprodusent en Wynhandelaar 53

C. Die Menings van Amptenare betrokke by Bantoe-Administrasie 55

D. Ander belanghebbende Persone en Instansies 56

E. Die Houding van die Kleurling 58

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

F. Die Houding van die Bantoe self 60

G. Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie 61

H. Die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Algemene Distribusie en Verkooppryse van Sterk Drank 61

I. Slotopmerkings 66

Hoofstuk V. Die Veranderde Drankwetgewing vanaf 1961

A. Die Hoofwysigingswet op Drank, no. 72 van 1961 67

B. Die Wet op Bantoebier no. 63 van 1962 . 70

C. Ses Verdere Drankwysigingswette van belang 71

D. Opsomming van die belangrikste bepalings van die Drankwysigingswette ná 1961 ... 73

E. Onmiddelike Reaksies op die Drankwysiggingswette 74

F. Slotopmerkings 76

AFDELING B: VERWIKKELINGS SEDERT GEWYSIGDE DRANKWETGEWING VANAF 1961 IN WERKING GETREE HET

Hoofstuk VI. 'n Ontleding van Drankverkope en Drankverbruik in Suid-Afrika vanaf 1960 tot 1965

A. Inleiding 77

B. Die Totale Drankverbruik in Suid-Afrika 78

C. Drankgebruik deur verskillende Etniese Groepe na die Drankwet no. 72 van 1961 met verdere wysigings in werking getree het 81

1. 'n Evaluasie van Drankvoorkeur/Drankgebruik van Kleurlinge en Blankes tussen 1963 en 1966 op grond van verkope by Drankwinkels en Hotelbuiteverkooppersele 83

2. Verbruik van Drank deur Bantoes tussen 1963 en 1965 86

3. Samevatting 90

Hoofstuk VII. Drankwetoortredings en Navorsing wat gedoen is na die Drankwet verander is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

A. Drankwetoortredings 93

B. Navorsing gedoen na 1961 96

AFDELING C: ALKOHOLISME AS SPESIFIEKE MAATSKAPLIKE PROBLEEM WAT VERBAND HOU MET DRANKGEBRUIK

Hoofstuk VIII. Algemene Kenmerke i.v.m. Alkoholisme in Suid-Afrika

A. Die Voorkoms van Alkoholisme in Suid-Afrika, in vergelyking met ander lande 100

B. Wetgewing i.v.m. Alkoholisme in die Republiek 102

C. Fasiliteite vir die behandeling van Alkoholiste in Suid-Afrika 104

Hoofstuk IX. Die Moontlike Hantering van die Probleem van Drankmisbruik

1. Die Uitwerking van Prohibisie as Maatreël om Drankmisbruik te bekamp 110

2. Die Hantering van Drankmisbruik in ons land 113

AFDELING D. BESLUIT

Hoofstuk X. Samevatting van die Studie... 117

Hoofstuk XI. Leemtes in die Reeds Bestaande Kennis, en Aanbevelings i.v.m. verdere Navorsing 122

LITERATUURLYS 130

BYVOEGSELS:

1. Stelsels van Brouing en Verskaffing van Bantoebier in Stedelike Gebiede, kragtens die Naturelle Stadsgebiede Konsolidasiewet no. 25, 1945, soos gewysig 136

2. Statistieke uit die Jaarverslae van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie : 1951 tot 1964 137

3. Voorwaardes verbonde aan die uitreiking van lisensies aan Kleurlinge en Asiate kragtens Wet no. 89 van 1962 141

4. Verdere Voorwaardes i.v.m. bogenoemde lisensies, en bevoegdhede van die Polisie m.b.t. visentering van persele waar drank verkoop word; kragtens Wet no. 98 van 1965 142

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. Verbruik van alle Dranksoorte in Suid-Afrika tussen 1960 en 1964, in massa-gallon 143

6. Bevolkingstatistieke gebruik by die bepaling van persentasie verhoudings by drankwetveroordelings 144

7. Drankverbruiksyfers van ander lande .. 145

8. Drankwetoortredings vir die Republiek en S.W.A. 1960 - 1965 146

ooooOoooo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INLEIDING: DOEL EN PROSEDURE VAN STUDIE

1. Hierdie ondersoek is gedoen op versoek van die Sinodale Kommissie vir Openbare Sedelikheid van die N.G. Kerk. Laasgenoemde instansie was begerig om feitlike materiaal oor die implikasies en gevolge van die verandering van die drankwetgewing op drankgebruik in Suid-Afrika te bekom. Op aanbeveling van Prof. S.P. Cilliers, Hoof van die Departement Sosiologie aan die Universiteit Stellenbosch, is besluit dat bestaande kennis i.v.m. drankgebruik of drankmisbruik, drinkpatrone en verwante faktore gekonsolideer moes word ten einde moontlike navorsing in díe verband op 'n gesonder grondslag te kan plaas.

2. Die basiese probleme i.v.m. navorsing oor drankgebruik in Suid-Afrika is dat studies wat wel in díe verband gedoen is te kort skiet t.o.v. een of meer van die volgende aspekte:

   (a) Beperktheid van omvang en gevolglike beperking van die geldigheid van gevolgtrekkings;

   (b) dubbelsinnige en soms teenstrydige aanwending van konseptuele apparaat;

   (c) oorbeklemtoning van die oorsaaklikheid van sommige veranderlikes ten koste van 'n geintegreerde blik op die totale maatskaplike situasie;

   (d) onwetenskaplikheid vir sover wetenskaplike onhanteerbare idees soos bv. "inherente geneigdheid", "ingebore neiging", ens. aangegryp word as verklaringsbeginsels vir aspekte wat ter sake is vir drankgebruik en drinkpatrone in S.A.;

   (e) onvolledigheid.

3. Bogenoemde, en nog ander probleme het dan ook meegewerk om die doelstelling van hierdie ondersoek duidelik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op die voorgrond te laat tree: Dit is om teen die agtergrond van die verwikkelinge met betrekking tot drankwetgewing in Suid-Afrika bestaande navorsing en inligting t.o.v. drankgebruik en verwante aspekte te vergelyk en te beoordeel. In hierdie evaluasie word ook gepoog om vas te stel wat moontlik die implikasies van die besondere drankwetgewing in Suid-Afrika vir drankgebruik in die algemeen is.

4. Heel aan die begin moet dit dus duidelik gestel word dat hierdie ondersoek evaluatief van aard is, m.a.w. daar word geen grootskaalse navorsingsopset beplan om m.b.v. byvoorbeeld die opname-prosedure oorspronklike inligting in te win nie. Hoofsaaklik word gesteun op sekondêre bronne, m.a.w. reeds gepubliseerde navorsing; sensusgegewens; referate, en so meer. Weliswaar word hierdie bestaande inligting aangevul deur uitgebreide korrespondensie te plaatse en oorsee, met bepaalde instansies wat te doen het met die produksie, verspreiding, verbruik, en bestryding van drankgebruik, maar die tentatiewe en voorlopige aard van die gevolgtrekkings kan nie oorbeklemtoon word nie. Die onderliggende oorweging van hierdie studie is dat die bevindings daarvan 'n gekonsolideerde grondslag kan bied vir sistematiese navorsing oor drankgebruik in Suid-Afrika. In 'n besondere sin dra hierdie studie dus die karakter van 'n voorondersoek. Dit wil hoofsaaklik bepaal wat die bestaande en ontbrekende kennis is i.v.m. drankgebruik in Suid-Afrika, en sodoende voorstelle aan die hand doen oor hoe sommige van die leemtes deur verdere navorsing aangevul kan word. Hierdie oorweging geld dan ook veral vir die betrokkenheid van die Sinodale

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kommissie vir Openbare Sedelikheid wat goedgunstiglik finansiële steun vir hierdie ondersoek moontlik gemaak het en wat veral belang stel in inligting oor drankmisbruik.

5. In een van die vorige paragrawe is reeds melding gemaak van die besondere probleme en tekortkomings van bestaande navorsing oor drankgebruik in Suid-Afrika. Een daarvan was die spraakverwarring wat ontstaan deur die dubbelsinnige gebruik van woorde en konseptuele uitgangspunte. Hierdie probleem word natuurlik verskerp in 'n studie van die huidige opset waarin juis van hierdie uiteenlopende en soms teenstrydige inligting gebruik gemaak word. Ten einde hierdie dilemma gedeeltelik die hoof te bied is gevoel dat ten minste sommige van die elementêre konsepte ter sake vir drankgebruik, gestandardiseer moet word. In die verband word hoofsaaklik gebruik gemaak van die konseptuele materiaal wat deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing in verwante navorsing toegepas is en waarvan die volgende vir die doeleindes van hierdie ondersoek die belangrikste is:

(a) Drinkgebruikpatroon: die getal drankies genuttig binne 'n bepaalde tyd.[1)]

(b) Drinkfrekwensiepatroon: die kere waarop 'n persoon gemiddeld drank gebruik.[2)]

(c) Drankuitgawepatroon: die betaalde geldwaarde van drank wat deur 'n persoon self gebruik is.[3)]

(By die bespreking van die "Buro" se verslae word in die huidige studie van "drinkpatroon" gepraat om al drie bogenoemde aspekte in te sluit, en "ligter" en "swaarder" drinkpatroon dui op die intensiteit van (a), (b) en (c).)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(d) 'n Geheelonthouer: 'n Persoon wat hoegenaamd geen alkoholiese drank van watter aard ookal, behalwe vir sakramentele doeleindes, gebruik nie.[4)]

(e) 'n Drankgebruiker: Iemand wat alkoholiese drank nuttig dog wel in sulke hoeveelhede en sulke omstandighede dat hy nie homself, sy afhanklikes of die gemeenskap daardeur benadeel nie.[5)]

(f) 'n Drankmisbruiker: 'n Persoon wat dikwels alkoholiese drank gebruik en wel op so 'n wyse waardeur hy homself, sy afhanklikes of die gemeenskap benadeel. Hy misbruik drank egter nie elke keer wat hy daarmee in aanraking kom nie.[6)]

(g) 'n Alkoholis: (of 'n verslaafde) Iemand wat elke keer wat hy met drank in aanraking kom, dit misbruik. Hy het geen beheer meer oor sy drinkgewoonte nie.[7)]

(h) Blanke drank: Dit omvat alkoholiese dranksoorte wat met die kultuur van die Blanke geassosieer word en vir die oorgrote meerderheid van die Bantoes in Suid-Afrika nie wettiglik verkrygbaar was vóór 1961 nie. Hieronder val bier, wyn en spiritualieë.[8)]

(i) Brousels: Die versamelnaam vir 'n groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskeidenheid alkoholiese dranksoorte wat onwettiglik gebrou word (is) deur 'n alkoholiese gistings en/of distillasieproses uit 'n groot verskeidenheid grondstowwe.[9)]

Ander belangrike konsepte is die volgende:

Die Hoofwysigingswet: Hiermee word bedoel die Drankwysigings wet no. 72 van 1961.

Binneverbruik: Drank wat op die perseel waar dit gekoop word verbruik word.

Buiteverbruik: Drank wat weg van die perseel waar dit gekoop word verbruik word.

6. In die lig van bogenoemde inleidende opmerkings en die besondere voorwaardes daarin vervat, kan die opset van die ondersoek as volg uiteengesit word:

AFDELING A:

Die belangrikste beklemtoning in Afdeling A, is drankwetgewing in Suid-Afrika. Die Wet waarin die belangrikste huidige bepalings t.o.v. drankgebruik vervat is, is die Hoofwysigingswet van 1961. Hierdie Wet word in die ondersoek gerieflikheidshalwe geneem as die hoof verwysingspunt in terme waarvan gegewens oor drankgebruik in twee breë periodes verdeel word, nl. voor en na 1961. Gevolglik word in Hoofstuk I aandag gegee aan drankwetgewing voor 1961; Hoofstuk II word gewy aan kritiese drankoortredings in hierdie tydperk terwyl Hoofstuk III

1. Navorsingsreeks no. 19, p. 69.
2. Ibid., p. 50.
3. Ibid., p. 79.
4. Navorsingsreeks no. 17, p. 8.
5. Loc. cit.
6. Loc. cit.
7. Loc. cit.
8. Navorsingsreeks no. 18, p. 6.
9. Loc. cit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inligting verstrek oor die drinkpatrone van die verskillende bevolkingsgroepe voor 1961. Voordat Afdeling A afgesluit word met 'n uiteensetting van die belangrikste bepalings van veranderde drankwetgewing sedert 1961, (Hoofstuk V) word kortliks in Hoofstuk IV aandag gegee aan die houdings en standpunte van verskillende instansies m.b.t. die verandering van drankwetgewing in Suid-Afrika.

AFDELING B.

Afdeling B het betrekking op verwikkelinge sedert die implimentering van die veranderde drankwetgewing; d.w.s. ná 1961. Dit beslaan twee hoofstukke. In Hoofstuk VI word 'n ontleding van drankverkope en drankverbruik in Suid-Afrika tydens die periode 1960 tot 1965 gedoen asook patrone van drankgebruik deur die verskillende bevolkingsgroepe tydens die periode net na 1961. Hoofstuk VII gee weereens aandag aan omvang van drankwetoortredings by die verskillende bevolkingsgroepe maar in díe geval na die implementering van gewysigde wetgewing. In díe Hoofstuk word ook die belangrikste navorsing oor drankgebruik sedert 1961 bespreek.

AFDELING C.

Aangesien drankmisbruik as 'n ernstige maatskaplike probleem aangevoel word, word Afdeling C van die ondersoek gewy aan algemene kenmerke van hierdie probleem soos dit in Suid-Afrika gemanifesteer en gehanteer word.

AFDELING D.

Die ondersoek word dan met Afdeling D afgesluit waarin 'n samevatting van die belangrikste bevindings gegee word, en voorstelle vir die aanvulling van leemtes in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

navorsing oor drankgebruik in Suid-Afrika aan die hand gedoen word.

ooooOoooo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING A

DRANKWETGEWING IN SUID-AFRIKA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

DIE DRANKWET NO. 30 VAN 1928, EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR VERSKILLENDE ETNIESE GROEPE

Soos so pas ter inleiding gestel is, is die belangrikste verwysingspunt in hierdie studie, vir sover dit om drankwetgewing gaan, die Hoofwysigingswet van 1961. Om egter die agtergrond van hierdie gewysigde Wet vollediger te begryp is dit nodig om ook kortliks kennis te neem van die belangrikste bepalings betreffende drankgebruik wat die wysigende Wet vooraf gegaan het. Vir dié doeleindes word hierdie hoofstuk afgesonder en gepoog om 'n samevatting te gee van die belangrikste wetlike bepalings ten opsigte van drankgebruik voor 1961.

A. Die belangrikste bepalings van Wet no. 30 van 1928.

Voor 1961 is drankwetgewing gereguleer deur Wet no. 30 van 1928, ook bekend as die Tielman Roos Wet. Die belangrikste bepalings van hierdie Wet was as volg:

1. Ten opsigte van drankverkryging.

In die Kaapprovinsie kon Kleurlinge en Asiate drank van enige soort koop, onderworpe aan sekere beperkings. In Natal kon Kleurlinge ook vryelik drank kry op sekere tye, maar Asiate kon hier slegs vir binneverbruik drank bekom. Kleurlinge in Transvaal wat vaste eiendom ter waarde van R150 besit het kon ook drank vir binneverbruik verkry. Andersins kon Kleurlinge en Asiate in Transvaal en die Vrystaat egter slegs drank verkry deur 'n vrystellingsbrief van 'n magistraat.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geen Bantoe in enige van die vier provinsies kon drank, (anders as Bantoebier) verkry sonder 'n vrystellingsbrief nie. So 'n vrystellingsbrief kon deur 'n magistraat aan 'n nie-Blanke applikant uitgereik word, waardeur hy toestemming verkry om vasgestelde hoeveelhede drank te koop vir persoonlike verbruik. Magistrate moes egter eers vasstel of so 'n applikant volgens Blanke standaarde lewe, en oor voldoende inkomste beskik, voordat so 'n vrystellingsbrief vir 'n tydperk van een jaar uitgereik is.

2. Ten opsigte van die verkoop van drank.

Die beperkings wat opgelê is m.b.t. die verkoop van drank was meestal t.o.v. die gebruik van sterk drank (spiritualiëe) en hoewel die wetgewing van hierdie tyd nie op algehele prohibisie neergekom het nie, was daar definitiewe beperkings ingestel m.b.t. die hoeveelheid drank wat gekoop kon word, asook die ure van die dag, en dae van die week waarop drank verkry kon word.

Hierdie beperkings deur verskillende lisensierade opgestel, het baie verskil van gebied tot gebied, en omdat daar geen unifomiteit was nie, was dit moeilik om kontrole uit te oefen oor die beperkings.

3. Ten opsigte van die "Dopstelsel".

In die Kaapprovinsie kon werkgewers kragtens die bepalings van hierdie Wet aan hul volwasse nie-Blanke plaasarbeiders (Kleurlinge of Bantoe) 1½ pinte ongefortifiseerde wyn of Bantoebier per dag verskaf. Die drank moes egter in drie gelyke dele verdeel word, en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met tussenposes van minstens twee uur verskaf word. Hierdie gratis verskaffing van drank deur die werkgewer aan sy arbeiders, staan bekend as die dopstelsel.

In die Vrystaat kon werkgewers aan volwasse nie-Blanke arbeiders 'n ¼ pint sterk drank, of 1 pint ander drank gee. (Bantoes moes 18 jaar en ouer wees.)

In Transvaal en Natal kon geen nie-Blanke arbeider egter alkoholiese drank van sy werkgewer ontvang nie. Hierdie reg om drank aan werknemers te verskaf kon te eniger tyd teruggetrek word deur hoër gesag, sonder verstrekking van redes; en 'n werkgewer moes dan weer aansoek doen by 'n magistraat indien hy die stelsel weer wou toepas. Verder kon die destydse Goewerneur-Generaal drankverskaffing onder die dopstelsel te eniger tyd verbied of beperkings t.o.v. die verskaffing van 'n sekere dranksoort instel, indien hy dit as skadelik sou beskou. Hy kon die toepassing van die stelsel in enige area verbied.

4. <u>Ten opsigte van Bantoebier.</u>

In die Transkei kon Bantoebier gebrou word vir tuisgebruik. In hierdie gebied is die gebruik van alle alkoholiese dranksoorte beheer deur Proklamasie 333 van 1949.

In die ander Bantoegebiede was Wet no. 30 van 1928 egter van toepassing. Hier moes die toestemming van die Bantoesakekommissaris, of 'n plaaslike Landdros verkry word vir brouing, of vir wanneer meer as drie lede van 'n ander kraal teenwoordig sou wees by 'n bierdrinkbyeenkoms.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die landelike Blanke gebiede kon Bantoebier gebrou word vir tuisgebruik mits die Bantoe die toestemming van die eienaars van die betrokke area of perseel verkry het. Eienaars van myne en ander bedrywe kon jaarliks van die betrokke minister toestemming verkry om op die betrokke perseel Bantoebier te brou en gratis aan hul Bantoewerkers te verskaf. Die werkers moes egter binne die omtrek van 1 myl van die myn of bedryf gewoon het.

Waar Bantoes in stedelike Blanke gebiede woonagtig was, was die voorwaardes i.v.m. die gebruik van Bantoebier verskillend. Die Naturelle Stadsgebiede Konsolidasiewet no. 25 van 1945, soos gewysig, het die gebruik van Bantoebier in stede beheer. In hierdie Wet is voorsiening gemaak vir verskillende stelsels van brouing en verskaffing van Bantoebier. (Sien Byvoegsel 1 vir besonderhede).

Die minister kon te eniger tyd die brou, verbruik of besit van Bantoebier belet indien dit as skadelik vir die Bantoe beskou is.

5. <u>Ander bepalings.</u>

Daar was slegs 'n paar ander bepalings in die Drankwet no. 30 van 1928 wat van belang was, en wel drie ander uitsonderings of voorwaardes waarkragtens nie-Blankes sterk drank kon verkry, anders as die wat reeds genoem is:

(i) 'n Predikant kon vir sakramentele doeleindes drank verkry.

(ii) 'n Persoon kon deur 'n sertifikaat van 'n geneesheer vir mediese doeleindes drank verkry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(iii) 'n Vreemde Bantoe wat tydelik in die Republiek woonagtig was, en in sy eie land alkoholiese drank kon kry, kon 'n vrystellingsbrief vir drie maande ontvang, waarkragtens hy drank kon koop.

6. Samevatting.

Op hierdie stadium het die drankwette dus reeds voorsiening gemaak vir:-

(a) Binne- en buiteverbruik aan Kleurlinge en Asiate in die Kaapprovinsie, en Kleurlinge in Natal,

(b) binneverbruik vir Asiate in Natal,

(c) drank aan sekere nie-Blankes ingevolge vrystellingsbriewe,

(d) drank aan alle nie-Blanke werknemers in die Vrystaat en Kaapprovinsie gratis deur werkgewers,

(e) drank aan alle nie-Blankes vir sakramentele doeleindes,

(f) brouing van Bantoebier vir tuisgebruik kragtens verskillende voorwaardes vir verskillende areas.

B. Wysigings ten opsigte van Wet no. 30 van 1928.

Sedert die eerste formulering van die drankwet, was daar die volgende wysigings:

1. Die Wysigingswet op die drankwet, no. 14, 1951.
2. Die Wysigingswet op die drankwet, no. 38, 1954.
3. Die Wysigingswet op drank, no. 35, 1956.
4. Die Verdere Wysigingswet op drank, no. 61, 1956.
5. Die Drankwysiginswet, no. 58, 1957.

Die meeste van bogenoemde wysigings het betrekking op duideliker begripsbepaling en byvoeging van sekere

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sub-artikels.

Wet no. 58, van 1957 handel bv. veral oor die instelling en pligte van Dranklisensierade.

Die eerste groot wysiging van die drankwet ná 1957, was Wet no. 72, van 1961, waarna in hierdie studie as die "Hoofwysigingswet" verwys word, en wat in Hoofstuk V volledig bespreek word.

C. Implikasies van wetgewing voor 1961 vir verskillende etniese groepe.

Die bevolkingsgroep wat die meeste deur die drankwetgewing voor 1961 geraak is, was die Bantoe. Die Kleurling en Asiaat kon reeds meer vrylik drank verkry op hierdie stadium, en t.o.v. die Blanke was daar geen beperkings nie. Die onvermydelike uitwerking van hierdie diskriminasie in wetgewing t.o.v. die verskillende etniese groepe, was dat 'n antagonisme aan die kant van die Bantoe ontwikkel het teenoor die Blanke.[1] Die drie bevolkingsgroepe wat die meeste voorregte geniet het, naamlik die Blanke, Kleurling en Asiaat, het hulle posisie misbruik deur hulle aan dranksmokkelary skuldig te maak.

'n Beleid van gedeeltelike prohibisie is vir 'n lang tydperk teenoor die Bantoe gevolg. In 1883 reeds het 'n Kommissie van Ondersoek in die Kaapkolonie aanbeveel dat die prohibisie van alle alkoholiese drank t.o.v. die Bantoe gevolg moet word. 'n Skema van vrystelling ten opsigte van sekere Bantoes, is

1) Hierdie feit word veral beklemtoon deur Polisieamptenare en instansies belas met nie-Blanke sake. Sien bladsye 55 en 61 van hierdie studie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook hierin vervat.[2)]

Vanaf 1923 is in die Naturellen Stadsgebieden Wet (no. 21, 1923) voorsiening gemaak vir die gebruik van Bantoebier in al vier provinsies. Die Bantoe was hiervolgens geregtig daarop om sy eie tradisionele dranksoort te brou en te gebruik. Hy kon egter geen ander alkoholiese drank kry nie.

Die oorspronklike doelstelling van hierdie wetgewing van gedeeltelike prohibisie was om die "morele welsyn" (soos dit deur die owerheid genoem is) van die Bantoe te beskerm, omdat van regeringsweë gevoel is dat hy nog nie die lewensstandaard bereik het waar hy sterker alkoholiese drank reg kon gebruik nie. Vandaar dat in die 1928 wetgewing vereis is dat 'n Bantoe 'n lewensstandaard gelykstaande aan díe van die Blanke moes hê voordat 'n vrystellingsbrief vir die verkryging van drank aan hom uitgereik kon word.

Dit was veral die stedelike Bantoe wat met verloop van tyd probleme begin skep het m.b.t. drankverskaffing. Namate die Bantoes in toenemende getalle na die stede begin trek het, en ook van die leefwyses van ander bevolkingsgroepe begin aanneem het, het hulle ander alkoholiese drank probeer bekom. Tot watter mate hulle hierdie drank wou verkry ten einde hulleself met ander etniese groepe - veral die Blankes, te identifiseer, en of daar werklik 'n behoefte aan sterker drank bestaan het, is nie bekend nie. Die feit bly egter staan dat 'n onwettige

---

2) Jeppe, W.J.O. Die Voorsiening van alkoholiese Drank aan die Bantoe, met spesiale verwysing na Wes-Kaapland Ongepubliseerde M.A. Tesis, Universiteit Stellenbosch, 1962, bl. 62.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

smokkelhandel ontstaan het wat veral in stedelike gebiede groot afmetings aangeneem het, soos uit die volgende hoofstuk sal blyk. Aangesien die regering bekommerd was oor die omvang van dranksmokkelary, en pogings wou aanwend om hierdie probleem so ver as moontlik die hoof te bied, was hulle genoodsaak om te begin dink aan die beskikbaarstelling van ander alkoholiese drank as Bantoebier, aan die Bantoe. Wat die Kleurling betref, was die situasie heel anders, en in die vroeë jare na die 1928 wetgewing is veral kommer uitgespreek oor die groot getalle wat hulle aan dronkenskap skuldig gemaak het. Sommige instansies het juis die vryer distribusie van drank daarvoor blameer; ander het die oorsaak gesoek by die haglike maatskaplike en ekonomiese posisie van die Kleurling. Verskeie Kommissies het dan ook die probleem ondersoek, sodat aanbevelings gemaak kon word vir die moontlike hantering daarvan. Reeds in 1944 het die Paarlse Boerevereniging[3)] die saak laat ondersoek, en in 1945 het 'n Regeringskommissie[4)] verdere inligting ingewin. Hulle was dit eens dat die maatskaplike en ekonomiese omstandighede van die Kleurling verbeter moes word. Ook sou hulle wou sien dat voedsel saam met drank verskaf word. Die kantienwyn van daardie tyd het volgens bevinding 'n hoë alkohol-inhoud gehad, d.w.s. onbeleë gefortifiseerde wyn, wat maklik dronkenskap kon veroorsaak. Hulle het ook gemeen dat die dopstelsel aan misbruik blootgestel word. Die alge-

---

3) Kommissie van Ondersoek i.v.m. Drankmisbruik by Kleurlinge, Paarlse Boerevereniging, 1944.
4) Verslag van die Kommissie van Ondersoek in sake Drankgebruik deur Kaapse Kleurlinge, U.G. 33/1945.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mene indruk van die Regeringskommissie was dat "'n baie groot gedeelte van die Kleurlinge dronkenskap as die gepaste en geregverdigde beloning - hul 'klein stukkie hemel' - vir die week se arbeid en ontberings beskou".[5)]

Wat die Blanke betref, is geen ondersoek i.v.m. drankgebruik in hierdie vroeër jare onderneem nie, behalwe dat kommer uitgespreek is oor sy aandeel in smokkelhandel.

Daar is dus kommer uitgespreek oor die Bantoe en Blanke met betrekking tot smokkelhandel, en oor Kleurlinge m.b.t. dronkenskap. Indien egter na drankwetveroordelings van later jare gekyk word, blyk dit dat dronkenskapveroordelings net so hoog is vir Blankes as vir Kleurlinge.[6)] Die feit dat dronkenskap onder Kleurlinge miskien meer opsigtelik is, bv. omdat hulle as minder bevoorregte groep meer op straat is, mag een rede wees waarom geen intensiewe studie na dronkenskap onder Blankes onderneem is nie. Dit is heel moontlik dat die Blankes wat weens dronkenskap veroordeel word, ook meestal van die laer sosio-ekonomiese groep kom. Ongelukkig is die statistieke van die Polisie nie bevredigend genoeg om hierdie bewering te staaf nie, In Venter se studie[7)] word egter daarop gewys dat daar meer drankgebruikers onder Blankes van 'n laer opvoedkundige peil is as onder ander Blankes.

---

5) Ibid, bl. 8.
6) Sien Tabel 2 op bl. (Jaarverslae - Kommissie van Polisie)
7) Venter, J.D. Die Drinkpatroon van die Kleurlinge in Kaapland en Natal. Navorsingsreeks no. 19, Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Pretoria, 1965, p. 22.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onder Bantoes is die dronkenskap-syfer noemenswaardig laag. Hierby word weer in die volgende hoofstuk teruggekom.

D. Slotopmerkings.

Ten slotte kan uit die voorafgaande bespreking van drankwetgewing voor 1961, die volgende algemene stellings gemaak word:

(a) Daar het 'n duidelike wetlike differensiasie t.o.v. voorregte en vryhede met betrekking tot drankgebruik vir die verskillende etniese groepe bestaan. Hierdie differensiasie het gevarieer vanaf algehele vryheid ten opsigte van drankgebruik, soos by Blankes, tot gedeeltelike prohibisie, soos by Bantoes.

(b) Die etniese groep wat onderworpe was aan die strengste beperkings ten opsigte van drankverkryging en gebruik, naamlik die Bantoe, het ook bepaalde stremmings ervaar soos gemanifesteer in hulle vatbaarheid vir smokkelhandel, en spannings in interpersoonlike verhoudings met lede van ander, en in die verband meer bevoorregte etniese groepe.

(c) Dit is interessant om daarop te let dat by die Kleurling, wat groter vryhede ten opsigte van drankgebruik geniet het as die Bantoe, dronkenskap 'n maatskaplike probleem was. Gegee hierdie wetlike posisie t.o.v. drankgebruik voor 1961, is dit gepas om ook kortliks aandag te gee aan navorsingsverslae en ander bronne van inligting wat in verband gestaan het met drankgebruik in hierdie tyd. Hierop word in die volgende hoofstuk gelet.

ooooOoooo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 11

DRANKWETOORTREDINGS NÁ WET NO. 30, 1928

Die differensiële voorregte vir verskillende etniese groepe t.o.v. drankgebruik soos blyk uit wetgewing tydens en na 1928, kan natuurlik nie los gesien word van die verskillende wyses waarop die afsonderlike etniese groepe betrek was in die maatskaplike struktuur in Suid Afrika nie. In 'n sekere sin is die wetgewing in hierdie tydperk ook 'n refleksie van hierdie verskille; veral met betrekking tot aspekte soos lewensstandaard, opvoedkundige peil, sosio-ekonomiese status, ens. Mits hierdie totale strukturele opset nie uit die oog verloor word nie, kan die wetgewing ten opsigte van drankgebruik tydens - en 'n aantal jare na 1928 - 'n gerieflike aanknopingspunt bied vir die bespreking van bepaalde maatskaplike probleme wat in hierdie tydperk aandag geniet het. Veral word gelet op smokkelhandel waarna vroeër verwys is en word ook aandag gegee aan die omvang van drankwetoortredings van die verskillende bevolkingsgroepe.

A. Die onwettige smokkelhandel in drank.

Namate onwettige smokkelhandel in drank onder verskillende bevolkingsgroepe begin toeneem het, is al hoe meer van owerheidsweë besef dat die oorspronklike doelstelling van die bestaande wetgewing van gedeeltelike prohibisie teenoor die Bantoe misluk het. Dit het noodsaaklik geword om die bestaande wetgewing i.v.m. drank in hersiening te neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die mening van een navorser[1] is dat daar meer in die Transvaal as in enige ander provinsie met drank gesmokkel is. Die rede hiervoor is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die verkryging van sterk drank vir Kleurlinge, Asiate en Bantoes aan streng beperkings onderhewig was. Daar kon dus wederregtelik aan al drie hierdie bevolkingsgroepe drank verskaf word.
In die studie van bogenoemde navorser oor die voorkoms van smokkelhandel in Pretoria, is gevind dat Blanke mans wat aan smokkelhandel deelgeneem het meestal uit 'n lae sosio-ekonomiese groep gekom het, en dikwels werkloos was. Vir die Polisie het hulle egter nie so 'n groot probleem gebied nie, aangesien hulle die smokkelhandel nooit op groot skaal beoefen het nie. Hulle is ook as lomp en onhandig beskryf.
Blanke vrouens het ook tot 'n mate aan smokkelary deelgeneem, en was meestal getroude huisvrouens sonder persoonlike inkomstes. Die Siriër, (wat as Blank geklassifiseer is) is beskou as 'n bedrywige smokkelaar aan die Rand, en het groot profyte gemaak. Wessels beweer dat veral Sjinese hulle meer op die stook van onwettige drank toegelê het.
Verder het Wessels tot die gevolgtrekking gekom dat die Asiaat van sy reg om drank te bekom, misbruik gemaak het deur die Bantoe uit te buit. Die Asiaatvrou het 26% uitgemaak van alle Asiate wat met drank gesmokkel het. By die Asiatemans was werkloosheid (net soos by Blanke mans) 'n belangrike faktor wat tot

---

1) Wessels, D.M. Die aard en bestryding van die smokkelhandel in die sterkdrank van Blankes, met 'n ontleding van die misdaad-syfers t.o.v. sodanige smokkelhandel in Pretoria, vir die tydperk Januarie 1945 tot Desember 1949. Ongepubliseerde M.A. tesis Pretoria, 1951, bl. 136.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deelname aan smokkelhandel gelei het, en dié wat wel gewerk het, was meestal smouse van beroep. Gevolglik het hulle 'n genoegsame geleentheid gehad vir vervoer en afset van drank.

Die studie van Wessels wat in 1951 voltooi is, steun grootliks op misdaadsyfers verkry van Polisie- en Hofverslae, en in die lig van latere wysigins in drankwetgewing moet in gedagte gehou word dat haar bevindings vandag nie meer noodwendig sou geld nie.

In Kaapstad, en die stede van Natal, was dit die Kleurling wat meestal met drank gesmokkel het. A.S. du Toit[2)] het in 1958 aangetoon dat dit veral die ongeskoolde Kleurlingarbeider was wat in die werksituasie in kontak met die Bantoe gekom het. Destyds was Bantoe en Kleurling ook nog tot 'n groot mate saam woonagtig in minder gegoede Kleurlingwoonbuurtes, soos bv. Windermere. Daar is gevind dat heelwat Kleurlinge 'n goeie bestaan uit die smokkelhandel gemaak het. Soms is drank privaat aan Bantoes verkoop, maar gewoonlik deur middel van georganiseerde smokkelhuise. Die Kleurlinge wat die drank verskaf het is "mailers" genoem, en na die drank self is as "canvas" verwys.[3)] Hierdie smokkelkroëe is veral aangetref in die slumgebiede waar huise dig opmekaar gestaan het. Volgens die Polisie is daar selfs 44 gelling dromme vol drank in Windermere gevind in 1960. Bantoe- of Kleurlingvroue was dikwels aan die hoof van so 'n smokkelkroeg,

---

2) du Toit, A.S. Kontak en Assosiasie van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland. Ongepubliseerde D-phill graad, Stellenbosch, 1958, bl. 148.
3) Ibid., bl. 185.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en het bekend gestaan as "Shebeen Queens". Tydens 'n vorige ondersoek[4] is aan skrywer meegedeel dat hierdie vrouens baie bedrewe was in die smokkelhandel en indien 'n vrou bv. deur die Polisie betrap en gevange geneem is, haar suster of ander familielid later met die smokkelkroeg voortgegaan het. Baie van hierdie Kleurlinge was werkloos, en het hul hoofbron van inkomste gevind uit die verkoop van onwettige drank.

Na die wysigingswet van 1961 het die smokkelhandel in drank grootliks sy bestaansreg verloor en is dit hoogs onwaarskynlik dat dit in die huidige opset van drankwetgewing dieselfde afmetings as vroëer sal aanneem. In die tydperk toe dit wel sterk op die voorgrond was, is dit belangrik om nietemin op die voorhandliggende feit te let dat juis die bevolkingsgroep wat 'n gedeeltelike prohibisie t.o.v. drankverkryging ervaar het, die belangrikste skyf vir smokkelhandel was. Heelwaarskynlik het lede van ander etniese groepe ook van hierdie smokkelhandel gebruik gemaak om bv. na-ure wederregtelike drank te bekom, maar hoofsaaklik die Bantoe het vir die smokkelaar die belangrikste bron van inkomste gebied.

B. <u>Spesifieke drankwetoortredings van afsonderlike bevolkingsgroepe.</u>

Na die implementering van Wet no. 30 van 1928, en verdere wysigings, het die aantal drankwetoortredings op een stadium buite verhouding gestaan tot enige ander

---

4) Gillis, L.S., Lewis, J.B., Slabbert, M.: <u>Psychiatric Disturbance and Alcoholism in the Coloured People of the Cape Pininsula.</u> Groote Schuur Hospital and University of Cape Town, 1965, p. 75.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oortredings in die land, en was in 1949 so hoog as 24.4%[5]. Om die omvang van drankwetoortredings by die verskillende etniese groepe vollediger te omlyn, word in die volgende paragrawe ontledings gemaak van inligting saamgestel uit die jaarverslae van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie.
Uit die volgende tabelle kan gesien word tot watter mate elke bevolkingsgroep hom skuldig gemaak het aan oortredings van die drankwet. Die persentasies per totale bevolkingsgroep word gegee, sodat die situasie in perspektief gesien kan word. Die gemiddelde aantal veroordelings vir elke groep vir elke tydperk, word in hakies aangedui. (Sien Byvoegsel 2 vir besonderhede i.v.m. veroordelings per jaar vir elke bevolkingsgroep).

TABEL 1

DRANKWETVEROORDELINGS: 1951-64

	BLANK	BANTOE	ASIAAT	KLEURLING	
1951 - 1955	0.5 (15,040)	2.5 (217,776)	0.6 (2,329)	3.7 (45,754)	% gem.
1956 - 1960	0.5 (14,740)	2.2 (214,131)	0.5 (1,707)	4.1 (56,151)	% gem.
1961 - 1964	0.2 (6,369)	0.6 (67,040)	0.2 (945)	1.9 (29,548)	% gem.

(Syfers verwerk volgens totale aantal persone per bevolkingsgroep vir elke jaar; sien Byvoegsel 3.)

Die persentasie per totale bevolkingsgroep wat vir drankwetoortredings veroordeel is, daal skerp na 1961, vir elke etniese groep. Die verklaring hiervoor hou

5) Wessels, Op. cit., bl. 136.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verband met die veranderde drankwet na 1961, en sal later bespreek word.

Bantoes en Kleurlinge verteenwoordig die grootste persentasie per totale bevolkingsgroep wat vir drankwetoortredings veroordeel is. Ook wat vroulike oortreders betref, is dit veral die Bantoe- en ook die Kleurlingvrou, wat meestal veroordeel is weens drankwetoortredings. (In Byvoegsel 2 word aangedui watter persentasie, vroue van die totale aantal veroordeeldes uitmaak).

In die volgende tabel word die spesifieke tipe drankwetveroordelings uiteengesit. Hieruit blyk dit dat die Blankes en Kleurlinge die meeste veroordelings vir dronkenskap gehad het. Vir die Asiaat is dronkenskapveroordelings ook hoog, maar vir die Bantoe noemenswaardig laag. Bantoes is meestal veroordeel vir die onwettige besit van Bantoedrank. Hoewel die onwettige besit van Bantoedrank en ander drank onder Bantoes so hoog is, meen sekere persone wat belas is met die hantering van drankwetoortredings, dat baie Bantoe nie noodwendig uit voorkeur sterk drank van smokkelaars gekoop het nie, maar omdat dit vir hulle verbode was. Hoewel vir hulle verbode, is dit duidelik dat hulle deur smokkelhandel net soveel kon kry as hulle wou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 2

PERSENTASIES VAN SPESIFIEKE TIPE DRANKWETVEROORDELING VIR ELKE BEVOLKINGSGROEP (1951 TOT 1962)[6]

	1951-1955				1956-1960				1961-1962			
*	BL.	B.	A.	KL.	BL.	B.	A.	KL.	BL.	B.	A.	KL.
Drank verkoop of verskaf deur Blankes aan nie-Blankes	5.4	-	-	-	4.9	-	-	-	3.9	-	-	-
Dronkenskap	81.6	15.1	67.0	74.6	77.5	16.1	63.4	78.4	79.7	25.4	53.2	84.0
Onwettige besit van Bantoedrank	0.2	72.6	8.2	12.0	1.2	66.8	17.5	11.7	2.3	56.5	30.2	8.4
Onwettige verkoop van suurdeeg	0.5	0.4	1.1	1.0	0.1	0.01	0.4	0.5	0.5	0.3	0.6	-
Onwettige besit van ander drank	-	7.0	14.2	2.7	0.5	9.8	11.1	2.0	0.9	12.9	7.2	1.7
Drank verkoop of verskaf deur nie-Blankes aan nie-Blankes	-	0.8	2.5	0.4	-	0.1	0.8	1.7	-	0.1	0.3	0.9
Verkoop sonder lisensie	2.8	0.2	1.6	2.8	3.7	0.06	0.6	1.2	3.2	0.5	0.6	0.4
Onwettige bierpartye	0.2	2.6	0.2	0.5	0.04	2.5	0.1	0.3	0.01	1.2	-	0.5
Ander: (Bv. oortredings i.v.m. lisensievoorwaardes, en 11 ander)	9.3	1.3	5.2	6.0	12.06	4.63	6.1	4.2	9.49	3.1	7.9	4.1
	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

* BL. = Blankes; B. = Bantoes; A. = Asiate; KL. = Kleurlinge.

6) Saamgestel uit syfers soos verkry van die Jaarverslae van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, tussen 1951 en 1962.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Een van die Transkeileiers het bv. teenoor 'n lid van die Malan-Kommissie (wat later bespreek word) die volgende opgemerk:

> "Sir, the only effect your liquor law has, is that I have to pay for brandy twice the price that you have to pay for it, and I am a poor man. I can get just as much of it, however, as you can, although illegally, you would say, but from your own people".[7)]

In verband met dronkenskap by die Kleurling, kan die volgende opmerkings gemaak word. Dit is bekend dat baie Kleurlinge nie 'n goeie basiese diëet volg nie, en dit mag een rede wees waarom hulle op ligte wyn gou sal dronk word. Blignaut sê die volgende i.v.m. diëet en alkohol:

> "Die gevaar daarvan om alkohol op 'n leë maag te drink, en alkohol herhaaldelik so te verbruik, lei klaarblyklik tot verwaarlosing van die liggaam en uiteindelik tot deur drank veroorsaakte ondervoeding wat gepaard met ander oorwegings, dwangmagtige drankgebruik kan bevorder, en as sodanige drankverslawende gevolge kan hê." [8)]

Venter vind ook in sy studie oor die drinkpatroon van die Kleurling dat eetgewoontes van geheelonthouers meer gereeld is as die van gebruikers van drank.[9)] Die maatskaplike en ekonomiese posisie van die Kleurling hou definitief ook verband met die mate van

---

7) Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Algemene Distribusie en Verkooppryse van Sterk Drank, U.G. 55/1960, Pretoria p.5.
8) Blignaut, F.W.; "Die Verslawende Aspekte van Alkohol." Referaat gelewer; Instituut vir Wetenskaplike Studies, Johannesburg, Eerste sitting, 1960.
9) Op. cit., p. 27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beperkte skaal drank kon koop, het sy Bantoebier tuis gebrou of in sy woon area gekoop, en ook meestal tuis gedrink.

Op hierdie stadium sou dit dus wys wees om voordat uitsprake gemaak word oor die voor- en nadeel van prohibisie, of beskikbaarstelling van drank, te konsentreer op probleme wat wel bestaan en hanteer kan word binne die raamwerk van die drankwetgewing. Die omvang van die probleem sal miskien beter in perspektief gesien kan word as die spesifieke drinkpatroon van elke bevolkingsgroep tydens die ou wetgewing ontleed en vergelyk kon word, en daar vasgestel kon word hoeveel van ons bevolking werklik probleemdrinkers is. In die lig van sodanige gegewens, sal dit makliker wees om te oorweeg hoe belangrik die drankwet en die verandering met gepaardgaande voor- en nadele werklik is.

ooooOoooo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III

DIE SPESIFIEKE DRINKPATROON VAN ELKE BEVOLKINGSGROEP IN SUID-AFRIKA, ONDER DRANKWET NO. 30, VAN 1928.

In hierdie hoofstuk word die drinkpatroon van elke bevolkingsgroep eers afsonderlik bespreek, en daarna 'n samevatting en interpretasie gegee vir die Republiek as geheel. Daar word hoofsaaklik gesteun op die studies i.v.m. die drinkpatroon van die Blankes, Bantoes en Kleurlinge wat deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing onderneem is.

A. Die drinkpatroon van die Bantoe.

J.D. Miles[1)] het 'n opname gemaak van die drinkpatroon van die Bantoe in Suid-Afrika, tydens die drankwetgewing wat in werking was net voor 1961. Die bevindings van hierdie navorsingstudie bevestig sekere opmerkings wat reeds gemaak is, naamlik dat die Bantoe reeds ander alkoholiese drank as Bantoebier gedrink het voordat hy wetlik daarop geregtig was. Uit die Bantoegebiede en Platteland is 500 persone vir hierdie studie gekies, en uit die stedelike gebiede 1,000. In totaal is 1,500 Bantoes van 15 jaar en ouer dus by die studie ingesluit, en ondervra i.v.m. hulle drinkgewoontes. Daar is gevind dat omtrent 66% van die totale aantal Bantoes gebruikers van drank was. Van hulle het 80% nog meestal Bantoebier gedrink, maar reeds 24% van die stedelik Bantoe het sterker drank, die sogenaamde "Blanke drank" gebruik. Verder is gevind dat hoewel die meeste gesê het dat hulle Bantoebier drink, meer as die helfte Bantoebier plus Blanke drank verkies het. (As ons egter

1) Miles, J.D.: Die Drinkpatroon van die Bantoes in Suid-Afrika. Navorsingsreeks no. 18. Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing Pretoria, 1964.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na drankverkope kyk nadat die Bantoe sterk drank kon bekom, blyk dit dat Bantoebier nog die voorkeur drank gebly het.)

In Tabel 3 word die dranksoorte wat meestal gebruik is voor 1961, uiteengesit.

TABEL 3

DRANKSOORTE MEESTAL GEBRUIK NET VOOR DIE DRANKWET VERANDER IS.[2)]

SOORT DRANK	STEDELIKE BANTOE		LANDELIKE BANTOE	
	(Persentasies)			
Bantoebier	73.3		87.7	
Brousels	2.3		2.5	
Wyn	6.5	24.4	2.2	9.8
Sterk drank	15.0		7.3	
Bier	2.9		0.3	
	100.0		100.0	

Soos ook by die ander bevolkingsgroepe gevind is, was daar minder Bantoevrouens as mans wat gedrink het. Die Die gemiddelde persentasie Bantoevrouens (landelik en stedelik) wat gedrink het was 44.4%, en die wat geheelonthouers was, 55.6%. By die Bantoemans was die gemiddelde persentasie (landelik en stedelik) geheelonthouers slegs 17.5%.

Die Bantoe het Bantoebier veral om fisiologies-georiënteerde redes gedrink. (Dit smaak lekker, dien as voedsel, ens.) Miles sê die volgende in hierdie verband:

2) Ibid, p. 84.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"By die Suid-Afrikaanse Bantoe vul die gebruik van sekere gegiste dranksoorte o.a. 'n leemte in die volksdiëet aan".[3)]

Die volgende belangrikste rede vir die gebruik van Bantoebier, was seremoniële redes. In verband met die rol van Bantoebier in die tradisionele Bantoe-samelewing sê E.J. Krige ook die volgende:

"On almost every occasion or ceremony of importance there is beer offered at some stage or other - beer passing from one group to another, beer given in honour of someone, beer as a thanks offering ..... beer is not merely an intoxicating drink to be imbibed on festive occasions, but has great value, economic, social and religious". [4)]

Die Bantoes wat wel Blanke drank gebruik het, het dit meestal vir die alkoholiese sterkte gedrink, asook vir gesondheid en smaak. Die grootste persentasie Bantoes verkies om tuis te drink (landelik sowel as stedelik 59.0 en 44.9% onderskeidelik) ook drink hul meestal oor naweke.

Die grootste persentasie drankgebruikers is gevind in die ouderdomsgroep tussen 41 en 50 jaar, en die stedelike Bantoe het 'n swaarder drinkpatroon getoon as die Bantoe op die Platteland. Miles is van mening dat die verskil in drinkpatroon wat hier gevind is, verband hou met die faktor van verlies van kontak met die Bantoetuislande, wat die stedelike Bantoe betref. Verder het die Blankegebied-georiënteerde Bantoe 'n

3) Ibid., p. 1.
4) Krige, E.J.: "The Social System of the Zulus", Bantu Studies vol. VI, no. 5, Dec. 1932, p. 343.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groter persentasie drankgebruikers ingesluit as die Bantoegebied-georiënteerde Bantoe.

Dit was verder ook die Bantoe met die hoë opvoedkundige peil en inkomste en van professionele beroep wat meer geneig het na 'n swaarder drinkpatroon. In Miles se studie is geen inligting verwerk i.v.m. die aantal of persentasie verslaafde alkoholiste onder die Bantoe nie. Sodanige gegewens sou waardevol gewees het om met syfers van die ander etniese groepe te vergelyk. Die enigste basis van vergelyking wat wel bestaan, is die graad van drankgebruik onder die Bantoe. Hierdie graad van drankgebruik bepaal Miles deur die hoeveelheid drank wat 'n persoon in 'n bepaalde tyd verbruik het vas te stel. (Tabel 4.) Ook word die drinkfrekwensie - die aantal kere per week waarop 'n persoon drank gebruik het, ontleed, en dan wat die maandelikse uitgawe van die persoon aan drank wat hyself gebruik het, was. (Tabel 5.) Laastens word ook die uitgawe aan drank met inkomstegroepe vergelyk.

TABEL 4[5)]

AANTAL EENHEDE IN SEWE DAE GENUTTIG.

EENHEDE +	STEDELIK	LANDELIK
1 - 12	44.0	53.2
13 - 24	22.1	19.6
25	18.7	8.6
Geen	15.2	18.6
	100.0	100.0

5) Op. cit., pp. 100-101.
+ Eenhede: 1 sopie spiritualiëe, of 1 klein bottel witmansbier, of 1 glas wyn, of 1 tweepint eenheid Bantoebier, of 1 halfpint eenheid brousel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 5[6)]

MAANDELIKSE UITGAWE VAN DIE BANTOE AAN DRANK WAT HYSELF GEBRUIK HET.

UITGAWE	STEDELIK	LANDELIK
Minder as R1.00	41.2	68.3
R1.00 - R4.99	42.4	29.2
R5.00 en meer	16.4	2.5
	100.0	100.0

Uit Tabel 4 blyk dit dat 'n groter persentasie van die stedelike Bantoe meer as 13, en veral meer as 25 eenhede drank gebruik het in sewe dae se tyd. Ook Tabel 5 toon aan dat relatief meer stedelike as landelike Bantoes meer as R5.00 per maand aan drank spandeer. Wat betref die aantal kere per week waarop drank gebruik word, het Miles gevind dat ongeveer 17% van die stedelike Bantoe daagliks drink, teenoor 11% van die landelike Bantoe.

Wat die uitgawe aan drank by verskillende inkomstegroepe betref, vind Miles dat namate die inkomste hoër is, die persentasie persone wat 'n groter uitgawe as R3.00 per maand aan drank bestee, toeneem. Die groep Bantoe met die kleinste inkomste het 'n ligter drankuitgawepatroon as die totale groep, en die hoogste inkomstegroep het 'n swaarder drankuitgawepatroon as die totale groep. Van die stedelike Bantoe in die hoogste inkomstegroep (R31 en meer per maand) gee 30.8% meer as R5 per maand aan drank uit. Die ooreenstemmende persentasie vir die landelike Bantoe in hierdie inkomstegroep, is 20%.

6) Op. cit., p. 135, Tabel 9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die moontlikheid dat alkoholisme 'n groter omvang by die stedelike Bantoe het, word tentatief gesuggereer deur hierdie syfers. Om die omvang daarvan in werklikheid vas te stel, sal nuwe onafhanklike navorsing i.v.m. werklike verslaafdheid onder die Bantoe onderneem moet word.

B. Die drinkpatroon van die Kleurling.

Op hierdie stadium is beskikbaar slegs die navorsingstudie van die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing wat onderneem is oor die drinkpatroon van die Kleurling in die Kaapprovinsie en Natal. Die soortgelyke verslag vir die Transvaal en die Vrystaat is nognie gepubliseer nie.

'n Ander studie wat deur Gillies et al[7] onderneem is in 1963, handel intensief oor alkoholisme onder Kleurlinge, en sal ook kortliks hier genoem word, hoewel dit tuis hoort onder die afdeling na die nuwe drankwetgewing ingestel is. Aangesien die nuwe wetgewing vir Kleurlinge slegs 'n uitbreiding van voorregte beteken met betrekking tot verkryging van drank, sal hierdie gegewens heelwaarskynlik nie veel verskil van hulle drinkpatroon tydens die ou wetgewing nie.

J.D. Venter[8] het 'n steekproef van 1,000 Kleurlinge, 18 jaar en ouer, uit die Kaapprovinsie en Natal gekies vir hierdie studie, en het die Buro vir Marknavorsing se ekonomiese indeling as basis gebruik. Hoewel hierdie navorsingsprojek eers in 1965 gepubliseer is, is dit voor 1961 onderneem, m.a.w. tydens die ou drankwetgewing.

---

7) Op. cit.
8) Op. cit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Venter het gevind dat 61.2% van die Kleurlinge gebruikers van drank was, en 38.8% geheelonthouers. Meer mans as vrouens het drank gebruik, nl. 78.6% en 43.8% onderskeidelik. Meer vrouens as mans was dus geheelonthouers, naamlik 56.2% en 21.4% onderskeidelik. 'n Interessante bevinding in die verband blyk uit Gillis[9] se studie, naamlik dat Kleurlingvrouens sê hulle is geheelonthouers omdat hulle die solidariteit van die gesin probeer handhaaf, aangesien baie van hulle mans huishoudelike pligte verwaarloos, insluitende die opvoeding van die kinders.

Die Kleurling is meestal 'n wyndrinker. Van die totale aantal gebruikers het 81.7% wyn gedrink. Hoewel Venter nie spesifiseer watter tipe wyn nie, is dit uit Gillis[10] se studie bekend dat dit meestal ongefortifiseerde goedkoop wyn is. Daar was verder 8.7% van die Kleurlinge wat spiritualiëe gedrink het, en 4.7% wat bier verkies en gedrink het. Die ander 4.7% het Bantoebier gedrink.

Wat verskillend hier is as by die Bantoe, is dat dit die landelike Kleurling was wat 'n swaarder drinkpatroon getoon het (hoewel in totaal meer drankgebruikers in stede). Dit is waarskynlik a.g.v. die toepassing van die "dopstelsel" op plase. Die stedelike Kleurling het egter meer sterk drank of spiritualiëe gedrink. Die persentasie persone wat drank gebruik het, styg by elke ouderdomsgroep tot by 41 - 50 jaar. Daarna kom 'n geleidelike daling voor. Verder was die jonger Kleurling se drinkpatroon swaarder as die van die ouer Kleurling. Wat ook interessant is, is dat die jonger

---

9) Op. cit., p. 63.
10) Ibid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kleurling is wat tot 'n groter mate van openbare drinkplekke gebruik maak wanneer hy drink, terwyl die ouer Kleurling verkies om meestal tuis te drink.

Venter het verder 'n styging in persentasie drankgebruikers gevind namate die opvoedingspeil hoër was, maar terselfdertyd 'n ligter drinkpatroon by hierdie mense. Hierdie verskynsel is ook in Gillis[11] se studie gevind. In lg. studie oor alkoholisme, is aangetoon dat daar meer verslaafdheid in die laer maatskaplike klasse aangetref word. Van die totale Kleurlingbevolking is bv. gevind dat 4% verslaaf is aan drank; dat van alle Kleurlingmans wat drink 22% kwaai drinkers is, en 7% alkoholiste.

Wat betref geheelonthouers se motivering vir onthouding het meer as die helfte in Venter se studie gesê dat hulle om morele en godsdienstige redes nie drink nie (Dit sou interessant gewees het om te sien watter kerke hier betrokke was). Soos verwag kan word, was dit meer die Kleurlingvroue wat hierdie redes aangee, (61.6% teenoor 48.0% by mans). Mans voer meer gesondheidsredes as motief vir onthouding aan. (35.5% teenoor 27.0% by vroue).

Kerkverband het blykbaar nie 'n betekenisvolle verband met drankgebruik of onthouding by Kleurlinge nie, behalwe dat hoë persentasies drankgebruikers by klein groepies kerkloses voorkom. (Daar was egter slegs 12 persone wat aan geen kerk behoort het nie). By alle kerke is die persentasie gebruikers ongeveer 60% en die persentasie geheelonthouers ongeveer 40%.

---

11) Ibid., p. 68

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C. Die drinkpatroon van die Blanke.

Die hele Republiek was in hierdie studie verteenwoordig, en 1,500 persone van 18 jaar en ouer gekies volgens 'n bundel of trossteekproef[12]. Hierdie navorsing is gedoen voordat die nuwe drankwetgewing van 1961 ingestel is. Aangesien die Blanke nie geraak word deur die nuwe wetgewing nie, kan aangeneem word dat hierdie drinkpatroon van voor 1961, tot 'n groot mate nog sal geld na 1961.

Van alle Blankes was 25.1% geheelonthouers, en 74.9% gebruikers van alkoholiese drank. Die persentasie vir Blanke vrouens was 31.8% en 68.2% onderskeidelik, en vir mans, 18.6% en 81.4% onderskeidelik. Soos by beide die ander bevolkingsgroepe, was ook hier 'n gro groter persentasie geheelonthouers onder vrouens as mans.

Venter het geheelonthouers ook volgens provinsie ontleed, en gevind dat die Vrystaat die kleinste persentasie geheelonthouers en die Kaapprovinsie die grootste persentasie gebruikers ingesluit het. (Tabel 6).

TABEL 6[13]

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VOLGENS PROVINSIE.

	TRANSVAAL	O.V.S.	NATAL	KAAPPROVINSIE
Geheelonthouers	23.9	13.3	23.3	29.8
Gebruikers	76.1	86.7	76.7	70.2
	100.0	100.0	100.0	100.0

12) Venter, J.D.: Die Drinkpatroon van die Blankes in Suid-Afrika, Navorsingsreeks no. 17, Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Pretoria, bl. 3.

13) Ibid., p. 41, Tabel 3.13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar is geen noemenswaardige verskil gevind in die persentasie gebruikers en geheelonthouers in verskillende ouderdomsgroepe nie.

As drankgebruikers in totaal geneem word, blyk dit dat Venter 1.1% alkoholiste gevind het; 10% misbruikers van drank, en 88.8% gebruikers van drank. (Hierdie begrippe is in die inleidende gedeelte van hierdie tesis gedefiniëer). Indien die persentasie alkoholiste vir die totale aantal Blankes in sy studie bereken word, (insluitende geheelonthouers) vind ons dat 0.86% van die Blankes verslaaf is aan drank. Hoewel in die verslag nie spesifiek gemeld word hoeveel vrouens teenoor mans gevind is alkoholiste te wees nie, word die verhouding drankmisbruikers m.b.t. geslag wel genoem. Van die mans was 17.5% misbruikers, en van die vrouens wat drank gebruik was slegs 3.6% misbruikers.

Van die Blankes het 33.5% verkies om spiritualiëe te drink, en 'n gelyke persentasie bier. Die ander 33.0% het wyn gedrink. As motief vir drankgebruik is sosiale redes meestal aangegee (57.9%). Ander redes wat genoem is, is psigologiese en fisiologiese oorwegings. Venter beklemtoon hier die feit dat sommige persone soms nie seker is waarom hulle drink nie, en miskien sal probeer om 'n moreel aanvaarbare regverdiging te gee. Tog is sommige van hierdie antwoorde, myns insiens eerlik, aangesien daar op ander vlakke interessante kruis-korrelasies ontstaan wat aan hierdie motiewe steunkrag gee soos kan gesien word as die rede vir drank gebruik bv. vergelyk word met uitgawe aan drank.

---

13) Ibid., p. 41, Tabel 3.13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Tabel 7 word die vernaamste rede vir drankgebruik onder Blankes uiteengesit volgens provinsie.

TABEL 7[14)]

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS PROVINSIE

GEBIED	FISIOLOGIESE REDES	PSIGOLOGIESE REDES	SOSIALE REDES	ANDER REDES	TOTAAL
Kaapprovinsie	16.9	20.6	58.0	4.5	100.0%
Natal	22.5	23.9	50.7	2.9	100.0%
O.V.S.	11.5	30.8	51.9	5.8	100.0%
Transvaal	14.3	21.3	61.0	3.4	100.0%

Sosiale rede as motief vir drankgebruik is die grootste persentasie wat by elke provinsie voorkom. Psigologiese redes is hoër by die O.V.S. as enige ander provinsie. Psigologiese rede as motief vir drankgebruik (om van spanning ontslae te raak, ens.) hou verband met die hoeveelheid geld wat op drank uitgegee word, en ook met die graad van drankmisbruik. Van persone wat psigologiese redes aanvoer, het 11% bv. meer as R10 per maand aan drank bestee, en slegs 34% minder as R1 per maand. Van persone wat sosiale redes aangee, het 80.1% minder as R1 per maand op drank uitgegee. Sosiale drinkers is dus geneig om maandeliks drank ter waarde van 'n kleiner bedrag te verbruik, as wat die geval is by bv. persone wat om psigologiese redes drink.

Tabel 8 toon verder aan dat persone wat om psigologiese redes drink, meer misbruikers van drank insluit as wat

14) Verwerk uit Tabel 4.9, Ibid., p. 56.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die geval is by persone wat ander redes aanvoer.

TABEL 8[15)]

KLASSIFIKASIE VAN MISBRUIKERS EN GEBRUIKERS VOLGENS MOTIEF VIR DRANKGEBRUIK (PERSENTASIES)

REDE VIR DRANKGEBRUIK	GEBRUIKERS	MISBRUIKERS
Fisiologiese-	15.6	18.3
Psigologiese-	18.9	49.2
Sosiale-	62.3	23.0
Ander-	3.2	9.5
	100.0	100.0

Venter het meer drankmisbruikers gevind onder persone met 'n lae opvoedkundige peil, maar terselfdertyd minder geheelonthouers onder persone met hoë inkomstes. Dit wil egter voorkom asof Blankes met hoë sosio-ekonomiese status met meer verantwoordelikheid en matigheid drank kan gebruik. Die drinkpatroon van stedelike- en landelike Blankes het nie veel verskil nie, behalwe dat die stedeling se drankgebruik tot 'n groter mate met etes geassosieer word. G. Lolli, 'n oorsese navorser, noem interessante feite in hierdie verband. Hy sê die volgende:

> "It has already been shown that individuals who drink only with meals are best protected against possible outward reactions resulting from the use of excessive amounts of alcohol. Many physiological reasons underlie this protection. When the stomach is filled with solid food, the absorption of ethyl alcohol into the blood-stream is delayed; accordingly, blood alcohol concentrations are lower than those observed

15) Ibid., p. 59, Tabel 4.12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

when the same amount of alcohol are taken on an empty stomach. Furthermore, the ingestion of a meal - especially if it includes considerable amounts of slowly absorbable carbohydrates, as in the diet of Italians - prevents low or fluctuating blood sugar levels and thereby protects the central nervous system against some of the toxic effects of alcohol." [16)]

Dit is interessant om weer hier te verwys na die Kleurling, wat a.g.v. 'n swak diëet, meer blootgestel is aan gevare van alkohol-inname sonder voedsel, soos hierbo beskryf.

Wat betref die plek waar Blankes hulle drank nuttig, blyk dit dat hulle graag met vriende of familie by 'n woning of op 'n partytjie drink (39.9% van drankgebruikers). Hulle drink ook graag saam met huisgenote (24.0%). Meer vrouens as mans drink graag op partytjies of by familie (43.4% en 37.1% onderskeidelik.)

Wat Kerverband betref, het die volgende feite aan die lig gekom: Die Apostoliese Geloofsending en Volle Evangelie Kerk het die hoogste persentasie geheelonthouers ingesluit, nl. 63.0%. Die Israelitiese Kerk het die grootste persentasie gebruikers ingesluit. Onder persone wat aan geen kerk behoort het nie, was daar die grootste verskil tussen gebruikers en onthouers, nl. 83.8% gebruikers. Daar was egter slegs 31 persone (uit 'n totaal van meer as 1,000) in hierdie groep. Sien Tabel 9 vir besonderhede.

---

16) Lolli, G.: Alcohol in Italian Culture. Publications Division, Yale Centre of Alcohol Studies, New Haven, Connecticut, 1958, pp. 71 - 72.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

when the same amount of alcohol are taken on an empty stomach. Furthermore, the ingestion of a meal - especially if it includes considerable amounts of slowly absorbable carbohydrates, as in the diet of Italians - prevents low or fluctuating blood sugar levels and thereby protects the central nervous system against some of the toxic effects of alcohol." [16)]

Dit is interessant om weer hier te verwys na die Kleurling, wat a.g.v. 'n swak diëet, meer blootgestel is aan gevare van alkohol-inname sonder voedsel, soos hierbo beskryf.

Wat betref die plek waar Blankes hulle drank nuttig, blyk dit dat hulle graag met vriende of familie by 'n woning of op 'n partytjie drink (39.9% van drankgebruikers). Hulle drink ook graag saam met huisgenote (24.0%). Meer vrouens as mans drink graag op partytjies of by familie (43.4% en 37.1% onderskeidelik.)

Wat Kerverband betref, het die volgende feite aan die lig gekom: Die Apostoliese Geloofsending en Volle Evangelie Kerk het die hoogste persentasie geheelonthouers ingesluit, nl. 63.0%. Die Israelitiese Kerk het die grootste persentasie gebruikers ingesluit. Onder persone wat aan geen kerk behoort het nie, was daar die grootste verskil tussen gebruikers en onthouers, nl. 83.8% gebruikers. Daar was egter slegs 31 persone (uit 'n totaal van meer as 1,000) in hierdie groep. Sien Tabel 9 vir besonderhede.

---

16) Lolli, G.: Alcohol in Italian Culture. Publications Division, Yale Centre of Alcohol Studies, New Haven, Connecticut, 1958, pp. 71 - 72.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 9[17)]

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VOLGENS KERKVERBAND (%)

AFRIKAANSE KERKE	ENGELSE KERKE	ROOMS-KATOLIEKE	APOSTOLIESE GELOOFSENDING	ISRAELITIESE	ANDER	GEEN
(GEHEELONTHOUERS)						
24.8	18.9	21.2	63.0	14.3	42.3	16.2
(GEBRUIKERS)						
75.2	81.1	78.8	37.0	85.7	57.7	83.8
100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

(Die Afrikaanse Kerke sluit in die Nederduitse Gereformeerde-, Gereformeerde- en Hervormde Kerk. Die Engelse Kerke sluit in die Presbiteriaanse-, Anglikaanse- en Metodiste Kerk.)

Die grootste persentasie drankmisbruikers kom voor by persone wat aan geen kerk behoort nie, maar soos reeds gesê, is hierdie groepie baie klein in vergelyking met die totaal, en dus nie baie beduidend nie.
By die Katolieke Kerk is drankmisbruik ook hoog, en is daar 17.9% drankmisbruikers gevind. Die Apostoliese Geloofsending en die Israelitiese Kerk het die laagste persentasie drankmisbruikers. Sien Tabel 10.

TABEL 10[18)]

MISBRUIKERS EN GEBRUIKERS VOLGENS KERKVERBAND

KERKE	MISBRUIKERS	GEBRUIKERS	(%)
Afrikaanse Kerke	10.3	89.7	100.0
Engelse Kerke	10.6	89.4	100.0
Rooms-Katolieke	17.9	82.1	100.0
Apostoliese Geloofsending	5.9	94.1	100.0
Israelitiese Kerke	4.2	95.8	100.0
Ander	13.3	86.7	100.0
Geen	29.0	71.0	100.0

17) Op. cit., Venter, p. 37.
18) Ibid., p. 204

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

D. Die Drinkpatroon van die Asiaat.

Daar kon geen inligting ingewin word i.v.m. die drinkpatroon van die Asiaat in Suid-Afrika nie. Navrae en korrespondensie is tot verskeie instansies gerig in hierdie verband, maar ook van die Departement van Indiërsake is per brief verneem dat daar nie oor sodanige inligting beskik word nie. Hier bestaan dus 'n vrugbare geleentheid vir oorspronklike navorsing. Heelwat navorsingstegniese probleme sal ook makliker die hoof gebied kon word aangesien die Indiërbevolking minder versprei is as ander bevolkingsgroepe en daar ook nog 'n mate van kulturele homogeniteit by hulle as groep bestaan. Uit die werke van Kuper[19] en Brand[20] blyk dit egter dat daar by hierdie bevolkingsgroep 'n mate van akkulturasie begin plaasvind het, en dit is dus nie onwaarskynlik dat in hierdie stremmingstydperk ook invloede kan inwerk op die lewensgewoontes van die Indiër, wat gemanifesteer kan word in sy drinkpatroon nie. Uit die enigste statistieke wat wel bestaan, naamlik die van die Suid-Afrikaanse Polisie, blyk dit reeds dat dronkenskapveroordelings onder Asiate hoog is, naamlik ongeveer 60% van die totale aantal drankwetveroordelings vir hierdie bevolkingsgroep.

---

19) Kuper, H.: Indian People in Natal, Natal University Press 1960.

20) Brand, C.M.: Solidarity Patterns in a Minority Group: A study of the Indian Community of the Cape Peninsula, ongepubliseerde M.A. tesis, Stellenbosch, 1966.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

E. Samevatting en bespreking van die drinkpatrone van die verskillende bevolkingsgroepe in die Republiek, voor 1961.

Op grond van die bespreking van voorafgaande verslae, kan die drinkpatrone van die verskillende etniese groepe in die Republiek, oor wie daar wel inligting beskikbaar is, as volg saamgevat word:

1. Ten opsigte van gebruikers/geheelonthouers.

Die verhouding tussen geheelonthouers en gebruikers in elke bevolkingsgroep voor 1961, stem in die algemeen ooreen. Tog is daar onder Kleurlinge die hoogste persentasie geheelonthouers, en onder Blankes, die hoogste persentasie gebruikers van drank. In al drie bevolkingsgroepe is meer geheelonthouers onder vrouens as mans gevind. (Tabel 11).

TABEL 11

PERSENTASIE GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VOLGENS ETNIESE GROEP

	GEHEELONTHOUERS			GEBRUIKERS		
	MANLIK	VROULIK	TOTAAL	MANLIK	VROULIK	TOTAAL
Bantoes	17.5	55.6	34.0	82.5	44.4	66.0
Kleurlinge	21.4	56.2	38.8	78.6	43.8	61.2
Blankes	18.6	31.8	25.6	81.4	68.8	74.9

Daar is gevind dat die Blanke vrou tot 'n groter mate as ander vrouens drank gebruik. Die gemiddelde persentasie vir all bevolkingsgroepe wat gebruikers van drank was, is 67.3%. Die persentasie geheelonthouers is 32.7%.

2. Ten opsigte van verslaafdheid aan drank.

Voor 1961 is statistieke i.v.m. verslaafdheid aan drank slegs vir die Blanke, en vir die bevolking as geheel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bereken. Dit is jammer dat die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing nie ook in hul verslae oor die Kleurlinge en Bantoe, soortgelyke berekenings gemaak het nie. Syfers wat wel vir Kleurlinge bereken is, is in 1963 deur Gillis et al[21)] gedoen, maar sal nogtans hier genoem word by gebrek aan ander vroëere vergelykende syfers.

Venter het gevind dat 1.1% van alle Blankes wat drankgebruikers, alkoholiste is, en dit werk uit op 0.86% vir die totale aantal Blankes in sy studie oor 18 jaar. Die syfer vir Kleurlinge, soos in 1963 bepaal, is 4% verslaafdheid onder Kleurlinge ouer as 20 jaar.

Wat die Bantoe betref is geen syfers beskikbaar nie, behalwe die inligting i.v.m. graad van drankgebruik, en drankfrekwensie, soos deur Miles bepaal. Hieruit het geblyk dat ongeveer 16% van die Bantoe wat drink in 'n tydperk van sewe dae meer as 25 eenhede drank genuttig het; dat omtrent 9% meer as R5.00 per maand aan drank bestee het dat 25% van die uit die hoogste inkomstegroepe, meer as R5 per maand op drank bestee het, By alle kategoriëe hierbo genoem, het die stedelike Bantoe die swaarste drinkpatroon getoon. Soos reeds gesê, word die moontlikheid gesuggereer dat alkoholisme onder die stedelike Bantoe dus heelwaarskynlik hoog sal wees, of hoër as by die landelike Bantoe. Baie meer navorsing is egter nodig i.v.m. spesifiek alkoholisme onder Bantoes, voordat verdere afleidings gemaak kan word.

Vir die bevolking as geheel, het L. Freed[22)] 'n be-

---

21) Op. cit.

22) Freed, L.F.: "The Social Aspects of the Abuse of Alcohol". Referaat gelewer, Konferensie oor Alkoholisme, Tweede Sitting, Instituut vir Wetenskaplike Studies, Johannesburg, 1962.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rekening van 2.1% verslaafdheid aangegee, d.w.s. ongeveer 315,000 alkoholiste uit 'n totale bevolking van 14,928,000 in 1960.

3. Ten opsigte van drankvoorkeur.

Wat drankvoorkeur betref, het Blankes meestal bier en spiritualiëe gedrink; en Kleurlinge meestal wyn. Die Kleurling van die Transvaal en Vrystaat is egter nie hier bygereken nie, en mag ander dranksoorte verkies. Meer as 80% van die Bantoe het nog Bantoebier gedrink, maar reeds op hierdie stadium het 24% van die stedelike Bantoe reeds Blankedrank gedrink.

TABEL 12

SOORT DRANK MEESTAL DEUR VERSKILLENDE BEVOLKINGS-GROEPE GEBRUIK NET VOOR 1961

(PERSENTASIES)

BEVOLKINGS-GROEP	WYN	SPIRITUALIËE	BIER	BANTOE-BIER	BROU-SELS	
Bantoes	4.3	11.2	1.6	80.5	2.4	100.0
Kleurlinge	81.7	8.7	4.7	4.9	-	100.0
Blankes	33.0	33.5	33.5	-	-	100.0

4. Ten opsigte van motiverings vir drankgebruik.

Die Bantoe was van mening dat hy Bantoebier veral om fisiologies-georiënteerde redes gedrink het. Die tweede belangrikste rede was seremoniële redes. Die wat Blankedrank gebruik het dit vir die alkoholiese sterkte daarvan verkies. Ten opsigte van die Kleurling is slegs vasgestel wat sy motief vir geheelonthouding is, en hier het vroue meestal morele en godsdienstige redes genoem, en mans swak gesondheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. Ten opsigte van plek van drankgebruik.

Meeste Bantoes drink oor naweke, en verkies om tuis te drink. By die Kleurling was dit meestal die jonger Kleurling wat van openbare drinkplekke gebruik gemaak het, terwyl die ouer Kleurling ook verkies het om tuis te drink. Die Blanke drink graag saam met familie of vriende op 'n partytjie.

6. Ten opsigte van ouderdom en drankgebruik.

Die grootste persentasie drankgebruikers onder die Bantoe is gevind in die ouderdomsgroep tussen 41 en 50 jaar. By die Kleurling is gevind dat die persentasie persone wat drank gebruik styg by elke ouderdomsgroep tot by 41 - 50 jaar, en daarna daal. Daar was dus meer jonger Kleurlinge as jonger Bantoes wat gedrink het. By die Blankes is geen noemenswaardige verskil gevind in die persentasie gebruiker (of geheelonthouers) in verskillende ouderdomsgroepe nie.

7. Landelike/stedelike verdeling.

Die stedelike Bantoe het 'n swaarder drinkpatroon vertoon as die Bantoe op die Platteland. By die Kleurling was dit egter die landelike Kleurling wat geneig het na 'n swaarder drinkpatroon (hoewel in totaal meer drankgebruikers onder Kleurlinge in stede gevind is). By die stedelike en landelike Blanke is nie veel verskil in drinkpatroon gevind nie, behalwe dat die stedelike Blanke se drankgebruik tot 'n groter mate met etes geassosieer was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8. Ten opsigte van opvoedkundige peil en drankgebruik.

Bantoes met 'n hoë opvoedkundige peil-, inkomste- en wat van professionele beroep is, het 'n swaarder drinkpatroon vertoon as ander Bantoes. By Kleurlinge egter, het persone met 'n hoë opvoedkundige peil 'n ligter drinkpatroon vertoon, en word meer alkoholisme in laer klasse aangetref. By die Blankes is ook meer drankmisbruikers gevind in die laer opvoedkundige peil, hoewel terselfdertyd minder geheelonthouers onder persone met hoë inkomstes aangetref word. Dit wil egter voorkom asof die Blankes van 'n hoër sosio-ekonomiese status met meer verantwoordelikheid en matigheid drank kan gebruik.

9. Ten opsigte van kerkverband.

By Blankes hét die Apostoliese Geloofsending en die Volle Evangelickerk die hoogste persentasie geheelonthouers ingesluit. By die Israelitiese kerk is die grootste persentasie gebruikers gevind. Die grootste persentasie drankmisbruikers het voorgekom by persone wat aan geen kerk behoort het nie, asook by die Katolieke Kerk. By die Kleurling is geen noemenswaardige verband gevind tussen kerkverband en onthouding of gebruik van drank nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

F. Slotopmerkings.

In die voorafgaande drie hoofstukke is probeer om kortliks 'n blik te gee op drankgebruik in Suid-Afrika voor die Hoofwysigingswet van 1961. Dit is gedoen deur 'n uiteensetting van die belangrikste wetlike bepalings in die verband te gee; 'n analise van die mees kritiese drankwetoortredings wat in díe tyd voorgekom het en 'n uiteensetting van die drinkpatrone van die verskillende bevolkingsgroepe soos blyk uit verskillende navorsingsverslae. In die loop van hierdie bespreking het daar heelwat interessante bevindings na vore getree. Die Bantoe wat onderhewig was aan die strengste wetlike beperkings t.o.v. verkryging van drank, was uitgelewer aan die smokkelhandel om sogemaamde "Blanke drank" te kry. Ten spyte hiervan het die grootste meerderheid van hulle nogtans Bantoebier verkies, en is dit veral díe met hoër sosio-ekonomiese status wat swaarder drinkpatrone vertoon het en in 'n groter mate Blanke drank gebruik het. Onder die Blankes word die meeste drankgebruikers aangetref, nl. bykans 75%, terwyl die Kleurling (61%) 'n meer "opsigtelike" drankgebruiker is as beide die Blanke en die Bantoe. Van die nie-Blanke groepe is die Kleurling dan ook die groep wat hom die meeste skuldig gemaak het aan veroordelings weens dronkenskap. Die Blanke daarenteen, wat hoofsaaklik sy drank tuis gedrink het, het net so 'n hoë veroordelingsyfer vir dronkenskap as die Kleurling.

Met hierdie paar oorsigtelike opmerkings is dit dan ook nie moeilik om agter te kom watter aspekte van drankgebruik en drinkpatrone onder die aandag gekom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het nie, en wat moontlik vormend kon ingewerk het op die houdings wat ontwikkel het t.o.v. die bestaande wetgewing oor drankgebruik en moontlike verandering daarvan nie.

Voordat daar dan gelet word op die bepalings van die wysigende wetsontwerp van 1961 word daar in die volgende hoofstuk eers kortliks aandag gegee aan die houdings en standpunte van verskillende instansies met betrekking tot die wysiging van die bestaande drankwetgewing in Suid-Afrika.

oooo0oooo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV

HOUDINGS EN STANDPUNTE VAN BEPAALDE INSTANSIES T.O.V. VERANDERING VAN DIE DRANKWET

As gevolg van veral die smokkelhandel van drank aan die Bantoe, en die toepassing van die "dopstelsel" op plase waardeur arbeiders gratis drank verkry het, het die bestaande drankwetgewing onder die soeklig begin kom. Hoewel menings uiteenlopend van aard was, soos hier gesien sal word, was die algemene neiging tog ten gunste van vryer distribusie van drank.

A. Standpunte van die Kerk en Matigheidsbewegings.

Aangesien dit die doelstellings van die Matigheidsbewegings in ons land is om die publiek in te lig oor nadele verbonde aan die gebruik van drank, en hulle dus definitiewe standpunte inneem t.o.v. drankmisbruik kan verwag word dat baie van hulle teen algehele vrystelling van drank gekant sou wees.

Sommige van hierdie bewegings het ook reeds kort na hulle stigting in Suid-Afrika hulle daarop toegespits om bv. die "dopstelsel" te laat afskaf, en ander streng maatreëls t.o.v. distribusie van drank te bewerkstellig. Die Suid-Afrikaanse Matigheidsbond was in 1957 verteenwoordig op 'n konferensie i.v.m. moontlike drankverskaffing aan die Bantoe en eerwaarde Freeland[1] het hulle standpunt kortliks gestel. Hy was van mening dat die mislukking van gedeeltelike prohibisie hoofsaaklik toe te skryf is aan die feit dat die maatreëls wat t.o.v. die Bantoe geld, nie ook t.o.v. die

1) S.A.B.R.A. Simposium, April 1957, Drankverskaffing aan die Bantoe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Blanke geld nie.

Die N.G. Kerk het ook verskeie kere gewaarsku teen die verskaffing van drank aan die Bantoe. In "Die Burger" van 15 Junie 1961 word 'n verklaring uitgereik deur die Federale Raad ter Bestryding van Sosiale Euwels, waarin gesê word dat die vrystelling van drank aan die Bantoe sal lei tot sy demoralisering, en tot die belemmering van Sendingwerk. Hierdie Raad verteenwoordig die N.G. Kerke van al vier provinsies.

Die Sekretaris van die Sinodale Kommissie vir Openbare Sedelikheid van die N.G. Kerk van Transvaal, Ds. D.F. De Beer, het ook in 1957 die Konferensie te Stellenbosch bygewoon,[2] en definitiewe stelling ingeneem t.o.v. die vryhede van drankgebruik.

Volgens hom staan die dronkenskap van 'n volk in 'n gegewe gebied in direkte verband met die konsumpsie van drank in daardie gebied. Hy beskou die aangewese weg om dronkenskap en probleme wat daaruit voortvloei te bekamp, die strenge beheer van produksie en distribusie van alkoholiese drank te wees.

Ook die Sendingkerk het hierdie standpunt gehuldig maar het geen feitlike bewyse vir sodanige stelling gehad nie. Eerwaarde J.M.A. de Beer[3] sê bv. dat die Bantoe nie kan onderskei tussen gebruik en misbruik van drank nie. Hierdie stelling word bevraagteken indien ons na dronkenskapveroordelings onder die Bantoe kyk, en merk dat dit die laagste is (in verhouding tot die totale aantal Bantoes) in vergelyking met ander etniese groepe.

Dit is dus duidelik uit bogenoemde stellings dat die

---

2) Ibid.
3) Ibid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kerk en Matigheidsbewegings oortuig is of was dat prohibisie of strenger beheer oor distribusie die probleem van drankmisbruik sal bekamp. Daar is egter verskeie ander instansies wat van mening is dat persone wat hulle telkens aan drankmisbruik skuldig maak, op ander wyses van hulle frustrasies ontslae sal raak indien hulle geen drank kan bekom nie; en dat daar altyd 'n sekere persentasie sodanige persone in enige samelewing sal wees wat op een of ander wyse die realiteit probeer ontvlug.

B. Die Houding van die Wynprodusent en Wynhandelaar.

Op die S.A.B.R.A. Simposium[4)] is die wynprodusent verteenwoordig deur Mnr. A.J.H. Burger. Hy het verklaar dat die wingerdstok, en die produksie van wyn reeds vanaf die vroegste eeue bekend was, en dat produksie en verbruik van alkohol diep ingewortel is in ons samelewing. Die wynboere in Suid-Afrika is trots op hulle produkte. Hulle glo dat die verbruik van die produkte van die wynstok nie die mens ontneem of ontsê mag word nie, en dat die erkenning van sy behoefte daaraan die grondslag moet wees vir die behoorlike, ordentlike en wettige beskikbaarstelling daarvan. Voorts het hy verduidelik dat die wynbou in Suid-Afrika die hoeksteen van die Landbou-ekonomie van die Westelike Provinsie vorm, en dat dit die oudste en mees bestendige vertakking van die Landbou is. Die wynboere en hul organisasie die K.W.V. is egter ook bewus van die misbruik van drank, en het nog altyd 'n waardige en gebalanseerde houding t.o.v.

4) Ibid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die verskaffing van drank aan verskillende bevolkingsgroepe probeer handhaaf. Mnr. Burger meen dit gaan vir hulle beslis nie net om geldelike gewin nie. Hulle meen dat die misbruik van drank nie sy oorsprong het by die produk nie, maar by die vermoë van die mens om drank te kan gebruik. Beperkings op die boskikbaarstelling van drank sal nie misbruik bekamp nie. Veel eerder moet die stempel van "verbode vrugte", volgens Mnr. Burger, verwyder word van drank. Vervolgens noem hy interessante feite i.v.m. die Mosambiek en Lourenco Marques, en haal aan wat 'n spesiale Komitee aangaande Lourenco Marques, waar drank vryelik bekombaar is, gesê het:

> "Every visitor to Lourenco Marques who is accustomed to conditions as they exist in the Western Province, cannot but notice an apparent complete absence of drunkenness amongst the coloured community here".

'n Ander Regeringsbeampte het weer gesê dat hy nooit in die Mosambiek 'n dronk Bantoe gesien het nie. Prof. W.H. van der Merwe[5] wat die wynhandelaars verteenwoordig het as bestuurder van Distillers Korporasie (S.A.) Bpk., was van mening dat die verskaffing van drank aan Bantoes die posisie moontlik kan verbeter en smokkelhandel sal laat afneem. Hy meen ook dat dronkenskap nie noodwendig beskou kan word as 'n gevolg van oormatige drankgebruik alleen nie. Hy het die belangrike feit beklemtoon dat die Bantoe geleer word om die Blanke se beskawing aan te neem, en ook sy lewensstandaard, waardes en norme. Sommige van

5) Ibid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle werk bv. in drankwinkels, maar kan nie self drank bekom nie. Hierdeur word die algemene onmin teenoor Blankes, volgens hom verskerp, en word verwarring by die Bantoe geskep.

C. Die Menings van Amptenare betrokke by Bantoe-Administrasie.

Mnr. H.M. Pansegrouw het as bestuurder van die Departement van Naturellesake van die Kaapse Afdelingsraad, die volgende gesê i.v.m. drankverskaffing aan die Bantoe:

> "In the Cape it would mean the end of liquor runners, shebeens and skokiaan queens. There are many Coloured persons who make a living out of running liquor for Natives; and brewers of so-called home brew Kaffirbeer make handsome profits out of the trade".[6)]

Mnr. I.P. Ferreira,[7)] bestuurder van die Afdeling nie-Blanke Sake, Vereeniging, was van mening dat die munisipale monopoliestelsel ook voorsiening moes maak vir die verskaffing van ligte Blanke drank aan Bantoes, op goedgekeurde persele. Dit sou miskien 'n aanvanklike stormloop na sodanige persele meebring, maar hy was van mening dat waar goeie Bantoebier beskikbaar is, dit nie plek sal maak vir Blanke drank nie. (Hierdie stelling is in later jare as korrek bewys.) Hy was oortuig dat slegs die Bantoe wat Blanke drank verkies en dit kon bekostig, voorkeur sou bly gee daaraan. Hierdie persone kon dit in elk geval onder die bestaande wetgewing deur smokkelhandel verkry

6) "The Cape Argus", 8th January, 1955.
7) S.A.B.R.A. Simposium, 1957.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teen buitensporige pryse.

Mnr. W.J.P. Carr, bestuurder van nie-Blanke Sake, Stadsraad Johannesburg, het 'n uitgesproke referaat gelewer op die S.A.B.R.A. Simposium, en die volgende gesê:

> "A veritable army of men, Police, Municipal- and State Officials was engaged on the fruitless task of trying to enforce prohibition, and all that was happening was that more illicit liquor was finding its way into the Bantu areas and more liquor sellers were setting up in business. A number of courageous Police Officers said publicly that the policy of prohibition had failed, and that the Police Force was being subjected to unnecessary odium because of the constant raiding that had to be resorted to in an effort to keep liquor out of Bantu townships".[8)]

Hy meen verder dat die beskikbaarstelling van drank aan die Bantoe aan die begin moeilikhede en onverwagte verwikkelinge mag oplewer, maar dat aangesien vasgestel is dat veral by die stedelike Bantoe daar 'n behoefte aan Blankedrank bestaan, en aangesien prohibisie misluk het, so 'n stap of besluit wys sou wees, en indien vryer wetgewing reg toegepas word, dit tot voordeel van almal betrokke kan strek.

D. <u>Ander Belanghebbende Persone en Instansies.</u>

Die Instituut vir Rasse Verhoudings in Suid-Afrika[9)]

---

8) Carr, W.J.P.: "Implementation of the 1961 Liquor Act among Non-Europeans". Conference on Alcoholism, Second Session, Institute for Scientific Studies, Johannesburg, 1962.

9) <u>A Survey of Race Relations in South Africa</u>, 1961, p. 145.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het ook sekere aanbevelings gemaak i.v.m. die verandering van sekere bepalings van drankwetgewing voor 1961. Hulle het o.a. aanbeveel dat die "dopstelsel" afgeskaf moet word aangesien die stelsel aan misbruik blootgestel is. Hulle sou eerder wou sien dat daar meer verspreidingspunte vir verkoop van drank in die landelike distrikte van die Kaap moet wees waar Kleurlingarbeiders hulle drank self kon koop. Ander aanbevelings sluit in die gelykwaardige drankregte aan alle bevolkingsgroepe, en dat aandag gegee moet word aan hersiening van die aksynsbelasting op drank, sodat die verbruik van ongefortifiseerde wyn en maltdranke aangemoedig kon word in die plek van gefortifiseerde wyne en spiritualiëe.

Dr. O.D. Wollheim, destyds hoof van die rehabilitasiesentrum, C.A.F.D.A., was ten gunste van die vrystelling van drank aan nie-Blankes, en veral die verskaffing van ligte wyn. Hy sê die volgende in hierdie verband:

> "I subscribed to a recommendation made by the Institute of Race Relations some years ago, that an experiment of this nature should be made. Africans who have lived in towns have developed a taste for European liquor with the result that the consumption of illicit liquor as well as home made liquor in shebeens has reached alarming proportions".[10)]

Ook meen hy dat die Bantoes ongesonde drinkgewoontes aangekweek het aangesien hulle nie toegelaat is om

---

10) "The Cape Times", 22nd September, 1958.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

drank vryelik te koop nie:

> "They gulp down their liquor as quickly as possible to make sure that they are not caught by the Police, and often drink brandy, gin or vodka without diluting it - as it takes less time to swallow".[11)]

E. Die Houding van die Kleurling t.o.v. Vrystelling van Drank.

In sy studie i.v.m. die drinkpatroon van die Kleurling, het Venter[12)] ook aandag gegee aan die houding van Kleurlinge t.o.v. vrystelling van drank aan alle bevolkingsgroepe. Hy het die volgende gevind: Kleurlinge in die stede was tot 'n groter mate ten gunste van vrystelling as plaas of dorpsbewonders. Venter meen dat die moontlik vanweë die nog konserwatiewe lewenshouding van die plattelanders is. In totaal was meer as die helfte van die Kleurlinge gekant teen vrystelling. Daar moet egter onthou word dat hulle reeds taamlik vrylik drank kon verkry, en daar dus net 'n uitbreiding van hul regte gekom het met nuwe drankwetgewing. Moontlik was daar ook diegene onder hulle wat winste uit smokkelhandel met die Bantoe gemaak het, en besef het dat vryhede teenoor die Bantoe m.b.t. drankverskaffing, ook smokkelary sal beperk. Daar is egter nie feitlike gegewens om hierdie stelling te staaf nie.

Van die Kleurlingmans was 57.2% ten gunste van vrystelling, en van die vrouens, 38%. Die Kleurlingvrou sal uit die aard van die saak minder ten gunste

---

11) Ibid.
12) Op. cit., p. 98.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van vrystelling wees, aangesien sy meer te doen kry met die gevolge van drankmisbruik en maatskaplike probleme wat daarmee gepaard gaan. Dit verduidelik veral waarom meer voltydse huisvrouens bv. teen vrystelling gekant is.

Die motiewe wat aangevoer is deur Kleurlinge ten gunste van vrystelling is o.a. gunstiger drinkomstandighede. 'n Groot groep gee geen motief vir hul houding nie.

Die grootste groep Kleurlinge wat teen vrystelling gekant was, het hierdie houding ingeneem uit vrees vir maatskaplike benadeling wat deur vrystelling veroorsaak kon word. Die ander was meestal a.g.v. vrees vir finansiële benadeling teen vrystelling gekant. Hulle was van mening dat die Kleurling meer geld aan drank sal bestee as wat hy kan bekostig, met die gevolg dat die maatskaplike lewe in die algemeen, en die gesinslewe in die besonder, uiteindelik benadeel sal word.

Dit is verder interessant dat dit meer die jonger Kleurling is wat ten gunste van vrystelling was. By die jonger Kleurlinge is daar miskien 'n groter aspirasie om met die Blanke geïdentifiseer te word. Kleurlinge uit die hoër maatskaplike klas is meer teen vrystelling, en meer besorg oor die nadelige uitwerking van drank.

Wat kerklidmaatskap betref, is daar groter persentasies persone in die Anglikaanse-, Congregational- en Metodiste Kerke ten gunste van vrystelling, asook in die Volle Evangelie - en die Rooms Katolieke Kerke, as in ander kerke. Vir die Rooms

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Katolieke Kerk is die persentasie die hoogste, nl. 66.0%. Slegs 36.8% van die lidmate van die Afrikaanse Kerke, vind Venter, is ten gunste van vrystelling. Hy meen die rede waarom lidmate van die Rooms Katolieke Kerk die meeste ten gunste van vrystelling is, en die Afrikaanse Susterskerke die kleinste, moontlik saamhang met die betrokke Kerk se bepaalde gesindheid t.o.v. drankgebruik.

F. Die Houding van die Bantoe self.

Volgens Miles[13] het twee derdes van die Bantoes die idee van vrystelling verwelkom. Van die stedelike Bantoe was 68.3% ten gunste van vrystelling, en van die landelike Bantoe 60.8%. Die wat teen vrystelling was, was 24.5% en 27.8% vir stedelike en landelike Bantoe onderskeidelik. Die orige persentasie Bantoe was onseker van hul houding.

Dit was ook nie net die gebruikers van drank wat vrystelling van Blankedrank aan die Bantoe voorgestaan het nie, maar baie van die geheelonthouers, soos uit die volgende tabel gesien kan word.

TABEL 13[14]

GEHEELONTHOUERS EN DRANKGEBRUIKERS SE HOUDING T.O.V. VRYSTELLING

HOUDING T.O.V. VRYSTELLING	STEDELIK		LANDELIK	
	GEHEEL-ONTHOUERS	GEBRUIKERS	GEHEEL-ONTHOUERS	GEBRUIKERS
	%	%	%	%
Goedkeurend	45,2	81.0	38.6	73.7
Nie-goedkeurend	41.2	15.3	44.6	18.0
Weet nie	13.6	3.7	16.8	8.3
	100.0	100.0	100.0	100.0

13) Op. cit., p. 39.
14) Ibid., p. 40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Byna 42% van alle geheelonthouers was ten gunste van vrystelling van drank.

G. Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie.

In Augustus 1960 het die Kommissaris van Polisie verklaar[15] dat die Polisie nie meer enige georganiseerde drankklopjagte uitvoer nie. So 'n klopjag word slegs onderneem wanneer die besit van onwettige drank verband hou met 'n ander meer ernstige misdaad. Die Polisiemag was ook baie meer as tevore bereid om permitte aan Bantoes uit te reik waardeur hulle drank kon bekom. Volgens die Kommissaris het die klopjagte net veroorsaak dat daar 'n groter antagonisme aan die kant van die Bantoe teenoor die Blanke, en veral die Polisie ontwikkel het en dat die verhouding daagliks versleg. Dranksmokkelary het ook soveel afmetings aangeneem dat dit moeilik geword het om die Wet toe te pas. Kol. Louis Wessels[16] het ook as waarnemende hoof van die Unie se Speurdiens gesê dat die tyd aangebreek het om oorweging te skenk aan die wenslikheid daarvan om ligte wyn en moutdranke vir binne- en buiteverbruik aan gekeurde nie-Blankes beskikbaar te stel. So 'n stap sou volgens hom bydra om misdaad te laat afneem en om rassebetrekkinge te bevorder; veral die verhouding tussen die Polisie en die nie-Blanke.

H. Die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Algemene Distribusie en Verkoopprysе van Sterk Drank.[17]

Hierdie Kommissie, onder voorsitterskap van Dr. A.I.

---

15) A Survey of Race Relations, Op. cit.
16) "Die Burger", 28 Desember 1954.
17) Op. cit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Malan, is in September 1956 aangestel om bogenoemde ondersoek te onderneem. Die ondersoek is nie voor 1960 voltooi nie.

In Augustus 1957 het die Kommissie gebiede in Afrika besoek ten einde eerstehandse inligting in te win oor die verskaffing van drank aan nie-Blankes daar. Die gebiede wat besoek is het almal reeds begin om beperkings op die verskaffing van drank aan Bantoes gedeeltelik, of in geheel op te hef. Plekke wat besoek is sluit in: Lourenco Marques, Salisbury, Blantyre, Lusaka, N'dola en Elizabethville. In die Republiek is ook 'n besoek aan die Transkei gebring. Verskeie hotelle-, wyn en bierlokale, kroëe, naturellebiersale en 'n mynkampong is besoek. Met betrekking tot die verskaffing van wyn en bier aan Bantoes in Suid Rhodesië in 1957, is die volgende in een van die dagblaaie gerapporteer:

> "The Government's decision two years ago to make European beers and wines available to Africans, has resulted in a phenomenal reduction in convictions for possession and sale of illicit and harmful liquors. It has also nearly wiped out the shebeen trade, and has enormously benefited African welfare projects".[18)]

('n Deel van die winste op verkope word aan sodanige projekte bestee.)

'n Verteenwoordiger van die Departement van Bantoesake in Suid Rhodesië het ook gesê dat smokkelhandel stopgesit is, en shebeens feitlik oornag verdwyn het.

---

18) Ibid., p. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook syfers deur die Polisie daar verskaf toon 'n daling in die drankwetoortredings in Suid Rhodesië sedert beperkings opgehef is.

Die Kommissie het toe m.b.t. die Suid-Afrikaanse situasie klem gelê op die onwettige smokkelhandel, asook die feit dat die Bantoe voel hy word onregverdig behandel deur die Blanke. Hulle beklemtoon die ondoeltreffendheid van die bestaande drankwetgewing.

Wat die Kleurling betref, verwys die Kommissie na die diskriminasie in wetgewing t.o.v. díe in Kaap en Natal, teenoor díe in die Vrystaat en Transvaal. Ook noem hulle die feit dat baie Kleurlinge hulle eie woonbuurtes het, en meer fasiliteite vir drankverkryging daar behoort te hê. Op die huidige stadium moet hulle drank in Blankegebiede koop en op openbare voertuie vervoer.

<u>Die volgende aanbevelings is deur die Malan-Kommissie gemaak:</u>

1. Dat natuurlike wyn en bier deur die Plaaslike Owerhede aan nie-Blankes verskaf word. Die pryse moet laer wees as díe van gefortifiseerde wyn en spiritualiëe. Drank vir buiteverbruik moet volgens die permitstelsel geskied. Bantoes wat vrystellingsbriewe het moet slegs toegelaat word om beperkte hoeveelhede spiritualiëe te verkry. Die prosedure van uitreiking van vrystellingsbriewe moet vereenvoudig word.

Nie-Blanke hotelle moet gelisensieerd wees om wyn en bier te verkoop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar moet meer verspreidingspunte vir Bantoebier, ander bier en wyn wees - een vir elke 500 families in stedelike gebiede. Omstandighede by die biersale moet baie verbeter.

2. Kleurlinge in al vier provinsies moet drank vir binneverbruik kan koop. Kleurlinge in die Transvaal moet egter slegs toegelaat word om drank vir buiteverbruik te koop volgens permitstelsel.

3. Geen spiritualiëe moet aan plaasarbeiders verkoop word nie.

4. Asiate moet toegelaat word om drank vir binneverbruik te koop, en vir buiteverbruik volgens permitstelsel. Sjinese moet vir die toepassing van die drankwet as Blankes beskou word.

5. Een van die kernidees van die Kommissie was om die bestaande drinkpatroon van die Republiek te verander deur die verbruik van natuurlike dranksoorte soos ligte wyn saam met etes, aan te moedig. Hulle was van mening dat die Republiek een van die lande is waar Blankes meer sterk drank gebruik as in enige ander. Die koop van ongefortifiseerde wyn en bier moet aangemoedig word. Ter sake hier is die bevinding van Gillis et al[19] in sy studie oor alkoholisme onder Kleurlinge waar gevind is dat waarskynlik omdat die Kleurlinge meestal ongefortifiseerde wyn drink, hulle feitlik gladnie mediese siektes wat met hoë alkoholverbruik gepaard gaan, kry nie. Waar die Blanke alkoholis bv. delirium tremens, cirrhosis van die lewer en ander komplikasies a.g.v. alkoholgebruik en gewoonlik spiritualiëe, kry, is daar min swaar drinkers onder Kleurlinge wat hierdie

19) Op. cit., p. 89.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siektes ondervind. Die wat dit wel opdoen, drink sterker drank soos die Blanke alkoholis.

Die Kommissie vervolg dat restaurants, kafees en privaat hotelle wat aan sekere vereistes voldoen, moet toegelaat word om gedurende maaltye natuurlike wyn en bier te verkoop. Verder moet die kruideniers-winkels in stedelike gebiede toegelaat word om natuur-like wyn en bier te verkoop.

Hotelle wat aan sekere voorwaardes voldoen, moet toe-gelaat word om drank vir binneverbruik te verkoop.

Alle staankroëe moet verdwyn, en wyn en bierhuise moet etes gedurende maaltye verskaf.

'n Nagtelike geleentheidslisensie moet uitgereik kan word, onderhewig aan sekere voorwaardes.

6. Geen nuwe botteldranklisensies moet vir die vol-gende drie jaar uitgereik word nie.

7. Voorsiening moet gemaak word vir 'n hoër minimum prys vir goeie wyn wanneer die vervaardiger dit direk aan die verbruiker verkoop, as die minimum prys wat die handel vir dieselfde produk betaal.

Die meeste ander aanbevelings handel oor Dranklisensie-rade.

Baie van hierdie aanbevelings van die Malan-Kommissie is in gewysigde vorm deur die Regering aangeneem by die heroorweging van die bestaande drankwetgewing, en heelparty bepalings is deur hulle bygevoeg. Om-trent 'n jaar na die Kommissie sy verslag ingedien het, is die ou drankwet verander, en vervang deur die Drankwet no. 72, van 1961. Die voorstel van die Kommissie i.v.m. die beskikbaarstelling van ligte wyn en bier waardeur hulle beoog het om die drinkpatroon van die Republiek te laat verander, is deur die nuwe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wetgewing vervang met "alle soorte drank". Dit sal dus eers later, wanneer statistieke i.v.m. drankverkope ontleed word, gesien word tot watter mate hierdie verandering verkope beïnvloed het. Afgesien van wetgewing in hierdie verband, is dit bekend dat alkoholgebruik ook tot 'n groot mate saamhang met die belasting op drank, asook op die ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling van 'n bepaalde etniese groep.

I. Slotopmerkings.

Dit was dan kortliks die belangrikste houdings en standpunte van verskillende instansies m.b.t. die wysiging van bestaande drankwetgewing voor 1961. Dit is duidelik dat die betrokkenheid van hierdie instansies op verskillende oorwegings gefundeer was; sommige moreel ander ekonomies, en nog ander polities. Wat ookal die aard van die oorwegings was, hetsy pessimisties, kan die grondigheid van hulle standpunte en stellings gedeeltelik geweeg word aan die hand van die feitlike uiteensetting in die eerste hoofstukke van hierdie ondersoek. Gedeeltelik egter sal die bevestiging of betwyfeling daarvan afhang van die verloop van drankgebruik na die implimentering van die hoofwysigingswet. Voordat ons tentatiewe bevindings in die verband stel in Afdeling B. van hierdie ondersoek, kan ons hierdie afdeling oor drankwetgewing in Suid-Afrika afsluit met 'n uiteensetting van die Veranderde Drankwet no. 72, van 1961.

oooo0oooo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V

VERANDERDE DRANKWETGEWING VANAF 1961

A. Die Hoofwysigingswet op Drank, no. 72 van 1961.

Die aanbevelings van die Malan Kommissie was die belangrikste aansporing vir die implementering van hierdie Wet wat in Augustus 1962 van krag geword het. Die belangrikste bepalings van die Wet was as volg:

1. Alle beperkings op die verkoop van alkohol aan Kleurlinge en Asiate vir buiteverbruik in Suid-Afrika is opgehef. Hierdie persone word nou toegelaat om drank vir binneverbruik te koop in enige gelisensieerde gebiede waar drank aan nie-Blankes voorsien word.
2. Houers van buiteverbruiklisensies, soos bv. drankwinkelbestuurders, mag drank verkoop aan enige Bantoe van 18 jaar en ouer vir gebruik buite die perseel. Hiervolgens kan Bantoes dus nou ook vryelik drank koop. Die Staatspresident mag onder sekere omstandighede bepaal dat houers van buiteverbruiklisensies binne 'n sekere area, nie drank mag voorsien aan bepaalde persone nie.
3. 'n Bantoe, Asiaat of Kleurling wat egter drank op 'n privaat perseel gebruik, of in besit van drank is op 'n privaat perseel sonder die toestemming van die eienaar of wettige bewoner, is aan 'n misdryf skuldig.
4. Die outoriteit wat lisensierade gehad het om voorwaardes van verkope vas te stel word teruggetrek, en beperkings reeds deur hulle ingestel verval.
5. Volgens die Drankwet no. 30 van 1928 is geen lisensie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir die verkoop van sterk drank in Bantoedorpe toegestaan tensy die perseel binne 'n halfmyl van die grens van die Bantoelokasie - of dorp was nie. Die Hoofwysigingswet stel dieselfde vereiste vir enige area wat vrygestel is vir bewoning deur Kleurlinge of Asiate.

6. Die Staatspresident moet 'n raad, bekend as die Nasionale Drankraad instel om hom of die minister met raad te bedien omtrent enige aangeleentheid wat ontstaan uit die toepassing van die bepalings van hierdie Wet, of i.v.m. die algemene distribusie van drank. Die Raad moet bestaan uit:

(a) 'n Beampte in die Departement van Justisie met minstens die rang van magistraat, as voorsitter;

(b) Die Sekretaris van Justisie, of iemand deur hom benoem;

(c) Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, of iemand deur hom benoem;

(d) Drie ander lede deur die Staatspresident aangestel vir 'n tydperk van twee jaar.

7. Die minister, of iemand wat op sy gesag handel mag onderworpe aan sekere voorwaardes, aan die volgende persone magtiging verleen om drank te verkoop aan enige Bantoe van 18 jaar of ouer vir binne- en buiteverbruik:

(i) 'n Stedelike plaaslike bestuur;

(ii) 'n Assosiasie van persone;

(iii) 'n Afdelingsraad;

(iv) 'n Bantoe-, gebieds-, streeks-, of stamowerheid;

(v) 'n Werkgewer wat gereeld Bantoe arbeiders huisves en in diens neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8. Alle strafmaatreëls vir die oortreding van die voorwaardes van die drankwet is versterk. Straf vir oortredings i.v.m. die verkoop van drank op 'n ongeoorloofde plek of tyd; verandering van vrystellingsbriewe en voorsiening van drank aan werknemers anders as voorgeskryf, is verhoog van 'n maksimum boete van R50 tot R100, of drie maande tronkstraf. Straf vir oortredings i.v.m. verkope aan Bantoes, of die koop van brandspiritus, mout of gis deur Bantoes, is verhoog van R200 totR400 boetes, of 12 maande tronkstraf. Persone wat dronk of aggressief optree in 'n publieke deel van 'n stadsgebied, bv. 'n straat, kan 'n boete van R400 ontvang, of 12 maande tronkstraf.

Strafmaatreëls wat die meeste verhoog is hou verband met oortredings deur persone wat met brousels in hulle besit gevind word. Die maksimum boete van R400 of 12 maande tronkstraf, is verhoog na R1,000 boete of vyf jaar tronkstraf, of beide vir 'n eerste oortreding, en vir 'n tweede oortreding gevangenisstraf, sonder keuse van 'n boete, vir nie minder as ses maande, en nie meer as vyf jaar nie, met die moontlike byvoeging van 'n boete van R100. Hierdie strafmaatreëls geld ook vir dagga-oortreders.

Nadat die Hoofwysigingswet in werking getree het, is daar verskeie verdere wysigings aangebring wat ook kortliks uiteengesit kan word voordat probeer word om die moontlike implikasies van drankwet-wysiging vir die verskillende etniese groepe in Suid-Afrika vas te stel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B. Die Wet op Bantoebier, no. 63 van 1962.[1)]

Hierdie Wet is nie in die Bantoegebiede van toepassing nie.

Die Wet kan as volg saamgevat word:

1. Volgens die bepalings van hierdie Wet kan enige persoon vir huisgebruik, en enige werkgewer gratis aan sy werknemers Bantoebier verskaf.

2. 'n Plaaslike bestuur aan wie magtiging verleen is, mag Bantoebier maak, verkoop en verskaf op 'n perseel deur die Minister goedgekeur. Vrouens mag nie op so 'n perseel toegelaat word nie, en slegs persone, 18 jaar en ouer, kan Bantoebier koop.

3. So 'n plaaslike bestuur kan aansoek doen om alleenreg op die brou en verskaffing van Bantoebier in die area. Ander instansies, met enkele uitsondering, het dan nie reg op brouing nie.

4. Iemand wat gelisensieerd is om drank te verkoop kan ook Bantoebier (wat van 'n plaaslike bestuur verkry is) verkoop.

5. 'n Persoon maak hom skuldig aan 'n misdryf as hy nie ingevolge die Wet gemagtig is om Bantoebier te verkoop nie; of Bantoebier strydig met 'n wetsbepaling verkoop of brou; of 'n vrou is wat 'n verbode perseel betree; of weier om aan 'n polisieoffisier op aanvraag naam en adres te verskaf; of so 'n amptenaar hinder in die uitvoering van sy pligte. Iemand wat skuldig bevind word aan 'n oortreding van hierdie Wet is by eerste veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens R50, of by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande, of beide.

---

1) Soos verskyn in "Die Buitengewone Staatskoerant", 8 Junie, 1962, p. 14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C. Ses verdere Drankwysigingswette.

1. Die Drankwysigingswet no. 89 van 1962.

Hierdie Wet maak dit moontlik vir Kleurlinge en Asiate om lisensies te hou vir die verkoop van drank op persele in hulle eie groepsgebiede, of in areas wat oorwegend bewoon word deur persone van hulle eie etniese groep. Hierdie lisensies word deur die Minister van Justisie uitgereik en moet jaarliks hernu word. (Sien Byvoegsel 3 vir besonderhede i.v.m. voorwaardes verbonde aan die uitreiking van sodanige lisensies).

2. Die Drankwysingswet no. 88 van 1963.

Deur hierdie Wet is 'n paar verdere beperkings met betrekking tot die posisie van die nie-Blanke t.o.v. drankverskaffing, opgehef.

Voorheen kon werkgewers nie aan nie-Blanke werknemers drank verskaf nie, met uitsondering van die "dopstelsel" soos reeds beskryf. Hierdie voorwaardes is nou verwerp, en twee nuwe regulasies ingestel:

(a) Dat geen persoon drank aan 'n werknemer in sy diens mag verskaf om by te dra tot so 'n persoon se besoldiging of as vergoeding vir dienste nie. Dit moet dus addisioneel wees.

(b) Dat enige werkgewer aan enige Bantoe oor 18 jaar of meer wat in sy diens is, drank mag verskaf vir persoonlike verbruik. Bantoe arbeiders kon dus nou dieselfde voorregte as Kleurlingarbeiders geniet, behalwe dat hulle 18 jaar en ouer moes wees.

Sommige instansies het kommer uitgespreek oor regulasie no. 2., veral die Instituut vir Rasse Verhoudings. Hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was van die begin af gekant teen die "dopstelsel", en het gemeen dat hierdie nuwe verwikkelinge kan lei tot die oplewing en uitbreiding van díe stelsel.
Hierdie Wet maak verder daarvoor voorsiening dat enige Bantoe nou drank gratis kan verskaf aan 'n ander Bantoe wat 'n lid van sy huishouding, of sy gas is.
Verder is alle beperkings met betrekking tot die koop en besit van brandspiritus en suurdeeg deur Bantoes, opgehef.
Hoewel Bantoes nou wettiglik drank aan ander etniese groepe kan verskaf, kan persone van ander etniese groepe (uitgesonderd werkgewers) nognie aan Bantoes drank aanbied nie.
Die Wet maak ook voorsiening vir die uitreiking van dranklisensies aan kruidenierswinkels en restaurants.

3. Die Drankwysigingswet no. 85 van 1964.

Hierdie Wet handel meestal oor verdere voorskrifte aan dranklisensiehouers i.v.m. oordraging van lisensies, verkryging van tydelike lisensies, ure van verkope- en aflewerings, en opberging van drank.

4. Wet no. 6 van 1965.

Slegs 'n gedeelte van hierdie Wet handel oor die verdere wysiging van die drankwet. Hierdie wysigings het meestal te doen met die voorsiening van drank in spoorweglokale soos bv. 'n verversingskamer of kroeg op 'n stasie waar drank verkoop word. Volgens die Wet word hierdie gebou beskou as 'n perseel ten opsigte waarvan 'n kantienlisensie uitgereik is; 'n persoon onder wie se toesig daardie vertrek is as die houer van die lisensie, en die werkgewer van die persone wat daar werk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. Die Lugvaartwysigingswet no. 12 van 1965.

Hierdie Wet hanteer o.a. die verkoop van sterk drank en ander goedere op staatsvliegvelde wat deur die Departement van Vervoer of sekere gemagtigde persone onderneem kan word.

6. Wet no. 98 van 1965.

Slegs 'n gedeelte van hierdie Wet handel oor verdere wysigings van die drankwet. Díe wysigings het meestal te doen met aanvraag, verlenging of vernuwing van buitelandse dranklisensies, of wynboerelisensies. Verder is daar wysigings i.v.m. spesiale magtigings vir die verkoop van sterk drank deur assosiasies van Kleurlinge of Asiate. (Sien Byvoegsel 4). Die bevoegdhede van die Polisie m.b.t. die visentering van persele en beslaglegging van sekere materiaal word uiteengesit. (Byvoegsel 4).

Voorts word die ure van drankverkope uiteengesit. Restaurants kan van 12 vm. tot 2.30 nm., en van 6 nm. tot 11.30 nm. drank verkoop, met spesiale bepalings vir Saterdae. Wyn- en mouthuise, kantiene en hotelle kan alle dae van die week tussen 10 vm. en 10 nm. drank verkoop.

D. Opsomming van die belangrikste bepalings van die Drankwysigingswette ná 1961.

Die belangrikste bepaling van die Hoofwysigingswet no. 72 van 1961, is die vrystelling van drank aan alle bevolkingsgroepe, met sekere voorwaardes. Die Wet op Bantoebier, no. 63 van 1962 maak verder die meer vryelike brouing van Bantoebier moontlik in areas ander as die Bantoegebiede. Deur die Wysigingswet no. 89

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 1962 kan Kleurlinge en Asiate ook nou lisensies verkry vir die verkoop van drank op persele in hulle eie groepsgebiede. Wat betref die Wysigingswet no. 88 van 1963, word verdere beperkings m.b.t. die posisie van die nie-Blanke opgehef, en werkgewers mag nou bv. aan enige werknemer drank verskaf solank dit addisioneel aangebied word, en nie as vergoeding vir dienste, of as deel van besoldiging nie. Bantoe werknemers moet egter nog 18 jaar en ouer wees. Voorts maak hierdie Wet voorsiening vir die uitreiking van dranklisensies aan kruideniers en restaurants.

E. Onmiddelike reaksies op die Drankwysigingswette.

Nadat bogenoemde wysigingswette in werking getree het, is verskeie reaksies ontvang oor die implikasies daarvan. So word bv. in "Die Burger" van 10 April 1963 opsommenderwys die menings van sekere "kenners" gegee:

1. Hulle meen dat die ou bepalings i.v.m. die "dopstelsel" nutteloos en oorbodig was en verwelkom die afskaffing van sodanige bepalings.
2. Voorts is gesê dat die Wet die kwasi-groothandelaars (wat regstreeks aan die publiek verkoop) 'n gevoelige slag toegedien het. Die gevolg hiervan kan beter diens en geriewe in hotelle beteken.
3. Hulle was van mening dat indien sommige van die groot basaarwinkels tot die mark in ligte wyne sou toetree, dit kon lei tot 'n prysoorlog en moontlike prysverminderings.
4. Dit was duidelik dat eienaars van restaurants en kafees in hulle skik was met die nuwe byvoegings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waardeur hulle lisensies vir verkoop van wyn en bier kon kry.

5. Prof. W.J. Pretorius het as hoofbestuurder van die K.W.V. opgemerk dat die tyd aangebreek het om die stigma wat aan die produk van die wynboer kleef, te verwyder.

Daar was ook instansies wat ontevrede was met die nuwe bepalings, en wat sterk protes aangeteken het, soos bv. die Kaapstadse tak van die Nasionale Vroueraad van Suid-Afrika, (een van die matigheidsverenigings). Hulle wou agiteer teen die verskaffing van drank in kruidenierswinkels en restaurants, asook teen die ekstra bepalings m.b.t. die dopstelsel.

Die bestuurder van die Departement van nie-Blanke Sake van die Stadsraad, Johannesburg, het die volgende gesê:

> "The decision to market European type liquor, including spirits, to the indigenous Bantu population, is an extremely bold and imaginative step, and one which may be fraught with difficulties and unexpected developements in the early stages of its operation; but since it has been clearly established over the years that there is a real and substantial demand for this type of liquor among the urbanized Bantu; and since all attempts at prohibition for this group have failed, there is no doubt that the decision has been a wise and correct one which, if applied and used with moderation and intelligence, can be to the advantage of all concerned".[2)]

---

2) Carr, W.J.P., Op. cit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

F. Slotopmerkings.

Hierdie onmiddelike reaksies toon dieselfde tweedeling as die houdings wat die wysigingswetsontwerp voorafgegaan het. Een ding is egter seker en dit is dat die drankwetgewing as sulks so 'n sterk oorsaaklike karakter sou dra by die bepaling van drinkgewoontes en drankmisbruik as wat sommige instansies voorgestaan het, sou die aard van die drankwetwysiging sedert 1961 'n gulde geleentheid bied om so 'n standpunt te substansieer of te verwerp d.m.v. sistematiese navorsing. Meeste van die navorsing oor drankgebruik is gedoen voordat die wysigings van krag geword het, en die implikasies daarvan vir die verskillende bevolkingsgroepe ten volle gemanifesteer is. In die hieropvolgende afdeling word met behulp van tentatiewe kriteria 'n voorlopige aanduiding gegee van wat die implikasies wel kan wees. Hierdie aanduidings is veronderstel om 'n grondslag te bied vir navorsing oor drankgebruik ná die drankwetwysiging van 1961; en moet nie verstaan word as genoegsame en voldoende bevindings oor die implikasies van die veranderde drankwet vir die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika nie.

oooo0oooo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING B

VERWIKKELINGS

SEDERT GEWYSIGDE DRANKWETGEWING

VANAF 1961 IN WERKING GETREE HET

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VI

'N ONTLEDING VAN DRANKVERKOPE EN DRANKVERBRUIK IN SUID-AFRIKA VANAF 1960 TOT 1965

A. Inleiding.

In sy jaarverslag vir die kalenderjaar 1962 sê die Minister van Justisie dat nieteenstaande voorspellings wat gemaak is, alles op die dag waarna die nuwe drankwet in werking getree het ordelik en stil verloop het. Hy sê voorts dit het later geblyk dat die opheffing van drankbeperkings t.o.v. nie-Blankes nie misbruik is nie.

Om 'n beeld te verkry van die vryer drankdistribusie onder nie-Blankes, is 'n landswye opname gemaak i.v.m. drankverkope deur die Departement van Justisie wat die tydperk 15 Augustus 1962 tot 31 Desember 1962 dek. Hoewel dit op daardie stadium relatief gesproke te gou was om oortuigende afleidings te kon maak, het die volgende feite aan die lig gekom wat in later jare juis bewys is:[1)]

1. Die verwagting dat nie-Blankes op groot skaal drank sou koop is nie bewaarheid nie. Die Bantoes se aankope veral, was relatief laag. Dit kon egter ook aan die prysfaktor toegeskryf word.
2. Die verbruik van Bantoebier het in teenstelling met wat verwag is, 'n aansienlike styging getoon in sekere stede. In sommige dele was die vermeerdering so hoog as 56%.

---

1) Jaarverslag van die Departement van Justisie, 1962, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. Daar was ook aanduidings dat die smokkelaar (ook "mailer" of "runner" genoem) besig was om te verdwyn. Smokkelkroëe was nognie iets van die verlede nie, omdat hulle a.g.v. kredietverlenging, en die feit dat hulle beskikbaar is wanneer ander drankplekke gesluit is, nog 'n bestaan maak. Daar is egter gereken dat baie meer van hierdie kroëe sal verdwyn as die Bantoe geleer het om sy eie drank vir tuisgebruik te koop. Om egter 'n meer onlangse beeld te verkry van die uitwerking van die Hoofwysigingswet, met ander wysigings, word ontledings van drankverkope aan verskillende etniese groepe vanaf 1960 tot 1965 aangebied.

B. Die totale drankverbruik in Suid-Afrika.

In hierdie afdeling word eers 'n uiteensetting gegee van die totale drankverbruik in Suid-Afrika vanaf 1960 tot 1964, en in die volgende afdeling 'n vergelyking getref tussen drankverbruik deur verskillende etniese groepe soos dit was voor 1961, en soos dit nou is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat dit eintlik die Bantoe is wat vryer toegang tot drank verkry het, en dat die Kleurling en Asiaat se regte net uitgebrei is. Die Blanke het reeds vryelik toegang tot drank gehad tydens die ou wetgewing. Veranderings in die Blanke, Kleurling en Asiaat se drankgebruikpatroon sal dus heel moontlik meer verband hou met prysveranderings, belasting op drank en faktore soos moontlike verandering in verbruiksvoorkeur as gevolg van reklame en propaganda, as met spesifieke wetsbepalings.

Die verbruik van dranksoorte in Suid-Afrika vir die bevolking as geheel was tussen 1960 en 1964 persen-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tasiegewys as volg: (Tabel 14)

TABEL 14 (a)

VERBRUIK VAN ALLE DRANKSOORTE IN SUID-AFRIKA[2] (MASSA-GALLON): PERSENTASIE-SAMESTELLING

1960	1961	1962	1963	1964	
48.7	48.8	45.6	47.0	46.5	Wyn
28.6	29.1	27.7	29.1	30.9	Natuurlike
19.6	19.2	17.4	17.5	15.4	Gefortifiseerde
0.5	0.5	0.5	0.4	0.2	Vonkel
12.4	12.3	11.9	11.6	10.9	Spiritualiëe
2.7	2.5	2.4	2.1	2.9	Jenewer
8.3	8.4	8.1	8.0	7.0	Brandewyn
1.4	1.4	1.4	1.5	1.0	Likeur/Vodka
38.9	38.9	42.5	41.4	42.6	Bier/Moutdrank

In vergelyking met verbruiksyfers van ander lande, was die drankvoorkeur in 1964 as volg:

TABEL 14 (b)

VERBRUIKSYFERS VAN SUID-AFRIKA EN ANDER LANDE - 1964

	WYN (%)	SPIRITUALIËE (%)	BIER (%)
Suid-Afrika	46.0	11.0	43.0
Swede	9.0	17.0	74.0
Verenigde Koninkryk	3.0	3.0	94.0
Finland	16.0	21.0	63.0
Australië	5.0	1.0	94.0
Denemarke	4.0	3.0	93.0

Uit Tabel 14 (b) blyk dit dat in Suid-Afrika in vergelyking met ses ander lande wynverbruik in verhouding tot ander dranksoorte hoër vertoon. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die ander wynproduserende lande behalwe Suid-Afrika nie hierby ingesluit is nie

2) Verwerk uit Doane en Aksyns Maandelikse Statistieke, Pretoria, 1960-1964. Sien Byvoegsel 5 vir besonderhede in massa-gallon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangesien gegewens nie betyds ontvang is nie. Die verbruiksverhouding behoort ooreen te stem met die van Suid-Afrika.

Uit Tabel 14 (a), bo, blyk dit dat veral die verbruik van bier, asook natuurlike wyn in verhouding tot ander dranksoorte vir die bevolking as geheel toegeneem het in Suid-Afrika vanaf 1960. Volgens die voorsitter van die Koöperatiewe Wynbouersvereniging van Suid-Afrika, Mnr. A.J. du Toit[3] is die veranderde drinkpatroon van meer natuurlike wyn soos deur die Malan Kommissie bepleit, reeds besig om vorm aan te neem.

In hierdie verband is verneem dat in Desember 1966 met 'n nuwe proef begin is in Transvaal. Altesaam 200 drankhandelaars gaan vir 'n tydperk van 2 maande die pryse van tafelwyn verlaag om groter belangstelling vir wyn by die publiek te wek. ("Die Burger", 2 Desember 1966).

Dit blyk verder uit Tabel 14 dat die verbruik van spiritualiëe 'n afname toon in verhouding tot ander dranksoorte.

Gedurende 1965 het die verbruik van natuurlike wyn weer effens afgeneem vir die bevolking as geheel; waarskynlik a.g.v. prysverhogings in Februarie 1965. Bierverbruik het meer toegeneem; waarskynlik a.g.v. moutdrank prysverlagings in 1964. Dit is nie bekend wat die bierverbruik-tendens op die oomblik is nie aangesien daar in 1966 weer verhogings in pryse en belasting op bier was. Dit is interessant om op hierdie stadium net die aandag daarop te vestig dat die Bantoe se drankverbruik (anders as Bantoebier) as

---

3) Algemene Vergadering van Lede, 2 Junie 1965.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persentasie van totale drankverbruik in Suid-Afrika in 1964 bv. besonder laag was, naamlik ongeveer 5%. (Tabel 15).

TABEL 15[4)]

DIE PERSENTASIE DRANKVERBRUIK (ANDERS AS BANTOEBIER) VAN DIE TOTALE DRANKVERBRUIK IN SUID-AFRIKA, DEUR DIE BANTOE

DRANKSOORT	TOTALE VERBRUIK IN SUID-AFRIKA (GELL.)	VERBRUIK DEUR BANTOE VERSPREIDINGSPUNTE +		PERSENTASIE VAN TOTAAL DEUR BANTOE VERBRUIK
Spiritualiëe	7,949,125	314,869		3.9
Gefortifiseerde wyn	11,363,204	735,261		6.5
Natuurlike wyn	22,525,156	771,086		3.4
Moutdrank	31,105,151	1,926,640		6.2
	72,942,636	3,747,856	Gem.	5.1%

C. Drankgebruik deur Verskillende Etniese Groepe na Drankwet no. 72 van 1961, met wysigings, in werking getree het.

Ten einde 'n beter perspektief te kry op die verandering in drankgebruikpatroon, word verbruiksyfers voor en na 1961 teenoor mekaar gestel.

Voor die toepassing van die veranderde drankwet van 1961 is deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing[5)] in 'n landswye opname gevind dat drank as volg verkies en verbruik word deur verskillende etniese groepe in die Republiek. (Tabel 16).

---

4) Jaarverslag van die Departement van Justisie vir die Kalenderjaar 1965, p. 1.

\+ Verspreidingspunte sluit o.a. in Plaaslike Owerhede en Werkgewers.

5) Navorsingsreekse no. 17, 18, 19 i.v.m. drinkpatrone van Kleurlinge, Blankes en Bantoes in Suid-Afrika.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 16

VERBRUIK VAN DRANK DEUR VERSKILLENDE BEVOLKINGS-GROEPE VOOR 1961.* (PERSENTASIE/SAMESTELLING)

BEVOLKINGSGROEP	DRANKSOORT				
	WYN	SPIRITUA-LIËE	BIER	BANTOE-BIER	BROU-SELS
Bantoes	6.5	15.0	2.9	73.3	2.3
					100.0
Kleurlinge	81.7	8.7	4.7	4.9	-
					100.0
Blankes	33.0	33.5	33.5	-	-
					100.0

Volgens hierdie Tabel was die meeste wyn deur Kleurlinge verbruik, en die meeste spiritualiëe deur Blankes, terwyl die Bantoe nog meestal Bantoebier gedrink het. Tog het reeds 15% van die Bantoe spiritualiëe verkies voordat hulle as 'n bevolkingsgroep daartoe algemene toegang gehad het.

Die Blankes se drankverbruik was egalig versprei deurdat hulle feitlik in gelyke mate wyn, bier en spiritualiëe gedrink het, terwyl by die Kleurlinge die oorgrote meerderheid (81.7%) wyn gedrink het, en by die Bantoes die oorgrote meerderheid Bantoebier gedrink het. (73.3%)

Om nou 'n redelike beeld te vorm van die verandering in drankverkoop en verbruik na die drankwet verander is, is 'n ontleding van drankverbruik vir elke bevolkingsgroep onderneem. Hierdie bevindings is empiries vasgestel deur drankverkope (in totale gallon) by verskillende verspreidingspunte in die land te ontleed. Syfers van drankverkope aan die Bantoe is verkry van die volgende owerhede wat kragtens artikel 100 bis van die drankwet, magtiging het om drank aan die Bantoe

* Sien onderaan bladsy 83.

83/...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te verkoop:[6)]

(a) Plaaslike owerhede (Munisipale- en stadsrade)

(b) Werkgewers (Myne, Fabrieke, ens.)

(c) Bantoe-owerhede

(d) Private Instansies

(e) Drankwinkels

Ander inligting is uit die jaarverslae van die Minister van Justisie aangehaal.

Vir die Kleurling en Blanke is statistieke van verbruik en voorkeur gebaseer op verkope van drankwinkels en hotel-buiteverkope nadat die nuwe drankwet in werking getree het.

1. Evaluasie van Drankvoorkeur/Drankgebruik van Kleurlinge en Blankes tussen 1963 en 1966, op grond van verkope by Drankwinkels en Hotel-buiteverkooppersele.

Om vas te stel wat die huidige drankvoorkeur van Kleurlinge en Blankes is, is inligting van 40 drankwinkels en 10 hotel-buiteverkooppersele in die land verkry i.v.m. drankverkope ná die nuwe Wet in werking getree het. In Tabel 17 word 'n persentasie-samestelling van een dranksoort in verhouding tot die ander, vir verskillende areas aangedui.

---

* Waar van drankgebruik vóór en ná 1961 melding gemaak word, word met "voor 1961" bedoel, voordat die Hoofwysigingswet no. 72 van 1961 van toepassing geword het; en met "na 1961" word bedoel nadat die Wet van toepassing geword het.

6) Op versoek van hierdie instansies word spesifieke name van persele nie genoem nie, maar slegs die spesifieke dorp of stad vanwaar statistieke verkry is. Verder word persentasies aangegee i.p.v. oorspronklike verkoopsyfers in gallon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 17

PERSENTASIE VERKOPE VAN VERSKILLENDE DRANKSOORTE BY DRANKWINKELS EN HOTEL-BUITEVERKOPE

AREA	DRANKSOORT							
	Wyn*		Spiritualiëe		Bier		Bantoebier	
	BL.	KL.	BL.	KL.	BL.	KL.	BL.	KL.
Kaap Sentraal	20.0	90.0	30.0	5.0	50.0	5.0	-	-
Elsiesrivier	50.0	75.0	30.0	10.0	20.0	15.0	-	-
Claremont	56.0	95.0	20.0	1.5	24.0	3.5	-	-
Wynberg	30.0	60.0	20.0	10.0	50.0	20.0	-	10.0
Plumstead	65.0	85.0	15.0	10.0	20.0	5.0	-	-
Lansdowne	-	90.0	-	4.0	-	6.0	-	-
Retreat	-	90.0	-	2.5	-	7.5	-	-
Dieprivier	65.0	90.0	10.0	4.0	25.0	6.0	-	-
Riversdal	10.0	-	30.0	-	60.0	-	-	-
Hermanus	40.0	93.0	33.0	5.0	27.0	2.0	-	-
Calvinia	15.0	90.0	60.0	5.0	25.0	5.0	-	-
George	50.0	55.0	20.0	25.0	30.0	20.0	-	-
Beaufortwes	30.0	-	20.0	-	50.0	-	-	-
Mosselbaai	10.0	90.0	50.0	7.0	40.0	3.0	-	-
Lambertsbaai	60.7	95.3	14.7	2.4	24.6	2.3	-	-
Alberton	40.0	-	20.0	-	40.0	-	-	-
Florida	30.0	-	40.0	-	30.0	-	-	-
Roodepoort	43.0	-	17.0	-	40.0	-	-	-
Boksburg	30.0	70.0	20.0	7.0	50.0	23.0	-	-
Pietermaritzburg	20.0	40.0	40.0	50.0	40.0	10.0	-	-
Totaal: Gem. %	37.0	80.9	27.2	9.8	35.8	8.8	-	0.5

Indien die gemiddelde persentasie van drankverkope aan die Kleurlinge en Blankes op grond van bogenoemde Tabel bereken word, blyk dit dat elke groep as volg drank gekoop het in vergelyking met hulle verbruik voor 1961: (Tabel 18).

* BL. - Blanke, KL. - Kleurling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 18

DRANKGEBRUIK VOOR EN NA DIE DRANKWET VERANDER IS

SOORT DRANK	PERSENTASIE VERBRUIK NET VOOR 1961		PERSENTASIE VERBRUIK NA 1961 7)	
	BLANK	KLEURLING	BLANK	KLEURLING
Wyn	33.0	81.7	37.0	80.9
Spiritualiëe	33.5	8.7	27.2	9.8
Bier	33.5	4.7	35.8	8.8
Bantoebier	-	4.9	-	0.5
	100.0	100.0	100.0	100.0

Die Kleurling drink ná die wetsverandering dubbel soveel bier as tevore, maar minder Bantoebier, en min of meer dieselfde hoeveelheid wyn en spiritualiëe. Voorkeur word nog aan ongefortifiseerde wyn gegee. Wat die Blanke betref, is daar 'n definitiewe afname in die verbruik van spiritualiëe en 'n toename in die verbruik van wyn na verandering van die Wet en tot 1965. Die prysfaktor mag moontlik 'n invloed hê op hierdie tendens. Meer intensiewe ontleding van die huidige drankgebruik van hierdie twee bevolkingsgroepe is egter nodig voordat definitiewe afleidings gemaak kan word. Soos reeds in die inleidende gedeelte van hierdie hoofstuk gesê is, impliseer die nuwe drankwet slegs 'n uitbreiding van die Kleurling se drankregte, terwyl dit nie veel meer voordele vir Blankes inhou nie. Veranderings wat dus wel merkbaar is in die drankgebruikpatroon van hierdie twee groepe, is waarskynlik meer toe te skryf aan belasting op drank, die prysfaktor of reklame-veldtogte vir ligter drank-soorte. Dit is veel meer betekenisvol om die verandering van drankgebruik onder die Bantoe te ontleed, aange-

7) Drankverkoop word hier gelyk gestel aan Drankverbruik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sien hulle drankvoorregte geweldig uitgebrei is deur die nuwe drankwet. Daar word dus nou 'n poging aangewend om die tendens in drankgebruik by die Bantoe voor en na 1961 vas te stel.

2. Verbruik van drank deur Bantoes: 1961 tot 1965.

Die persentasie alkoholiese drank (anders as Bantoebier) wat deur Bantoes gebruik is in 1964, was soos reeds op p. 81 aangedui baie laag, naamlik ± 5% van die totale verbruik. Uit hierdie syfer alleen is dit dus reeds duidelik dat Bantoebier nog steeds die "nasionale" en voorkeurdrank van die Bantoe bly. Dit blyk ook uit Tabelle 19 en 20.

Drankverbruik deur die Bantoe in Suid-Afrika tussen 1963 en die helfte van 1965, word in Tabel 19 uiteengesit.

TABEL 19[8)]

VERBRUIK VAN DRANK DEUR DIE BANTOE IN SUID-AFRIKA

SOORT DRANK	1963		1964		HALFJAAR 1965	
	GELL.	%	GELL.	%	GELL.	%
Spirituaë	235,090	0.3	314,869	0.3	179,639	0.3
Wyn	889,673	1.0	1,506,347	1.4	664,004	1.2
Mout/Bier	1,449,978	1.7	1,926,640	1.8	1,929,812	3.2
Bantoebier	83,551,151	97.0	102,068,104	96.4	56,409,336	95.3
	86,125,892	100.0	105,815,960	100.0	59,182,791	100.0

As hierdie drankgebruikpatroon van die Bantoe vergelyk word met hul gebruikpatroon voor 1961, dan blyk die volgende: (Tabel 20).

8) Dept. van Justisie Jaarverslag, Op. cit., p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 20

VERBRUIK VAN DRANK DEUR DIE BANTOE VOOR EN NA 1961

	WYN	SPIRITUALIËE	BIER	BANTOE-BIER	BROU-SELS
Net voor 1961[9]	6.5	15.0	2.9	73.3	2.3
Na 1961	1.2	0.3	2.3	96.2	-

Beide wyn en spiritualiëe verbruik toon 'n groot afname, en Bantoebierverbruik 'n groot toename. Die moutdrank-verbruiktendens is ook besig om teen versnelde tempo toe te neem.

In Tabel 21 word die persentasie-samestelling van drankverkope aan die Bantoe deur verskillende ver-spreidingspunte, ontleed om aan te toon hoe verkoop van dranksoorte in verhouding tot mekaar af- of toegeneem het in verskillende dorpe en stede. (Sien Tabel 21 op bl. 88)

In sommige dorpe van die O.V.S. en Kaapprovinsie is 'n groter persentasie wyn verkoop in 1964 en 1965 as in die ander provinsies. Die spiritualiëe verkope is oor die algemeen hoër vir dorpe van die Kaapprovinsie. Moutdrankverkope is die hoogste vir dorpe van die Transvaal en van Natal. Bantoebier, hoewel hoog vir alle provinsies, toon 'n effense hoër verkoopsyfer (in verhouding tot ander dranksoorte) in dorpe van die O.V.S.

Die afname in die verkoop van wyn en spiritualiëe en die toename in die verkoop van Bantoebier en moutdranke tussen 1964 en 1965 blyk duidelik uit die verkoopsyfers van verskillende dorpe en stede soos in Tabel 21 uiteengesit; en die tendens stem ooreen met verbruiksyfers soos in Tabel 19 uiteengesit.

---

9) Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Op. cit., Navorsingsreeks no. 18.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 21[10)]

DRANKVERKOPE DEUR PLAASLIKE OWERHEDE, WERKGEWERS, PRIVAAT INSTANSIES, BANTOE-OWERHEDE EN GELISENSIEERDE DRANKWINKELS (PERSENTASIE-SAMESTELLING),

AREA	1964				1965			
	WYN	SPIRITUALIEE	BIER	BANTOE-BIER	WYN	SPIRITUALIEE	BIER	BANTOE-BIER
Paarl	8.0	1.0	4.0	88.0	6.5	1.5	6.9	85.1
Cradock	8.4	0.4	0,5	90.7	7.0	0.3	0.7	92.0
Kimberley	24.7	0.5	0.8	74.0	8.9	0.3	1.0	89.8
Port Elizabeth	56.2	13.8	12.4	17.6	48.0	14.0	13.0	25.0
Uitenhage	18.0	1.2	0.5	80.3	8.8	0.4	0.8	90.0
Tarkastad	8.0	0.8	0.5	90.7	5.3	0.2	0.6	93.9
King Williams Town	70.7	17.8	4.5	7.0	69.0	15.0	10.0	5.9
Kuruman	71.6	21.2	7.3	-	74.0	16.0	10.0	-
Piet Retief	2.0	1.4	1.0	95.6	2.7	1.0	2.2	94.1
Johannesburg	5.0	1.6	14.4	79.0	4.8	0.2	16.2	78.8
Boksburg	3.0	10.0	4.0	83.0	2.5	2.0	8.5	87.0
Vryheid	5.0	6.0	16.0	73.0	4.0	5.0	17.0	74.0
Vereeniging	0.9	0.3	24.0	74.8	0.3	0.1	21.4	78.2
Bloemfontein	53.0	4.3	10.6	32.1	21.0	3.3	12.0	63.7
Welkom	0.7	0.1	1.5	97.7	2.1	0.2	2.0	95.7
Durban	14.2	11.0	40.0	34.8	6.7	5.5	38.8	49.0

(Sommige syfers vir dranksoorte anders as Bantoebier vertoon in verhouding hoër as die werklike gemiddelde verbruik vir die Bantoe, (Tabel 19), aangesien drankwinkels hierby ingesluit, op beperkte skaal, indien wel, Bantoebier aanhou en verkoop.)

---

10) Statistieke i.v.m. verkope is ingesamel vir 1 tot 12 verspreidingspunte per dorp of stad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Mnr. C.J. Greef, Sekretaris van Justisie[11] is die werklike drankverbruik per capita deur die Bantoe heel moontlik uiters laag in vergelyking met dié van ander etniese groepe in Suid-Afrika. Die verbruik van Bantoebier het van 83.6 miljoen gellings in 1963 met 22.2% tot 102.1 miljoen gellings in 1964 gestyg. In 1965 is hierdie styging gehandhaaf. Die hoeveelheid Bantoebier (uitgesonderd die in Bantoegebiede gebrou) wat in 1964 deur die Bantoe verbruik is, was omtrent 30 miljoen gellings meer as alle ander alkoholiese drank wat in Suid-Afrika verbruik is.[12] In 1964 het hierdie verbruik van Bantoebier 8.4 gellings per capita (Bantoe) beloop terwyl die totale verbruik van wyn en moutdranke op onderskeidelik 1.9 gelling in 1.7 gelling per capita van die hele bevolking te staan gekom het.

Die voorafgaande gegewens dui moontlik op twee belangrike kenmerke van die Bantoe se huidige drankverbruikpatroon;[13]

1. Ten spyte van die feit dat ander alkoholiese drank aan die Bantoe beskikbaar is, bly Bantoebier nog sy "nasionale" en voorkeurdrank. Die verbruik daarvan neem steeds teen 'n hoë tempo toe.
2. Wat die verbruik van ander dranksoorte betref, word voorkeur aan moutdranke gegee. Die aandeel van sowel wyn en spiritualiëe daal steeds.

---

11) Jaarverslag, Op. cit., p. 3.
12) Ibid., p. 2 - 3.
13) Loc. cit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. Samevatting.

Die moontlike effek van die Hoofwysigingswet, met verdere wysigings op die drankverbruikpatroon van verskillende etniese groepe kan dus as volg saamgevat word:

(a) Wat die Blanke betref, vind ons 'n definitiewe afname in die verbruik van spiritualiëe en 'n toename in die verbruik van wyn (veral natuurlike wyn) en moutdranke. Die Kleurling toon nog 'n voorkeur vir ongefortifiseerde wyn, maar drink meer moutdranke as tevore. Die Bantoe verkies nog Bantoebier, en moutdrankverbruik neem ook toe terwyl 'n afname in wyn- en spiritualiëe verbruik te bespeur is. (Sien Tabel 22.)

TABEL 22

DIE HUIDIGE DRANKGEBRUIKPATROON VAN BLANKES, KLEURLINGE EN BANTOES, TEENOOR DIE DRANKGEBRUIKPATROON VOOR DIE INSTELLING VAN DIE NUWE DRANKWETGEWING - 1961

SOORT DRANK	TYDENS OU WETGEWING[14]			TYDENS NUWE WETGEWING[15]		
	BLANK	KLEUR.	BAN.	BLANK	KLEUR.	BAN.
Wyn	33.0	81.7	6.5	37.0	80.9	1.2
Spiritualiëe	33.5	8.7	15.0	27.2	9.8	0.3
Moutdranke	33.5	4.7	2.9	35.8	8.8	2.3
Bantoebier	-	4.9	73.3	-	0.5	96.2
Brousels	-	-	2.3	-	-	-
	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

(b) Die toename in die verbruik van wyn en moutdranke kan heelwaarskynlik toegeskryf word aan die prysfaktor. Dit sal verklaar waarom wynverbruik in

14) Soos bepaal deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Pretoria, Navorsingsverslae nos. 17, 18 en 19.

15) Soos bepaal deur empiriese ontleding van verkoop- en verbruiksyfers, en statistieke verkry van die Jaarverslag van die Departement van Justisie, 1965.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1965 weer effens afgeneem het na prysverhogings; en moutdrankverbruik toegeneem het na prysverlagings. Die reklame vir hierdie ligter dranksoorte, veral wyn, mag ook 'n rol speel.
Wat die Bantoe betref is dit baie opmerklik dat hy meer spiritualiëe gebruik het voor hy wetlik daartoe toegang gehad het as op die huidige stadium. Die afname was geweldig, naamlik van 15.0% (waarvan baie miskien deur smokkelhandel verkry) tot minder as 1.0%. Dit wil dus voorkom asof die "aantreklikheid" van spiritualiëe vir die Bantoe verdwyn het vandat dit nie meer vir hom verbode is nie, en hy maar weer na sy eie tradisionele drank teruggekeer het wat met meer as 20% in verbruik toegeneem het.

(c) Mits die voorwaardelike aard van die bevindings van hierdie voorondersoek in gedagte gehou word, wil dit dus voorkom asof die gewysigde drankwet nie 'n radikale invloed uitgeoefen het op die verandering in drankgebruik van verskillende bevolkingsgroepe nie, behalwe in 'n mindere mate by die Bantoe, wat anders as wat verwag is, 'n toename in die verbruik van Bantoebier, en ander bier, en 'n afname in die verbruik van spiritualiëe toon, en Kleurlinge wat 'n toename in die verbruik van bier toon. Of enige grootskaalse navorsing oor die moontlike verband tussen drankwetgewing en drankgebruik in Suid-Afrika van besondere betekenis sal wees, is te betwyfel. Daar bestaan wel 'n ernstige behoefte aan navorsing oor verwante aspekte van drankgebruik; soos die huidige drinkpatrone van verskillende etniese groepe, drankmisbruik, alkoholisme, ens. Veral laasgenoemde probleem is in enige same-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lewing 'n sorgwekkende probleem maar selfs wanneer ons drankwetoortredings as geheel in ag neem, soos in die volgende hoofstuk, blyk die verandering van die drankwet eerder 'n gunstige as ongunstige uitwerking te gehad het.

oooo0oooo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VII

DRANKWETOORTREDINGS, EN NAVORSING WAT GEDOEN IS NA DIE DRANKWET VERANDER IS

A. Drankwetoortredings.

Aangesien baie van die bepalings in die ou drankwet wat aanleiding gegee het tot drankwetoortredings, met die nuwe drankwetgewing opgehef is, en aangesien strafmaatrëels vir drankwetoortredings soveel verskerp is na die nuwe Wet, is dit nie verbasend dat daar 'n afname in drankwetoortredings te bespeur is na 1961 nie. Weliswaar is daar nog smokkelkroëe in werking, en hierdie keer veral die Bantoe wat aan die Kleurling drank verskaf wat hy kragtens permit kan brou. Hierdie verskynsel hou egter nie noodwendig verband met drankmisbruik nie, maar is 'n wederregtelike aktiwiteit waar die drankwet oortree word. Dit sal op klein skaal fungeer solank ander drankpersele vir bepaalde tye gesluit is, aangesien dit 'n manier is om addisionele inkomste te verdien. Volgens polisieamptenare het die verskynsel egter in totaal baie afgeneem sedert die Wet verander is.[1)]

Uit Tabel 23 kan gesien word hoe spesifieke tipe drankwetoortredings afgeneem het tussen 1962 en 1963.

TABEL 23[2)]

TOTALE AANTAL DRANKWETOORTREDINGS VIR ALLE BEVOLKINGSGROEPE GEDURENDE DIE EERSTE SES MAANDE VAN 1962 EN 1963

TIPE OORTREDINGS	EERSTE SES MAANDE VAN 1962	1963
Dronkenskap	32,783	30,560
Onwettige besit van Bantoebier	31,339	16,039
Onwettige besit van ander drank	7,323	1,088
Onwettige besit en verkoop van suurdeeg	623	244
Verkoop sonder lisensie	428	344
Ander oortredings	6,256	3,569

1) Persoonlike Kommunikasie, 1964, Speurdiens Kaapstad, tydens werk aan ander projek.
2) Jaarveslag, Departement van Justisie, 1963.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook wat betref die persentasie drankwetveroordelings vir elke bevolkingsgroep is daar 'n daling merkbaar na die Wet verander is.

In Tabel 24 word die persentasie per bevolkingsgroep, asook die gemiddelde aantal veroordelings per bevolkingsgroep vir elke tydperk, uiteengesit.

TABEL 24[3)]

ALLE DRANKWETVEROORDELINGS: 1956 TOT 1964

TYDPERK	BLANK	BANTOE	ASIAAT	KLEURLING	
1956 - 1960	0.5	2.2	0.5	4.1	%
	14,740	214,131	1,707	56,155	Gem.
1961 - 1964	0.2	0.6	0.2	1.9	%
	6,369	67,040	945	29,548	Gem.

Vir die totale Blanke bevolking het die persentasie drankwetveroordelings afgeneem van 0.5% tussen 1956 en 1960, tot 0.2% tussen 1961 en 1964. Vir Bantoes was die afname vir dieselfde tydperk van 2.2% tot 0.6%. Vir Kleurlinge was die afname vir hierdie tydperk van 4.1% tot 1.9%, en vir Asiate van 0.5% tot 0.2% vir die ooreenstemmende tydperk. Die gemiddelde afname vir die bevolking as geheel was van 1.8% tussen 1956 en 1960 tot 0.7% tussen 1961 en 1964. Die afname vir Kleurlinge verdien aandag aangesien dit besonder hoog is, nl. van 4% tot minder as 2%.

Daar was in 1966 in die Kaapse Skiereiland meer dronkenskapveroordelings as in 1965, naamlik 17,628 teenoor 16,994 van die vorige jaar. Ook was daar 'n toename in persone wat sonder lisensie drank verkoop het, soos blyk uit Tabel 25.

3) Saamgestel uit Jaarveslae van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, 1956 tot 1964

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 25[4)]

DRANK SONDER LISENSIE VERKOOP

	1965	1966
Blankes	7	19
Kleurlinge	86	109
Bantoes	7	25

Hierdie toename in sekere oortredings is egter nie baie omvangryk of betekenisvol as die persentasie veroordelings per totale bevolking bereken word nie. Tussen 1964 en 1965 was die persentasie van die totale bevolking van die Republiek en Suidwes-Afrika (van ± 18,400,000 persone) wat die drankwet oortree het, 0.6%, waar die persentasie veroordeeldes vir die Republiek voor die verandering van die drankwet byna 2% was. Daar is dus 'n definitiewe afname in die drankwetoortredings en -veroordelings ná die drankwet verander is. (Sien Byvoegsel 7 waar die afname-tendens van spesifieke veroordelings gesien kan word, tussen 1960 en 1965.)

Hierdie syfers sou persentasiegewys hoër vertoon per bevolkingsgroep indien slegs die volwasse bevolking, of bevolking oor 16, bv. vir die berekening in ag geneem word. Aangesien syfers nie vir elke jaar vanaf 1961 tot 1966 vir hierdie doel beskikbaar was nie, word die totale bevolkingsyfer vir elke jaar dus gebruik. Deur deurgaans op hierdie wyse te werk te gaan, kan dieselfde tendens van afname waargeneem word.

Soos dan blyk uit die voorafgaande gegewens, het die verandering van die drankwet dus 'n merkbare verandering teweeggebring in die drankwetoortredings, en spesifiek

4) Polisieverslag oor: "Annual Meeting of the Licensing Board for Area no. 1", 1966, p. 16.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veroordelings, na 1961.

B. Navorsing gedoen na 1961.

Die enigste omvattende navorsing wat sover onderneem en voltooi is oor drankgebruik/misbruik na 1961, is die studie i.v.m. Geestesafwykings en Alkoholisme onder Kleurlinge in die Kaapse Skiereiland.[5] Hierdie studie is oor 'n tydperk van drie jaar onderneem en baie noukeurig gekontroleer. 'n Toevallige seleksie van gevalle is op 'n geografies-gestratifiseerde basis onderneem en 500 Kleurlinge is by die studie ingesluit.[6] Wat die bevindings van die studie veral betekenisvol maak is die feit dat meer as 50% van bogenoemde gevalle na die onderhoud wat met elk gevoer is waarin 'n vraelys voltooi is, met een of ander sleutelpersoon in sy/haar gemeenskap bespreek is. (Hetsy die behuisingsbeampte, distriksverpleegster, maatskaplike werker, predikant of werkgewer.) Op hierdie manier kon met meer sekerheid aangeneem word dat inligting, veral die wat oor alkoholisme handel betroubaar sou wees.

Van die Kleurlingbevolking is gevind dat 4% verslaaf is aan drank, d.w.s. meer as 8,000 van die bevolking bo 20 jaar. Van die Kleurlingmans wat drink word 22% as swaar drinkers beskou, waarvan 7% verslaaf is, en 7% op pad om verslaaf te raak. Een uit elke sewe Kleurlingmans wat drink is dus of reeds 'n alkoholis, of op pad daarheen.

Van die totale bevolking is daar egter nog 60% wat geheelonthouers is. Die feit dat 'n aantal Maleiers

5) Gillis et al., Op. cit.
6) Ibid, p. 14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook by hierdie studie ingesluit is, verklaar gedeeltelik hierdie hoë syfer, asook die feit dat 'n groot aantal Kleurlingvroue geheelonthouers is. (Die monster het uit 250 mans en 250 vrouens bestaan).
In vergelyking met vrouens van ander bevolkingsgroepe, is gevind dat baie meer Kleurlingvrouens geheelonthouers is, bv. 73.8% teenoor 31.8% by Blankes.
Die Kleurlingvrou wat wel drink, drink meestal by spesiale geleenthede soos 'n partytjie of huwelik.
Meeste van die Kleurlingalkoholiste word in die laer maatskaplike klas aangetref. Die hoër klas Kleurling drink meer soos die Blanke sosiale drinker, ook wat gebruik van sterker drank as wyn betref. Verder is 'n verband gevind tussen geestesafwyking en alkoholisme. Van die Kleurlingalkoholiste in hierdie studie, toon 60% tekens van geestesafwyking.
Hoewel nie spesifiek op oorsaaklike faktore m.b.t. alkoholisme ingegaan is nie, was dit opvallend tot watter mate ongewenste maatskaplike omstandighede, oorbewoning, siekte en lae ekonomiese peil verband hou met alkoholisme. Dit is veral die rede waarom so baie Kleurlingvroue in die laer klasse nie drink nie.
Hulle gesinslewe is reeds so gedisorganiseerd dat hulle self 'n laaste poging aanwend om die opvoeding van kinders op hul skouers te neem. In baie gevalle moet hulle gaan werk, ten spyte van klein afhanklike kinders by die huis, omdat hulle mans nie genoeg bydra tot huishoudelike uitgawes nie, weens oormatige uitgawe aan drank.
Daar kon drie spesifieke drinkpatrone onderskei word, gebaseer op tipe drank, tyd en plek van drankgebruik, en uitgawe aan drank. Hierdie drie patrone is op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grond van hul oorheersende kenmerk verdeel in daaglikse, naweek- en geselligheidsdrinkpatrone. Die oorgrote meerderheid het binne die sosio-kulturele patroon van naweek-drinkery geval.

In hierdie studie word verder 'n hele afdeling gewy aan aanbevelings i.v.m. behandelingsdienste vir Kleurling-alkoholiste en Kleurlinge met geestesafwykings.

In die studie van Gillis et al is destyds ook 'n vergelyking getref tussen die verskillende tipe drinkers, nl. alkoholiste, swaar drinkers en sosiale drinkers, en die mate waartoe hulle met die gereg in botsing gekom het a.g.v. drank.[7)]

Vir die doeleindes van hierdie huidige studie is die oorspronklike syfers van Gillis et al se ondersoek tot persentasies verwerk, en word verdere afleidings gemaak.

TABEL 26

DIE MATE WAARTOE VERSKILLENDE TIPE DRINKERS MET DIE GEREG IN BOTSING WAS (1963)

	ALKOHOLISTE	SWAAR DRINKERS	SOSIALE DRINKERS
Persentasie wat in botsing was met Polisie a.g.v. drank	58%	6%	9%

Slegs 9% van die sosiale drinkers in hierdie studie was met die gereg in botsing weens drank. Meer as die helfte van die alkoholiste was egter reeds met die Polisie in botsing weens hulle drankmisbruik. Aangesien dit ook bekend is dat die statistieke van die Polisie i.v.m. veroordelings nie noodwendig individuele gevalle impliseer nie, mag dit wees dat van hierdie mense herhaaldelik aangekla word vir oor-

7) Ibid., p. 135.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tredings i.v.m. drank. Aangesien dronkenskap ook die mees algemene drankwetoortreding is, word hier die moontlikheid geopen vir interessante oorspronklike navorsing. Die voorafgaande ontleding sinspeel op die volgende moontlikhede:

(a) Dat dit meestal die drankmisbruiker en/of alkoholis is wat vir dronkenskap veroordeel word;
(b) Dat dieselfde persoon meer as een keer in die bestek van een jaar vir dieselfde drankwetoortreding vervolg word.

Indien bogenoemde bewerings deur verdere navorsingstudies as juis bewys kan word vir alle bevolkingsgroepe, dan word een van die mees algemene drankwetoortredings in 'n groot mate die hoof gebied deur aandag te skenk aan die alkoholiste van 'n land, en deur toe te sien dat behandelingsentrums vir alkoholiste tot die maksimum doeltreffendheid ontwikkel. So 'n stap sou veel meer betekenisvol wees as om bv. drankwetoortredingsyfers buite verband aan te haal, hulle 'n skewe beklemtoning te gee, en sodoende poog om die verantwoordelikheid vir ernstige maatskaplike probleme wat verband hou met drankgebruik oormatig te koppel aan drankwetgewing.
Spesifiek wat (b) betref, sou 'n bevestiging van die moontlikheid dat dieselfde persone herhaaldelik vir dieselfde oortreding vervolg word bowendien 'n totaal ander beeld skep van die <u>omvang</u> van die probleem. Dit is nl. moontlik dat die <u>omvang</u> van drankmisbruik <u>veel laer</u> is as wat tot dusver aanvaar is op grond van beskikbare gegewens.

oooo0oooo

AFDELING C

ALKOHOLISME AS SPESIFIEKE MAATSKAPLIKE PROBLEEM WAT VERBAND HOU MET DRANKGEBRUIK

HOOFSTUK VIII

ALGEMENE KENMERKE I.V.M. ALKOHOLISME IN SUID-AFRIKA

Die bevindings van die voorafgaande hoofstuk dui daarop dat alkoholisme die belangrikste enkele maatskaplike probleem is wat direk in verband gebring kan word met die beskikbaarheid van alkoholiese dranke. Dit is derhalwe wenslik dat meer aandag hieraan geskenk word in 'n voorondersoek soos hierdie. Alkoholisme word in die algemene omgang beskou as enige vorm van drankmisbruik, maar in hierdie afdeling word dit in vakkundige sin gebruik, naamlik om te dui op 'n persoon wat aan drank verslaaf is tot so 'n mate dat hy geen beheer oor sy drankgebruik het nie, en dikwels teen sy eie beterwete drank gebruik as gevolg daarvan. (Sien ook die definisie in die inleidende gedeelte van hierdie studie.)

A. Die voorkoms van alkoholisme in Suid-Afrika in vergelyking met ander lande.

Volgens L. Freed[1)] was daar in 1960 ongeveer 315,000 alkoholiste in Suid-Afrika. In verhouding tot die totale bevolking van 1960 wat om en by 15,000,000 was (14,928,000) was 2.1% dus verslaaf aan drank. As hierdie persentasie vergelyk word met díe van ander lande, vind ons die volgende:

---

1) Op. cit.

TABEL 27[2)]

PERSENTASIE ALKOHOLISTE IN VERSKEIE LANDE

LAND	%
Frankryk	5.2
V.S.A.	4.4
Chilie	2.9
Swede	2.6
Switserland	2.1
Suid-Afrika	2.1
Denemarke	1.9
Kanada	1.9
Noorweë	1.6
Finland	1.4
Australië	1.3
Engeland (insluitende Wallis)	1.1
Italië	0.7

Hoewel die syfers vir die ander lande gedurende 1958 bepaal is, kan dit met sekere aansuiwerings as basis van vergelyking dien vir ons syfer van 1960.
Volgens Tabel 27 het Suid-Afrika, soos Switserland die vyfde hoogste persentasie alkoholiste; tog verskil die persentasie nie geweldig baie van dié van Chilie, Swede, Denemarke en Kanada nie. Die land met die hoogste persentasie alkoholiste is Frankryk (5.2%) en met die laagste persentasie, Italië (0.7%).
Daar is persone wat meen dat die persentasie alkoholiste in Frankryk so hoog is weens die hoë wynverbruik. Dieselfde word van ons Kleurlinge gesê (waarvan 4% alkoholiste is). Italië is egter ook hoofsaaklik 'n wynverbruikende land, en daar is die persentasie alkoholiste slegs 0.7%.
Dit sou miskien meer realisties wees om alkoholisme

2) Popham, R.E. et al: "Estimated Prevalence of Alcoholism in Various Cultures," 1958, soos aangehaal deur Gillis et al, Op. cit., p. 60.

as universele verskynsel te aanvaar, en dan op die beste wyse te beplan i.v.m. voorkomende en rehabilitasiedienste vir hierdie persone. Soos vroëer geimpliseer is, is daar moontlik 'n ooreenkoms tussen die persentasie alkoholiste in 'n land, en die persentasie dronkenskapveroordelings van daardie land. Daar is reeds 'n mate van verifikasie dat meer van hierdie mense in botsing kom met die Polisie, weens drank. Indien verdere navorsing hierdie hipotese as geldig bewys vir verskillende bevolkingsgroepe, sou 'n groot deel van publieke drankmisbruik bekamp word deur meer vir die alkoholis te doen.
Dink bv. hier aan die Kleurlinge, waarvan 4% verslaaf is, en vir wie daar nog feitlik geen behandelingssentrums bestaan nie.

B. Wetgewing i.v.m. alkoholisme in die Republiek.
Ten opsigte van drankmisbruik in die algemeen is daar sekere wetsbepalings, asook t.o.v. alkoholisme in die besonder.

1. Die Drankwet no. 30 van 1928 en die Hoofwysigingswet no. 72 van 1961, het grootliks betrekking op die beheer oor vervaardiging, distribusie en verbruik van alkohol. Daar is egter die volgende bepalings i.v.m. drankmisbruik:
'n Persoon wat aan drank en/of verdowingsmiddels verslaaf is, en as gevolg daarvan sy vermoë verkwis of sy gesondheid benadeel, kan vir 'n bepaalde tyd verbied word om sterk drank te bekom en sy naam word op 'n swartlys geplaas.
Verder word bepaal dat dit 'n misdryf is om dronk te

wees of drank te gebruik op straat of in 'n stadsgebied, publieke deurgang of oop stuk grond wat daaraan grens. Hierdie bepaling beheer tot 'n sekere mate die misbruik van sterk drank waar soiets vir die publiek hinderlik kan wees.

2. Die Strafproseswet, no. 56 van 1955 bepaal in Artikel 340 dat in 'n geval waar die hof iemand tot gevangenisstraf kan veroordeel, anders as by wanbetaling van 'n boete, die hof i.p.v. die gevangenisstraf hom die vonnis kan oplê om in 'n werkkolonie of soortgelyke inrigting aangehou te word vir 'n tydperk gelykstaande aan die gevangenisstraf wat hy sou uitdien.

Artikel 341 van hierdie Wet het meer betrekking op die alkoholis of gewoontedronkaard. Hy kan óf na 'n dronkaardsasiel óf 'n werkkolonie of toevlug, óf 'n gesertifiseerde toevlug gestuur word indien hy (a) skuldig bevind is aan 'n misdryf wat met 'n boete of gevangenisstraf strafbaar is; en (b) die misdryf met drank in verband gebring kan word. So 'n persoon kan ook net op grond daarvan dat hy as gewoontedronkaard verklaar is, na een van bogenoemde inrigtings gestuur word.

3. Die Wet op Werkkolonies no. 25 van 1949, soos gewysig tot: Die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiesentrums, no. 86 van 1963.

Aangesien die ou Wet (no. 25, 1949) drasties gewysig is, word die belangrikste bepalings van die nuwe Wet gegee;

Die Wet beoog koördinasie van staatsbeleid op nasionale vlak t.o.v. die behoud van die alkoholis; die daarstel-

ling van staatsfasiliteite in die gemeenskap, en inrigtings vir die behandeling van die alkoholis. Voorts word die sertifisering, goedkeuring en subsidiëring van privaat welsynsorganisasies vir die versorging en behandeling van alkoholiste in die gemeenskap en in inrigtings in die vooruitsig gestel. Ook word beoog om rehabilitasiesentrums daar te stel vir persone wat nie alkoholiste is nie, maar nogtans behandeling benodig.

C. Fasiliteite vir die behandeling van alkoholiste in Suid-Afrika.

1. Matigheidsbewegings.

Hierdie bewegings beywer hulle veral vir bestryding van drankmisbruik, en om die publiek in te lig oor gevare verbonde aan die gebruik van drank. Sommige propageer geheelonthouding.

In 1873 is 'n tak van die "International Order of Good Templars" reeds in Suid-Afrika gestig. In 1889 is die Suid-Afrikaanse Matigheidsbond begin. In 1899 is die Vroue Christelike Matigheidsvereniging gestig. Later is ook die Matigheidsbond, bestaande uit werknemers van die S.A.S. begin.

Behalwe vir verspreiding van inligting, hanteer hierdie bewegings nie die behandeling van die alkoholis nie.

2. Private inrigtings deur vrywilligers.

Daar is verskeie privaatinrigtings (gewoonlik groot huise) waar vrywilligers alkoholiste probeer help.

3. Toevlugsoorde en rehabilitasiesentrums.

(Die sentrums onder die toesig van die Departement Volkswelsyn en Pensioene, en Departement Kleurlingsake, is gestig kragtens die Wet op toevlugte en rehabilitasiesentrums.)

Die Departement van Volkswelsyn het hom sedert sy totstandkoming beywer vir die welsyn van die alkoholis. Hierdie Departement voorsien o.a. die volgende rehabilitasiesentrums:

(a) Sonderwater - sentrum, Pretoria.

(b) Swartfontein-sentrum, Witrivier.

(c) Talbot-huis, Pretoria Noord.

Die Departement van Kleurlingsake het 'n sentrum vir Kleurlinge te Kraaifontein maar persone wat hier opgeneem word is vir ander misdade veroordeel, afgesien van swaar drankgebruik. Die Heilsleer het ook 'n Maatskaplike Plaas vir Blanke alkoholiste te Muldersvlei.

4. Inrigtings onder privaatbeheer.

Hierdie inrigtings, hoewel privaat beheer, is onder die toesig van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Daar is o.a. die volgende inrigtings:

Die "Rand Aid Association" (1942) vir Blanke mans.

Northlea (1943) vir Blanke mans.

Mount Collins vir Blanke vrouens.

Persone word in bogenoemde inrigtings óf volgens 'n hofbevel, of vrywillig opgeneem.

5. Alkoholiste Anoniem.

Hierdie vereniging wat in 1946 in Johannesburg begin is, bied hulp aan alkoholiste met behulp van herstelde- of medealkoholiste. Onlangs is in Kaapstad vir die eerste keer ook vir Kleurlinge 'n paar A.A. groepe begin, waarin Kleurlingonderwysers wat alkoholiste is, die leiding neem.

6. Gevallestudiedienste deur Maatskaplike werkers by geregistreerde welsynsorganisasies.

By welsynsorganisasies soos bv. die A.C.V.V., die C.N.R., word gevallestudiedienste aan alkoholiste gelewer. Waar dit moeilik is om alkoholiste opgeneem te kry in inrigtings, weens tekort aan akkomodasie, en ander oorwegings, kan die belangrikheid van hierdie gevallestudie dienste vir die alkoholis nie onderskat word nie.

7. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkohlisme.

Hierdie Raad is in 1956 gestig om veral aandag te gee aan alle aangeleenthede van nasionale en internasionale belang m.b.t. alkoholiste. Hulle beywer hulle ook daarvoor om die publiek in te lig oor alkoholisme as siekteverskynsel. Benewens die inligtingskantore van die Raad, is daar ook verskeie klinieke deur S.A.N.R.A. begin:

Die Castle Carey Kliniek in Pretoria is in 1957 begin en word deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene beheer.

Die Horison Kliniek in Boksburg is in 1961 geopen.

Die Lulama behandelingsentrum in Durban fungeer sedert 1960.

Hierdie sentrum is geregistreer en word gesubsidieer deur die Natalse Provinsiale Administrasie.

8. Hospitaaldienste.

(a) Provinsiale Hospitale.

Die William Slater hospitaal in Rondebosch, Kaapstad, is in 1959 begin as Parkweg-hospitaal, en is die enigste hospitaal wat spesialiseer in die behandeling van die alkoholis. Die behandeling word deur opgeleide persone waargeneem, soos psigiaters, dokters, verpleeg-

sters, maatskaplike werksters en arbeidsterapeute, en die klem is op spanwerk.

Die Port-Elizabethse hospitaal het in hul buite-pasiënt afdeling ook 'n kliniek vir alkoholiste geskep.

Die volgende hospitale is nie ingerig vir alkoholiste nie, maar neem hulle soms op, en kry veral te doen met komplikasies van alkoholgebruik, soos lewer cirrhosis, ens.:

Johannesburg Algemene Hospitaal,
Pretoria Algemene Hospitaal,
Durban Addington Hospitaal,
Oos Londen Frere Hospitaal,
Kimberley Hospitaal,
Groote Schuur Hospitaal, Kaapstad.

Daar is ook kleiner hospitale wat soms vir 'n dag of twee alkoholiste sal inneem totdat hulle sober is.

(b) Sielsieke Hospitale.

Hierdie hospitale neem soms alkoholiste op maar is uit die aard van die saak meer bereid om persone op te neem wat aan alkoholiese psigoses ly.

Fort England - Grahamstad,
Fort Naper - Pietermaritzburg,
Tower Hill - Pietermaritzburg,
Komani Hospitaal - Queenstown,
Oranje Hospitaal - Bloemfontein,
Sterkfontein - Krugersdorp,
Valkenburg - Kaapstad,
Weskoppies - Pretoria.

9. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Geestesgesondheid.

Hierdie liggaam is as welsynsorganisasie geregistreer met hoofkantoor in Johannesburg. Hulle het verenigings

en klinieke oor die hele land, en sien 'n groot persentasie alkoholiste, waar alkoholisme verband hou met geestesafwykings.

Daar is in 1951 'n Nasionale Konferensie oor alkoholisme gehou waarin besluit en aanvaar is dat alkoholisme 'n siekteverskynsel is; behandel kan word en dat vrywillige samewerking van die alkoholis op 'n vroëe stadium verkieslik is bo dwang. Behandeling onder dwang in inrigtings moet beskou word as die laaste poging tot rehabilitasie. Ook is die noodsaaklikheid van spanwerk in die behandeling van die alkoholis beklemtoon.

Sedertdien is twee konferensies oor alkoholisme ook gehou deur die Instituut vir Wetenskaplike Studies te Johannesburg in 1960 en 1962. Ook hier is belangrike aspekte i.v.m. die probleem van alkoholisme bespreek, soos sal blyk uit verskeie aanhalings uit referate wat daar gelewer is, in hierdie studie. Verskeie ander perspektiewe is gestel, soos bv. dat meer klem op opvoeding i.v.m. alkoholgebruik moet val, asook op voorkoming, en alle aandag nie op rehabilitasie toegespits moet wees nie.

Die mees onlangse kongres oor alkoholisme, was die eerste Nasionale Somerskool wat deur S.A.N.R.A. gereël is en wat plaasgevind het in Pretoria op 2 tot 5 Oktober 1966. Hier is belangrike aspekte bespreek i.v.m. behandelingsmetodes, en veral klem op die nasorg van die alkoholis gelê. Ook is aandag gewy aan die korrekte gebruikmaking van die nuwe Wet op toevlugte en rehabilitasiesentrums.

Ook is deur Kapt. van Zyl van die Suid-Afrikaanse Polisie, duidelik gestel dat die Polisiemag alkoholisme

as 'n siekte (of simptoom van 'n siekte) beskou, en dat kriminologie 'n belangrike deel van die polisieman se opleiding vandag vorm. Hulle staan nie onverskillig teenoor die probleem van alkoholisme nie, en sal op hul manier bydra tot die moontlike oplossing daarvan.

oooo0oooo

HOOFSTUK IX

DIE MOONTLIKE HANTERING VAN DIE PROBLEEM VAN DRANK-MISBRUIK

1. Die Uitwerking van Prohibisie.

Ten einde duidelikheid te verkry oor die uitwerking van prohibisie, waar so 'n maatreël wel probeer is om drankmisbruik te bekamp, is die menings van verskillende persone, oorsee en elders, in verband hiermee versamel.

In die "National Prohibition Act, January 1920" van die V.S.A. was ernstige strafmaatreëls voorsien t.o.v. die vervaardiging, verkoop, vervoer en verbruik van drank. Volgens verskeie instansies het die Wet nooit doeltreffend gefunksioneer nie. In landelike gebiede is die Wet strenger toegepas as in die stede. Kerkgenootskappe en die filmbedryf het bv. prohibisie gesteun terwyl werkgewers en werknemers dit beveg het. 'n Geweldige smokkelhandel in drank het onder hierdie wetgewing ontstaan. Uiteindelik was dit die koste verbonde aan die toepassing van hierdie Wet wat daartoe aanleiding gegee het, saam met ander faktore, dat die prohibisiewet uiteindelik opgehef is.

Daar was deurentyd skerp uitlatings oor prohibisie in die V.S.A. terwyl dit toegepas is. In die "Repeal Review" tydskrif[1)] is prohibisie bv. skerp aangeval. Daar is gesê dat indien prohibisioniste sou ophou met hul propaganda en na die feite kyk, hulle die volgende sou insien:

(a) Dat die ware probleem i.v.m. drank opgesluit lê in oormatige gebruik nl. wat deur een uit twintig van die wat drink gedoen word.

---

1) "Repeal Review" Repeal Associates, Ottis Building, Washington 6, D.C., soos aangehaal deur W. Scharffenberg, Eerste Sitting, Konferensie oor Alkoholisme, Instituut vir Wetenskaplike Studies, Johannesburg, 1960.

(b) Dat Wette i.v.m. prohibisie misluk het in 'n poging om oormatige drankgebruik te beperk.

(c) Dat persone wat oormatig drink dit nie doen a.g.v. 'n bestanddeel of kwaliteit binnê alkohol nie, maar omdat alkohol tydelike verligting verskaf vir fisiese pyn, of emosionele frustrasie wat weens wanaanpassing ontstaan.

(d) Dat wetenskaplike studies i.v.m. die oorsake na die drang om oormatig te drink die enigste is wat kan aanwys hoe die probleem van alkoholisme hanteer kan word.

(e) Dat alkoholisme onder beheer gebring sal word indien dit tot dieselfde mate aandag geniet as sekere siektes, soos bv. Tuberkulose - 'n siekte wat geweldig bekamp is deur propaganda en drastiese optrede.

(f) "The teaching in our public schools should be brought into line with these conclusions, and the false teaching and 'scare stuff' should be thrown out."

(g) "The clinics for alcoholics which could be established and maintained by devoting to them the funds now going into the treasuries of so-called 'temperance societies', would reach and help more victims of alcoholism than any of the prohibition laws ever enacted."

(h) Voorts word gesê dat indien prohibisioniste kon wegkom van die sogenaamde "liquor traffic" en aandag sou gee aan 'n program soos in (g) uiteengesit hulle met meer reg die term "matigheid" kon gebruik. Sommige predikante in die V.S.A. was groot aanhangers van die bogenoemde standpunte. Die President van

"Ministerial Alliance of Greater Kansas City" het voor 'n konferensie verteenwoordig deur die kroeg-eienaars-assosiasie, die volgende gesê:

> "Ministers who preach the use of strong arm methods to fight the liquor industry are not living in the 20th century, and the liquor problem is not going to be solved by the return of prohibition ..... Cooperate with Industry. We've tested prohibition and it brought about conditions we do not want to see again."[2)]

Dr. Colin Rip[3)] wat onlangs sy doktorstesis voltooi het oor: "The Alcoholic and the Group" en intensiewe ontledings vir hierdie werk gedoen het van alkoholiste by die William Slater hospitaal in Kaapstad, asook by Alkoholiste Anoniem, het in die algemeen die standpunt hierbo gesteun. Hy is van mening dat prohibisie geen doel dien nie aangesien persone verligting van hul frustrasies op ander maniere sal vind indien hulle dit nie kan hanteer nie, wat netso disorganiserend tot hul maatskaplike funksionering kan wees. Hy sê voorts dat prohibisie tot smokkelhandel lei, en dat ons in Suid-Afrika 'n soortgelyke ervaring gehad het. Hy meen dat prohibisie alleen suksesvol kan wees as dit vrywillig deur die meerderheid van die bevolking goedgekeur word.

Uit bogenoemde standpunte kan afgelei word dat meer bevredigende resultate waarskynlik gelewer sal word indien mense eerder opgevoed word tot behoorlike drankgebruik, sodat hulle self kan besluit tot matigheid. Indien prohibisie geld, word hulle nie in die posisie

---

2) Gerapporteer in "The Chicago Tribune", 7 Februarie 1944.
3) Rip, C. The Alcoholic and the Group, gepubliseerde D. Phil - tesis, Pretoria, 1966, p. 133.

gestel om 'n beslissing te kan maak nie. As sekere mense dan ten spyte van opvoeding t.o.v. drankgebruik, nogtans alkoholiste word, sou dit moontlik medies vasgestel kon word dat hul sug na drank net so goed deur ander verdowingsmiddels vervang sou kon word; en dat daar meer sielkundige afwykings by sodanige persone bestaan as net die feit dat alkohol beskikbaar is. Scharffenberg sê die volgende:

> "Alcoholism is not due to alcohol, but rather to the psychological or the pathological make-up of the individual - the trouble is in the man, not in the bottle. The vast majority know how to handle liquor. Only a very small percentage of those who drink, not more than 5% get into difficulty due to their excessive drinking."[4)]

Uit hierdie huidige studie blyk dit dat die verandering van die drankwet 'n afname in smokkelhandel en ander oortredings tot gevolg gehad het, en dat selfs sekere dranksoorte wat as meer skadelik beskou word, 'n afname in verbruik toon.

2. <u>Die hantering van drankmisbruik in ons land.</u>

Wat die hantering van drankmisbruik in ons land betref is dit nodig om eerstens die aandag daarop te vestig dat hoewel in hierdie studie van Polisiestatistieke gebruik gemaak is om sekere tendense aan te dui, persone nie mislei moet word deur die omvang van sodanige statistieke nie. Dit is bekend dat die totale drankwetveroordelings nie individuele persone impliseer

---

4) Referaat gelewer op Eerste Sitting, Konferensie oor Alkoholisme, Instituut vir Wetenskaplike Studies, Johannesburg, 1960.

nie, maar dat een persoon herhaaldelik veroordeel mag word vir bv. dronkenskap. Die aantal veroordelings van een so 'n persoon kan dus 'n wanindruk skep by die beoordeling van die totale syfers, en die omvang van die probleem mag dus in werklikheid kleiner wees as wat dit voorkom.

Juis op grond van bogenoemde opmerking, is die hipotese gestel dat daar moontlik 'n verband bestaan tussen die alkoholiste van 'n land, en die persone wat vir dronkenskap veroordeel is. (Dronkenskap is die mees algemene drankwetoortreding). Indien hierdie hipotese as juis bewys word, kan drankmisbruik tot 'n groot mate hanteer word deur aandag te konsentreer op die alkoholiste in die land.

Wat die behandelingsentrums betref is daar reeds verskeie sentrums vir Blankes, soos in Hoofstuk VIII (C) gesien is. Vir Kleurlinge bestaan daar, afgesien van die Kraaifontein Werkkolonie, slegs die Alkoholiste Anoniem groepies wat in die Skiereiland begin is. Deur die bemiddeling van Dr. Gillis, Hoof van die afdeling Psigiatrie van Groote Schuur Hospitaal is planne goedgekeur vir 'n sentrum vir Kleurlinge. Die sukses wat moontlik deur so 'n onderneming behaal kan word kan dien as aansporing vir die totstandkoming van meer dienste vir Kleurlinge. Daar is nog geensins ernstige aandag gegee aan die daarstelling van sodanige sentrums vir Kleurlingalkoholiste nie.

Dit word as 'n groot leemte aangevoel, aangesien 4% van die Kleurlingbevolking verslaaf is aan drank, teenoor slegs 0.8% van die Blankes. Vir Blankes is daar egter al verskeie behandelingsentrums. Teen

die agtergrond van hierdie gebrekkige voorsiening van behandelingsentrums vir Kleurlinge, is dit nie verbasend dat soveel meer opsigtelike dronkenskap onder hulle te bespeur is nie. Afgesien van die Kleurlingalkoholis se drankprobleem, het hy ook nog meer stremmings op sosio-ekonomiese vlak as baie Blanke alkoholiste. Wat die reeds bestaande sentrums vir Blanke alkoholiste betref, behoort navorsing gedoen te word i.v.m. die mate van sukses van behandelingsmetodes by sodanige inrigtings, en die mate van rehabilitasie wat wel bereik word. Dit sou onprakties wees om meer inrigtings vir Blankes op te rig, sonder om die mate van doeltreffendheid van reeds bestaande sentrums tot die maksimum te ontwikkel. Daar word bv. gedink aan die gevalle wat by elke sodanige organisasie voorkom wat as "onrehabiliteerbaar" bestempel word na jare se vrugtelose pogings aan die kant van die organisasie. Hierdie is waarskynlik die persoon aan wie geen drank verskaf behoort te word nie, en dit sou miskien makliker kon geskied op 'n spesiale werkplaas vir sulke gevalle. 'n Studie is onlangs by die William Slater hospitaal vir alkoholiste in Kaapstad gedoen i.v.m. die mate van sukses wat behaal is met die behandeling van alkoholiste vandat die inrigting geopen is. Ongelukkig was die resultate nognie beskikbaar tydens die opstel van hierdie studie nie.

Rip[5] sê in sy doktorale verhandeling dat die basis vir enige program wat die bestryding van alkoholisme ten doel het, opvoeding moet wees in verband met die funksies van alkohol. F.W. Blignaut sê die volgende in hierdie verband:

---

5) Loc. cit.

"Objektiewe voorligting aangaande alkohol-verbruik d.m.v. die pers en die radio en ander kanale waaroor die gemeenskap beskik, kan veel bydra tot die vorming van gesonde houdings t.o.v. alkohol en die verbruik daarvan in 'n samelewing waar dit permissief toegelaat word."[6)]

Hoewel advertensieveldtogte vir drank normaalweg geen skade sal doen indien 'n goeie opvoedingsplan t.o.v. die gebruik van alkohol bestaan nie, kan tog toegesien word dat advertensies nie daarop gemik is om alkohol as middel teen frustrasies aan te beveel nie.

Hoewel rehabilitasiedienste in Suid-Afrika reeds baie aandag geniet, en daarop uitgebrei kan word vir sekere bevolkingsgroepe, veral die Kleurling, is daar nog baie min gedoen om voorligtings- en opvoedkundige dienste t.o.v. alkohol op 'n brëe grondslag te plaas en in nasionale omvang te voorsien.

---

6) Blignaut, F.W., "Opvoedkundige Maatreëls wat Drankmisbruik Doeltreffend sal Verhoed". Referaat gelewer op Eerste Sitting van Konferensie oor Alkoholisme, Instituut vir Wetenskaplike Studies, Johannesburg, 1960.

AFDELING D

BESLUIT

HOOFSTUK X

SAMEVATTING VAN DIE STUDIE

Die belangrikste bevindings van hierdie voorondersoek kan kortliks as volg saamgevat word:

1. Daar was voor 1961 'n duidelike wetlike differensiasie t.o.v. voorregte en vryhede met betrekking tot drankgebruik vir die verskillende etniese groepe Hierdie differensiasie het gewissel van algehele vryhede van drankgebruik by die Blanke, tot gedeeltelike prohibisie by die Bantoe.

2. Die Bantoe wat onderworpe was aan die strengste beperkings, het bepaalde stremminge ervaar soos gemanifesteer is in sy vatbaarheid vir smokkelhandel, en spannings in inter-persoonlike verhoudings met lede van ander, en in die verband, meer bevoorregte groepe.

3. By die Kleurling wat groter vryhede t.o.v. drankgebruik geniet het as die Bantoe, was dronkenskap 'n maatskaplike probleem. Verskeie faktore is as verklaring hiervoor aangebied, bv. die maatskaplike en ekonomiese posisie van hierdie groep (soos aangetoon in die werk van Gillis et al) en 'n swak diëet wat makliker dronkenskap kan veroorsaak. Die tekort aan behandelingsentrums vir Kleurlingalkoholiste is ook 'n belangrike faktor in hierdie verband.

4. Tydens die ou drankwetgewing het Bantoes en Kleurlinge die grootste persentasie per bevolkingsgroep verteenwoordig wat vir drankwetoortredings veroordeel is. Wat spesifieke tipe oortreding betref is Blankes en Kleurlinge die meeste vir dronkenskap veroordeel, en toon hulle ook die hoogste verspreiding (in verhouding tot hul totale bevolkingsgroep) van dronken-

skapveroordelings. Bantoes is meestal veroordeel vir die onwettige besit van Bantoe- en ander drank. Vir die Asiaat is dronkenskapveroordelings ook hoog, maar vir die Bantoe noemenswaardig laag. Verskeie hipoteses word gestel wat moontlik die lae dronkenskapsyfer by Bantoes kan verklaar.

5. Wat drinkpatroon van verskillende groepe betref is tydens die ou wetgewing op grond van studies gedoen deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, gevind dat onder Kleurlinge die hoogste persentasie geheelonthouers is, (38.8%), en onder Blankes die hoogste persentasie gebruikers, (74.9%). Nogtans is daar onder Kleurlinge 4% alkoholiste, en onder Blankes slegs 0.86%, vir die totale Blanke bevolking. (Die syfer vir Kleurlinge is bereken in 1963 deur Gillis et al). Vir Bantoes en Asiate bestaan geen vergelykbare syfers i.v.m. alkoholisme nie. L. Freed het 'n berekening vir die totale bevolking aangegee as 2.1% verslaafdheid. Die Blankes het tydens die ou drankwetgewing meestal spiritualiëe en bier gedrink; die Kleurlinge ongefortifiseerde wyn, en die Bantoe Bantoebier. Tog het 15% van die stedelike Bantoe reeds sterk drank gebruik voordat hulle as bevolkingsgroep wetlik daartoe toegang gehad het. Blankes het meestal saam met vriende of familie op gesellighede gedrink; Bantoes meestal tuis; die jonger Kleurling meer by openbare drinkplekke en die ouer Kleurling tuis. By beide Blankes en Kleurlinge is meer drankmisbruikers in die laer maatskaplike klasse gevind; by die Bantoe was dit egter die met hoë opvoedkundige peil wat 'n swaarder drinkpatroon vertoon het.

6. Die aanbevelings van die Malan Kommissie wat deur die Regering aangestel is om die verkooppryse en algemene distribusie van drank, met aspekte wat daarmee verband hou, te ondersoek, was die belangrikste aansporing vir die implementering van die nuwe drankwet no. 72 van 1961. Hierdie Hoofwysingswet het dan in Augustus 1962 van krag geword, met sy belangrikste bepaling die vrystelling van drank (met sekere voorwaardes) aan alle bevolkingsgroepe. Hierdie Wet is gevolg deur die Wet op Bantoebier, no. 63 van 1962, en ses ander wysigingswette van belang.

7. Die onmiddelike reaksies op die nuwe drankwet toon dieselfde tweedeling as wat voorkom by die houdings van verskeie instansies, wat die wysigingswetsontwerp voorafgegaan het. Na die ontleding van tentatiewe kriteria om 'n voorlopige aanduiding te gee van die implikasies van die nuwe Wet, wil dit egter voorkom asof die gewysigde drankwet nie 'n radikale invloed uitgeoefen het op die verandering in drankgebruik van verskillende bevolkingsgroepe nie; behalwe in 'n minder mate by die Bantoe wat anders as wat verwag is, 'n toename in die verbruik van Bantoebier, en 'n afname in die verbruik van spiritualiëe toon. Die Kleurling drink na die nuwe Wet meer bier, en die Blanke meer wyn en bier en minder spiritualiëe. Dit kan egter by hierdie twee bevolkingsgroepe waarskynlik toegeskryf word aan onlangse prysveranderings van dranksoorte, asook reklame en propaganda veldtogte vir ligter dranksoorte.

8. Ook as na drankwetveroordelings gekyk word, lyk dit asof die veranderde drankwet eerder 'n gunstige

as ongunstige uitwerking gehad het. Hoewel sekere spesifieke veroordelings soms 'n styging toon, is die algemene tendens vir die bevolking as geheel 'n afname in drankwetveroordelings, van 'n gemiddelde persentasie van ongeveer 2% voor die Wet verander is, tot 'n gemiddelde persentasie van minder as 0.7% ná die wetsverandering.

9. Slegs die studie van Dr. Gillis et al is ná 1961 onderneem en voltooi i.v.m. alkoholisme. Afgesien van die 4% verslaafdheid onder Kleurlinge is 'n verband gevind tussen alkoholisme en geestesafwyking; en is gevind dat alkoholiste meer met die Polisie in botsing kom weens drankmisbruik as ander tipe drinkers, Verder is vasgestel dat baie Kleurlingvroue nie drink nie omdat hulle die solidariteit van die gesin probeer handhaaf.

10. Alkoholisme as spesifieke maatskaplike probleem wat verband hou met drankgebruik is bespreek, en daar is vasgestel dat Suid-Afrika die vyfde hoogste persentasie alkoholiste het (2.1%) van 12 ander lande. By die moontlike hanteringe van die probleem van drankmisbruik is aangetoon hoe prohibisie as bestrydingsmaatreël misluk het in die V.S.A. Die moontlikheid bestaan dat heelparty persone wat meestal vir dronkenskap veroordeel word, ook alkoholiste is. Hierdie hipotese is hier gestel. As die proposisie as geldig bewys kan word, sal 'n groot gedeelte van die probleem van drankmisbruik hanteer kan word deur aandag op die alkoholis te konsentreer, aangesien die groot meerderheid van drankwetveroordelings, vir dronkenskap is. Dit is bekend dat Polisiestatistieke nie individuele gevalle impliseer nie, en dat een persoon

dus herhaaldelik veroordeel mag word, om sodoende mee te werk tot waninterpretasie van die totaal. By gebruik van genoemde statistieke moet hierdie verskynsel in gedagte gehou word, aangesien die probleem as gevolg hiervan minder omvangryk mag wees as wat dit voorkom.

11. Wat behandelingsentrums betref is gevind dat verskeie sentrums reeds vir Blankes bestaan, maar dat daar vir Kleurlinge 'n groot tekort is in hierdie verband. Die belangrikheid van die probleem word besef as daaraan herinner word dat 4% van ons Kleurlinge alkoholiste is; teenoor 0.86% by ons Blankes.

ooooOoooo

HOOFSTUK XI

LEEMTES IN DIE REEDS BESTAANDE KENNIS, EN AANBEVELINGS I.V.M. VERDERE NAVORSING

Soos reeds in die inleidende gedeelte van hierdie studie opgemerk is, en ook deurgaans by die samestelling van die gegewens ondervind is, is die basiese probleme i.v.m. kennis wat wel oor drankgebruik in Suid-Afrika bestaan, die volgende:

1. Die omvang van meeste van die beskikbare materiaal is te beperk om afleidings te maak vir die bevolking as geheel. Veral as die heterogene samestelling van ons bevolking in gedagte gehou word is dit imperatief dat enige navorsing wat op 'n vergelykende wyse bevindings wil aanbied sover moontlik moet probeer om al die faktore wat moontlik 'n rol kan speel in die probleem wat ondersoek word te betrek. Wat nodig is i.v.m. drankgebruik in Suid-Afrika, bv. is 'n groot navorsingsopset waarin verteenwoordigende monsters van die verskillende bevolkingsgroepe geneem word en noukeurig inligting ingewin word oof aspekte soos sosio-ekonomiese status opvoedkundige peil, woonadres, drink- en eetgewoontes, higiëniese omstandighede, fisiologiese kenmerke, ens. Alle moontlike korrelasies tussen hierdie bevolkingsgroepe moet dan op grond van bogenoemde inligting vasgestel word. So 'n navorsingsprogram sal natuurlik heelwat tyd en onkoste in beslag neem.
2. Dit bring ons onmiddelik by die volgende algemene beswaar nl. dat indien meer gespesialiseerde navorsing gedoen word, daar meer koördinasie moet wees. Met ander woorde, navorsers moet kennis neem van reeds bestaande navorsing oor die probleem en vir sover moontlik probeer om dit aan te vul deur min of meer die-

selfde konseptuele materiaal, kategoriëe en algemene kriteria te gebruik. Alleen op díe wyse sal verskillende navorsingstudies met mekaar vergelyk kan word.

3. Daarom is dit noodsaaklik dat navorsing wat wel onderneem word op wetenskaplike wyse aangepak behoort te word deur persone wat die nodige opleiding daarvoor het. Baie wanindrukke word geskep deur persone wat op onwetenskaplike wyses veralgemenings soek vir drankmisbruik in Suid-Afrika. Die volgende aanhaling uit 'n dagblad is tiperend van bogenoemde probleem:

> "Speaker expressed alarm at the increase in the number of cases dealt with by the police under the Liquor Act. In spite of moves to allow freer access to liquor, the number of cases dealt with were 117,178 in the year 1964-1965."[1)]

Toegegee dat koerantberigte soms misleidend kan wees, wil dit voorkom asof bewerings hier gemaak word wat 'n skewe indruk skep, naamlik 'n toename in drankwetoortredings van die vorige jare. Toevallig is die syfer vir die vorige jaar, naamlik 1963-1964, 126,566, en dus hoër as díe waarna in die aanhaling verwys word. (Sien Byvoegsel 8). Daar was dus in totaal 'n afname in die aantal oortredings waarmee die Polisie te doen gekry het. Indien hierdie syfer verder in verband gebring sou word vir die totale bevolking, sou die afnametendens nog duideliker vertoon.

4. Dít wat algemene leemtes t.o.v. navorsing oor drankgebruik betref. In die samestelling van bevindings

---

1) "The Cape Argus", November, 1966.

vir hierdie ondersoek is die volgende spesifieke tekortkomings gevind aan die hand waarvan voorstelle vir verdere navorsing gedoen word:

(a) Wat die Bantoe betref is daar nog heelwat navorsing nodig oor hul drinkpatroon, veral die huidige drinkpatroon. Daar is bv. geen statistieke beskikbaar oor verslaafdheid aan drank, onder hulle nie. Sodanige statistieke is baie belangrik om 'n korrekte beoordeling te kan kry van die persentasie alkoholiste in die bevolking vandag. Syfers wat reeds bestaan vir die bevolking as geheel is ietwat verouderd hoewel dit 'n goeie aanduiding kan gee van die probleem. Ook is nognie empiries vasgestel waarom dronkenskap volgens Polisiestatistiek onder die Bantoe so laag is nie. Die volgende moontlike verklarings is in die verband gestel in hierdie studie, en hoewel sommige instansies dit reeds onderskryf, moet dit aan verdere toetsing en verifikasie onderwerp word voordat geldige afleidings gemaak kan word.

(i) Die feit dat meer as 90% van die Bantoe Bantoebier drink en dit bekend is dat hierdie drank voedingswaarde het en 'n leemte in die volksdiëet aanvul, mag verband hou met die lae dronkenskapsyfer. Dit word juis van die Kleurling gesuggereer dat 'n swak diëet dronkenskap bevorder.

(ii) Baie van die Bantoe-woonbuurtes of Bantoelokasies is meer afgesonderd as bv. Kleurlingwoonbuurtes en moeiliker bekombaar deur die Polisie. Dit mag dus wees dat die voorkoms van dronkenskap onder Kleurlinge meer opsigtelik is, en die veroordelingsyfers dus hoër. Baie meer Bantoes as

Kleurlinge drink ook tuis en word nie so baie op straat of op openbare drinkplekke gesien nie. Hulle brou self hul Bantoebier of koop dit in hul area, terwyl die Kleurlinge tot 'n groot mate van sy drank in Blankegebiede moet koop en dus meer op sodanige plekke drink.

(b) In verband met inligting oor die drinkpatroon van die Blanke bestaan daar ook nog baie leemtes. Dit is bv. opvallend dat dronkenskapveroordelings vir Blankes as bevolkingsgroep net so hoog is as vir die Kleurlinge, in verhouding tot ander drankwetoortredings. By Kleurlinge is deur verskillende ondersoek vasgestel dat hulle haglike maatskaplike en ekonomiese omstandighede deels verantwoordelik is vir die hoë mate van dronkenskap wat onder hulle te bespeur is. Dit skep die vraag of dit ook die Blanke in die laer sosio-ekonomiese groep van die samelewing is wat meer weens dronkenskap veroordeel word. Venter[2] het wel gevind dat daar meer drankmisbruik onder Blankes met 'n laer opvoedkundige peil is, maar intensiewe ontleding van Polisiestatistieke sal meer lig werp op hierdie vraagstuk. 'n Gevallestudie-opname kan bv. gedoen word deur oor 'n tydperk van 'n jaar 'n steekproef te trek van Blankes wat weens dronkenskap veroordeel is, en dan m.b.v. 'n vraelys of onderhoud vas te stel wat die persoon se sosio-ekonomiese omstandighede is.

---

2) Op. cit.

(c) In verband met die Kleurling bestaan daar meer gegewens oor drankgebruik as vir enige ander bevolkingsgroep. Daar is ook reeds 'n sekere mate van verifikasie moontlik met betrekking tot vergelyking van verskillende navorsers. Ook hier is egter nog leemtes in die bestaande kennis. Hoewel bekend dat dronkenskap veral hoog is weens die ekonomiese en maatskaplike omstandighede van hierdie groep, is meer navorsing nodig oor diëet en alkohol onder Kleurlinge na aanleiding van faktore wat deur Blignaut[3] genoem is, as moontlike verklarings. Hy sê dat wanneer alkohol voortdurend op 'n leë maag gedrink word dit lei tot verwaarlosing van die liggaam en ondervoeding. Hierdie toestand kan lei tot dwangmatige drankgebruik en kan drankverslawende gevolge hê. Die vraag kan hier dus ook gestel word waarom so baie Kleurlinge op straat drink, en nie soos die Bantoe, meestal tuis nie. In hierdie verband kan uitbreiding van drinklokale in die Kleurlingwoonbuurtes self 'n positiewe uitwerking hê. Sou tuisdrinkery nie ook 'n beter diëet beteken nie? Verder kan die moontlikheid van voedsel in Kleurlingkroëe, saam met drank aan te bied, ondersoek word. Die sosio-kulturele drinkpatroon van oor naweke drink, hang grootliks saam met die tye waarop hulle betaling ontvang. Sou voorstelle i.v.m. alternatiewe skemas van besoldiging nie in hierdie verband gedoen kan word nie?

Daar moet ook weer genoem word dat dit nie verbasend is om soveel dronkenskap onder Kleurlinge te bespeur as daaraan gedink word dat daar feitlik geen behandelingsentrums vir Kleurlingalkoholiste bestaan nie, ten spyte van 'n syfer van 4% verslaafdheid onder hulle.

3) Op. cit.

(d) Daar is geen feitlike materiaal beskikbaar i.v.m. drankgebruik onder die Asiaat nie. Slegs statistieke van die Polisie i.v.m. drankwetoortredings vir hierdie groep kon gebruik word. Aangesien uit hierdie syfers geblyk het dat dronkenskapveroordelings vir hulle taamlik hoog is, is dit van belang dat empiriese navorsing omtrent die drinkgewoontes van hierdie etniese groep onderneem word. Heelwat navorsingsprobleme sal makliker die hoof gebied kan word aangesien die Asiate bevolking minder versprei is (geografies) as ander groepe. Ook sou dit interessant wees om die mate van akkulturasie wat by hulle begin plaasvind in verband te bring met hulle drinkpatroon. In so 'n studie sou die volgende aspekte betrek kon word: Die persentasie-verhouding van Asiate tot die totale bevolking; hul maatskaplike en ekonomiese posisie; werksgeleenthede; die persentasie geheelonthouers en drinkers met verdere ontleding van die mate van verslaafdheid wat voorkom volgens geslag; drankvoorkeur; uitgawe van huishoudelike begroting aan drank; en laastens die reaksie van Asiate op die verandering van die drankwet waarvolgens hulle regte uitgebrei is.

(e) 'n Omvattende navorsingstudie kan gedoen word om die proposisie wat in hierdie studie gestel is, naamlik dat daar moontlik 'n verband bestaan tussen alkoholiste en persone wat vir dronkenskap veroordeel word, te toets. So 'n studie kan aangesluit word by die een onder no. 5 genoem. Dronkenskapveroordelings vorm die grootste frekwensie van alle veroordelings onder die drankwet. Indien hierdie hipotese as

geldig bewys kan word, beteken dit dat 'n groot gedeelte van die probleem van drankmisbruik hanteer kan word deur aandag te gee aan die behandeling van die alkoholis. 'n Navorsingstudie in hierdie verband kan gedoen word deur die dienste van maatskaplike werkers en medici te verkry om beoordelingstoetse op te stel sodat opvolgstudies van persone vir dronkenskap veroordeel onderneem kan word, en vasgestel kan word hoeveel van hierdie persone verslaaf is aan drank.

(f) Meer navorsing i.v.m. alkoholisme self behoort onderneem te word. Hoewel baie kliniese materiaal reeds versamel is oor hierdie verskynsel, is nog veel meer koördinasie van beskikbare feite nodig voordat die probleem in perspektief gesien kan word. Dit is reeds algemeen bekend dat alkohol maar een van baie ander middels is waardeur die werklikheid ontvlug kan word. Waarom sou die alkoholis dus, bv. juis alkohol kies as ontvlugtingsmeganisme, en nie 'n ander soort verdowingsmiddel nie? Waarom sou in sekere samelewings 'n verband gevind word tussen alkolisme en lae sosio-ekonomiese peil, terwyl alkoholisme in ander soortgelyke samelewings nie voorkom nie? Soos in die afdeling oor alkoholisme in hierdie studie genoem is, kan ook aandag gegee word aan die mate van sukses wat behaal word by die behandelinsentrums vir alkoholiste, sodat bestaande sentrums eers tot maksimum doeltreffendheid kan ontwikkel word voordat nuwe fasiliteite geskep word.
Ten slotte kan veel meer gedoen word om voorligtings- en opvoedkundige dienste i.v.m. alkoholisme op 'n

breër grondslag te plaas as wat tot dusver die geval was. In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholisme reeds baie bereik.

ooooOoooo

LITERATUURLYS

I BOEKE

Cilliers, S.P.: (i) The Colourds of South Africa, Banier Publishers, 1962

(ii) Maatskaplike Navorsing, Kosmo Uitgewery Edms. Bpk., Stellenbosch 1965.

Diethelm, O.: Etiology of Chronic Alcoholism, C.C. Thomas, Springfield, Illinois, 1955.

Esser, P.H.: Alcoholisme, J.H. Kok, W.V. Kampen, 1960.

Kuper, H.: The Indian People of Natal, Natal University Press, 1960.

Lansdowne, C.W.H. et al: The South African Liquor Law, Juta, Cape Town, 1955.

Lolli, G.: Alcohol in Italian Culture, Publications Division, Yale Centre of Alcohol Studies, New Haven, Connecticut, 1958.

Mann, M.: Primer on Alcoholism, Victor Gollanz, Ltd., London, 1957.

Patterson, Sheila: Colour and Culture in South Africa, Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1953.

Pieterse, J.E.: Drankmisbruikers, H.A.U.M., Pretoria, 1960.

Pittman, D.J.; Snyder, C.R.: Society, Culture and Drinking Patterns, J. Wiley & Son, London, 1962.

Popham, R.E.: Drinking and Intoxication, The Free Press, Glencoe, Illinois, U.S.A., 1959.

Rip, Colin M: The Alcoholic and the Group, Gepubliseerde D-Phill Tesis, Academica, Pretoria, 1966.

II TYDSKRIFTE

Bales, R.F.: "Cultural Differences in Rates of Alcoholism". Quart. f. Stud. Alc., Vol. 6, March, 1946, pp. 480-499.

Blignaut, F.W.: "Alkoholisme: Die Eksperimentele Aspek". Geneeskunde, Vol. 5, 28, Sept., 1963, Pretoria, pp. 236-238.

Brenner, B.: "Estimating the Prevalence of Alcoholism from Vital Rates", Quart. J. Stud. Alc., 21, pp. 140-186.

Haufmann, E.: "The Life History of an Ex-alcoholic: with an evaluation of factors involved in causation and rehabilitation", Quart. J. Stud. Alc., 1951, pp. 405-443.

Hoff, E.C., et al: "Current Research on Problems of Alcoholism", Quart. f. Stud. Alc., 1955, pp. 533 - 574.

Fellinek, E.M.: "Social, Cultural and Economic Factors in Alcoholism", Quart. J. Stud. Alc., Vol. 21, Dec. 1960, pp. 565-583.

Krige, E.J.: "The Social System of the Zulus", Bantu Studies, vol VI, No. 5, Dec. 1932, p. 343.

Lennert, E.M.: "Alcoholism and the Socio-cultural Situation", Quart. J. Stud. Alc., 1956, 17, pp. 306-317.

Porterfield, A.L.: "Ecological correlates of Alcoholism", Soc. Prob., 1958, 5, pp. 326-338.

Ullman, A.D.: "Ethnic differences on the first drinking experiences", Soc. Prob., 1960, 8, pp. 45-56.

III VERSLAE (Referate, Regerings- en Navorsingsverslae, M.A. verhandelings).

A. Referate gelewer op eerste en tweede sitting van die Konferensie oor Alkoholisme te Johannesburg, gereël deur die Instituut vir Wetenskaplike Studies, 1960 en 1962.

Alberts, L.: "The Christian and Moral approach", 1962.

Badenhorst, W.J.H.: "Die Breër Aspekte van voorkoming", 1962.

Blignaut, F.W.: 1) "Die Verslawende Aspekte van Alkohol", 1960.
2) "Opvoedkundige Maatreëls wat Drankmisbruik doeltreffend sal verhoed", 1960.

Carr, W.J.P.: "Implementation of the 1961 liquor Act among non-Europeans", 1962.

Coetzee, J.D.: "The International Educational Approach", 1962.

Cluver, E.H.: "Medical Science and Alcohol", 1962.

De Beer, D.F.: "Die Morele Aspekte van die Alkohol Probleem", 1962.

Freed, L.F.: "The Social Aspects of the Abuse of Alcohol", 1962.

McCutcheon, A.T.: "The Malan Commission and Its Possible Effect on the Republic of South Africa", 1960.

Roux, A.S.: 1) "Alcoholism and Human Behaviour", 1960.
2) "The Alcoholic Psychosis, 1960.

Scharffenberg, W.A.: 1) "The Prevention of Alcoholism", 1960.
2) "Current Trends in the Field of Propaganda", 1960.
3) "Results of Poll taken in Johannesburg", 1960.

Senseman, L.A.: 1) "Philosophical and Educational Background for the Prevention of Alcoholism", 1962.
2) "Actiology of Alcoholism", 1962.
3,4) "Physiology and Pathology of Alcoholism on the Human Tissues, I - II ", 1962.
5) "Definitions of Terms Basic to the Problems Created by the Consumption of Alcoholic Beverages", 1962.
6) "Rhode Island Division of Alcohol, 1962.
7) "Panel Discussion on Clinical Procedures", 1962.
8) "Bibliography of Books, Films, Pamphlets and Resources on Alcoholism", 1962.

Steyn, D.G.: "The Pharmacology of Alcohol", 1962.

Whright, C.W.: "Research in the Field of alcoholism", 1962.

Referate gelewer op S.A.B.R.A. Simposium, April, 1957.

Referate gelewer op S.A.N.R.A. Eerste Nasionale Somerskool Insake Alkoholisme, Pretoria, 2 - 5 Oktober, 1966.

B. Regerings- en Sensusverslae.

Jubileum-uitgawe: Uniestatistieke, 1910-1960.

Buro vir Sensus en Statistiek: Opname van Gesins-uitgawe - November, 1955. Verslag no. 2: Uitgawe aan Voedsel, Alkoholiese Dranke en Tabak, Doeane en Aksyns Maandelikse Statistieke, Pretoria, 1960-1964.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek i.v.m. Drankmisbruik by Kleurlinge, Paarlse Boerever-eniging, 1944.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake drankgebruik deur Kaapse Kleurlinge, U.G. 33/1945.

Verslag van die Nasionale Konferensie oor alkoho-lisme, Dept., Volkswelsy en Pensioene, U.G. 22/1936.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Plaaslike Dranklisensieraad en die koopverplig-tingstelsel, U.G. 22/1956.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Algemene Distribusie en verkooppryse van Sterk Drank, Pretoria, U.G. 55/1960.

Verslag van die Departement van Bantoe-Administasie en Ontwikkeling, 1963, R.P. 41/1965.

Verslae van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, 1950 - 1965.

Verslae van die Departement van Justisie, 1960-1965.

Polisieverslag i.v.m. Toekenning van Dranklisensies en die jaarlikse vergadering van die Dranklisensie-raad, 1966.

WETTE.

Die Drankwet no. 30, 1928.

Proklamasie 33 van 1949.

Die Naturelle Stadsgebiede Konsolidasiewet no. 25, 1945, soos gewysig.

Die Wysigingswet op die Drankwet no. 14, 1951.

Die Wysigingswet op die Drankwet no. 38, 1934.

Die Wysigingswet op Drank, no. 35, 1956.

Die Verdere Wysigingswet op Drank, no. 61, 1956.

Die Drankwysigingswet no. 58, 1957.

Die Drankwet no. 72, 1961.

Die Wet op Bantoebier, no. 63, 1962.

Die Drankwysigingswet no. 89, 1962.

Die Drankwysigingswet no. 88, 1963.

Die Drankwetwysigingswet no. 85, 1964.

Wet no. 6, 1965.

Die Lugvaartwysigingswet no. 25, 1949.

Die Wet op Werkkolonies no. 25, 1949.

Wet no. 98, 1965.

Die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiesentrums, no. 86, 1963.

C. Navorsingsverslae en Verhandelings.

Brand, C.M.: Solidarity Patterns in a Minority Group A study of the Indian Community of the Cape Peninsula, Ongepubliseerde M.A. tesis, Stellenbosch, 1966.

Blignaut, F.W.: Oor- en dwangmatige verbruik van Alkohol as afwykende gedrag by ete en drinke, Kommunikasie van die Universiteit van Suid-Afrika, C-10, Pretoria, 1959.

du Toit, A.S.: Kontak en Assosiasie van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland, Ongepubliseerde D-Phil graad, Stellenbosch, 1958.

Eloff, S.J.: Alkoholisme en die bestryding daarvan in die Republiek van Suid-Afrika met besondere verwysing na die aandeel van die Kerk, D-Phil proefskrif, Universiteit van die O.V.S., 1963.

Fourie, J.: Die Drankeuwel, M.A. Proefskrif, Stellenbosch, 1935.

Gillis, L.S.; Lewis, J.B.; Slabbert, M.; Psychiatric Disturbance and Alcoholism in the Coloured People of the Cape Peninsula, Groote Schuur Hospital and University of Cape Town Research Report, 1965.

Jeppe, W.J.O.: Die Voorsiening van Alkoholiese Drank aan die Bantoe met spesiale verwysing na Wes-Kaapland, M.A. proefskrif, Stellenbosch, Maart, 1962.

Miles, J.D.: Die Drinkpatroon van die Bantoes in Suid-Afrika, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Pretoria, 1964.

H. Sachs: The Role of the Beerhalls in the Municipal Township of Johannesburg. First and second Report, N.I.P.R. March and October, 1962.

A Survey of Race Relations in South Africa, 1959 - 1965. South African Institute of Race Relations, Johannesburg.

van der Merwe, C.F.: Produksie - Verbruik - In- en uitvoersyfers van Alkoholiese Drank in Suid-Afrika. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatsakplike Navorsing, 1965.

van der Spuy, D.T.: Die Asiate-bevolking in Suid-Afrika. Statistiese gegewens. Navorsingsreeks no. 14, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Pretoria, 1964.

van Wyk, A.W.: 'n Sosiaal-ekologiese studie van drankverkope in Pretoria. M.A. Proefskrif, Pretoria, 1964.

Venter, J.D.: 1) Die Drinkpatroon van die Blankes in Suid-Afrika. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en maatskaplike Navorsing, Pretoria, 1964.
2) Die Drinkpatroon van die Kleurlinge in Kaapland en Natal. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Pretoria, 1965.

Wessels, D.M.: Die aard en bestryding van die smokkelhandel in die sterkdrank van Blankes, met 'n ontleding van die misdaadsyfers t.o.v. sodanige smokkelhandel in Pretoria vir die tydperk Januarie 1945 tot Desember 1949. Ongepubliseerde M.A. tesis, Pretoria, 1951.

IV BIBLIOGRAFIËE

Bibliografie oor die Indiërs in Suid-Afrika. Inligtingsreeks no. 7, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 1963.

Bibliografie oor die Bantoes in die Republiek van Suid-Afrika. Inligtingsreeks no. 12, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing - Publikasielys, Januarie, 1966.

BYVOEGSEL 1

Stelsels van Brouing en Verskaffing van Bantoebier in Stedelike Gebiede, Kragtens die Naturelle Stadsgebiede Konsolidasiewet no. 25, 1945, soos gewysig.

In hierdie Wet is voorsiening gemaak vir verskillende stelsels van brouing en verskaffing van Bantoebier in stedelike Blanke-gebiede.

1. Die Tuisbroustelsel binne die lokasie en die permitstelsel vir tuisbrou in die Blanke dorpsgebied: Huisgesinne kon hierdeur die reg verkry om vir hulle uitsluitlike gebruik Bantoebier te brou.

2. Die biersaalstelsel: Hierdeur kon die plaaslike owerheid die reg verkry om Bantoebier in 'n bepaalde stadsgebied by 'n Bantoebierlokaal te brou en te verkoop. Bantoebier kon ook in staatbeheerde lokale gebrou en verkoop word in Pretoria en aan die Witwatersrand.

3. Die lisensiestelsel: Aan sekere Bantoes kon deur 'n lisensiestelsel die reg verleen word om Bantoebier te brou op 'n goedgekeurde perseel vir verkoop aan Bantoes wat in 'n bepaalde gebied woonagtig was.

Die minister kon te eniger tyd die brou, verbruik of besit van Bantoebier belet indien hy dit as skadelik vir die Bantoe beskou het.

ooooOoooo

BYVOEGSEL 2

Statistieke uit die Jaarverslae van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie: 1951 tot 1964.

Vir die doeleindes van vereenvoudiging van die volgende tabelle, word aan elke spesifieke drankwetoortreding 'n nommer gegee. In die tabelle sal slegs die nommers aangehaal word.

Tipe Drankwetoortredings:

1. Oortreding van lisensievoorwaardes.
2. Drank vervoer sonder permit.
3. Stook van drank.
4. Dronkenskap.
5. Drank verkoop, of verskaffing van drank deur Blanke aan nie-Blanke.
6. Onwettige besit van Bantoedrank.
7. Onwettige besit van brandspiritus.
8. Onwettige verkoop van brandspiritus.
9. Onwettige besit van ander drank.
10. Onwettige besit van suurdeeg.
11. Onwettige verkoop van suurdeeg.
12. Drank verkoop of verskaf deur nie-Blankes aan nie-Blankes.
13. Verkoop sonder lisensie.
14. Drankverskaffing aan persone op die swartlys.
15. Ongemagtigde bierpartye.
16. Ander drankwetoortredings.

(Sien Tabel op Bl. 138.)

VEROORDELINGS VIR BLANKES : 1951 TOT 1964

	1951	1952	1953	1956	1957	1959	1960	1961	1962
1	50	80	54	81	45	58	70	106	55
2	30	43	46	84	80	71	57	53	24
3	5	1	6	9	11	9	4	112	9
4	11667	11896	13300	12738	12528	11317	9068	7886	7139
5	729	824	891	854	824	654	614	546	244
6	50	44	58	61	192	235	191	248	198
7	1	-	9	-	16	-	8	-	-
8	27	26	31	48	41	61	16	80	24
9	-	-	-	-	-	65	80	111	66
10	-	-	-	2	5	5	-	9	5
11	28	-	17	19	36	16	6	5	9
12	-	2	-	-	-	-	-	-	-
13	317	437	555	730	552	413	505	435	197
14	29	23	34	38	26	26	22	20	16
15	5	-	4	3	15	4	5	-	33
16	1035	1220	1533	2304	2042	1178	1089	892	463
	13973	14610	16538	16701	16413	14112	11735	10503	8452

139/...

VEROORDELINGS VIR BANTOES

	1951	1952	1953	1956	1957	1959	1960	1961	1962
1	4	2	5	8	32	5	-	16	11
2	13	23	34	40	15	33	65	67	50
3	116	118	114	212	254	286	269	545	357
4	32888	27569	38397	40551	36072	32591	27096	25558	22787
5	-	1	-	-	-	-	-	-	-
6	149143	157840	174044	185556	155773	165351	92952	60410	47935
7	331	263	306	439	377	438	271	246	211
8	21	14	18	78	22	24	29	47	25
9	14697	14927	16593	20892	22242	21046	18064	17252	8344
10	1095	1042	1162	1053	1129	1454	1161	961	653
11	14	21	21	22	23	16	15	16	57
12	546	548	447	383	370	265	272	178	161
13	72	107	132	178	161	206	161	140	103
14	1	-	3	19	12	17	-	5	1
15	7855	4104	5360	7219	6642	5722	3083	1602	836
16	912	826	1580	1295	1553	1516	1496	1893	1676
	207708	207405	238216	257945	224677	228970	144934	108936	83207

VEROORDELINGS VIR KLEURLINGE

	1951	1952	1953	1956	1957	1959	1960	1961	1962
1	4	8	1	4	5	-	4	4	4
2	46	38	31	38	25	41	16	42	38
3	1	1	1	-	-	1	-	8	20
4	30382	29996	34637	44367	46919	42087	38444	39361	33888
5	1	-	-	-	-	-	-	-	-
6	5699	4159	5529	7235	7454	7605	5737	4391	3066
7	5	5	12	28	7	35	21	5	20
8	7	2	3	6	5	16	12	4	12
9	1003	1000	1233	1255	1147	1104	996	1022	533
10	40	29	30	48	69	60	50	45	21
11	5	10	4	4	20	-	1	-	1
12	1135	1251	1233	1111	1112	820	785	691	234
13	397	598	525	920	722	647	450	282	117
14	33	30	34	54	37	9	6	24	21
15	379	128	166	178	177	184	111	63	36
16	1895	2320	3215	3591	3406	2842	2594	2308	1195
	41032	39575	46643	58839	61105	55451	49227	48250	39206

140/...

VEROORDELINGS VIR ASIATE

	1951	1952	1953	1956	1957	1959	1960	1961	1962
1	2	1	0	2	10	-	-	8	4
2	6	6	3	4	5	-	8	1	-
3	6	-	3	-	-	-	0	-	4
4	1319	1507	1870	2039	1766	1126	787	772	724
5	-	-	-	-	-	-	-	-	-
6	181	154	244	390	359	531	361	355	494
7	4	2	15	1	5	4	-	-	4
8	17	11	24	18	15	21	22	21	9
9	252	370	378	294	295	159	180	148	69
10	15	19	11	46	59	26	31	29	17
11	81	49	39	21	7	11	5	4	16
12	38	3	30	27	18	-	13	5	9
13	40	18	19	19	11	22	7	4	17
14	-	-	-	1	-	-	-	-	-
15	4	-	5	4	1	4	--	-	-
16	71	52	77	44	31	87	41	57	38
	2036	2232	2718	2910	2552	1991	1455	1404	1405

AANTAL VEROORDEELDES VOLGENS GESLAG

		BLANK	BANTOE	KLEURLING	ASIAAT
1951	V	1093	102663	5303	210
	M	12880	105045	35729	1826
1952	V	2103	110818	4844	212
	M	12507	96587	34731	2020
1953	V	1301	116479	5753	216
	M	15237	121737	40901	2502
1956	V	1197	118934	6858	233
	M	15504	141011	51981	2677
1957	V	1371	100784	6740	205
	M	15042	123893	54365	2347
1959	V	1079	99920	7086	161
	M	13033	39050	48365	1830
1960	V	867	61540	6050	136
	M	10868	83394	43177	1319
1961	V	904	40797	5864	148
	M	9599	68139	42386	1256
1962	V	679	30904	4848	97
	M	7773	52303	34358	1308

oooo0oooo

BYVOEGSEL 3

Voorwaardes verbonde aan die uitreiking van lisensies aan Kleurlinge en Asiate, kragtens Wet no. 89 van 1962.

Daar is verskeie voorwaardes verbonde aan die uitreiking van sodanige lisensies:

1. Die toekenning van 'n lisensie moet deur die Nasionale Drankraad aanbeveel word nadat sekere informasie i.v.m. die aansoekers eers oorweeg is.
2. Die minister van Justisie moet eers die minister van Kleurlingsake of die minister belas met Asiatebelange, raadpleeg.
3. Geen outoriteit word in stedelike areas verleen tensy die plaaslike owerheid nie eers geraadpleeg is nie.
4. Lisensies mag alleen toegestaan word as 'n genomineerde van enige assosiasie nie minder as 10 Kleurlinge of Asiate as aandeelhouers het nie, (hierdie bepaling is later verander, sien Byvoegsel 4) en onder voorwaarde dat geen enkel aandeelhouer meer as 40% van die kapitaal bydra nie.
5. Magtiging mag verleen word vir binne en buiteverbruik.
6. Die minister mag spesifiseer watter soort drank verkoop moet word, en mag sekere voorwaardes of beperkings oplê wat hy weer mag verander.

ooooOoooo

BYVOEGSEL 4

Verdere voorwaardes i.v.m. die uitreiking van lisensies aan Assosiasies van Kleurlinge of Asiate, soos uiteengesit in Wet no. 98 van 1965; asook die bevoegdhede van die Polisie m.b.t. visentering van persele, soos in hierdie Wet uiteengesit.

So 'n assosiasie moet nou minstens 20 aandeelhouers hê i.p.v. 10, en geen enkel aandeelhouer of lid mag meer as 20% van die uitgereikte aandele in daardie maatskappy hou of meer as 20% van die kapitaal van daardie assosiasie bygedra het nie.

'n Polisiebeampte mag enige gebou waar drank verkoop word besoek gedurende die ure wat dit ingevolge die Wet oop is. Hy kan eis dat lisensiesgetoon word, en kan op enige artikel wat agterdog wek beslag lê.

oooo0oooo

BYVOEGSEL 5

Verbruik van alle dranksoorte in Suid-Afrika, 1960 - 1964 (massa-gallon).

WYN	1960	1961	1962	1963	1964
Natuurlike	13930788	14867781	14815549	17904599	22524948
Gefortifi-seerde	9550016	9828462	9286315	10780507	11337726
Vonkel	251312	240922	243701	261692	282446
SPIRITUALIËE					
Jenerwer	1297000	1285000	1266000	1288000	1378000
Brandewyn	4028000	4293000	4331000	4956000	5575000
Likeur/Vodka	700000	694000	753000	938000	1252000
BIER/ MOUTDRANK	+18977000	19915000	22699000	25421000	31105000
TOTAAL:	48734116	51124165	53388565	61449797	73455120

\+ Bierverbruik van O.V.S. nie ingesluit nie, maar wel van S.W.A.

S.W.A. se bierverbruik was afsonderlik as volg: (Gallon)

1960	1375000
1961	1215000
1962	1276000
1963	1275000
1964	1342000

oooo0oooo

BYVOEGSEL 6

Bevolkingstatistieke wat gebruik is vir die bepaling van persentasieverhoudings by drankwetveroordelings.

	BLANK	KLEURL.	BANTOE	ASIAAT
1950	2609000	1070000	8439000	353000
1951	2649000	1108000	8583000	368000
1952	2695000	1138000	8726000	378000
1953	2751000	1171000	8871000	389000
1954	2803000	1207000	9016000	400000
1955	2856000	1242000	9161000	410000
1956	2907000	1281000	9306000	421000
1957	2957000	1319000	9460000	431000
1958	3011000	1360000	9606000	441000
1959	3067000	1405000	9751000	450000
1960	3123000	1450000	9896000	459000
1961	3117000	1548000	11132000	486000
1966	3481000	1805000	12465000	547000

Syfers vanaf 1950 tot 1960 is verkry uit die Jubileumuitgawe van die Uniestatistieke, 1910 - 1960.

Syfers vir 1961 en 1966 is van die Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria, verkry.

oooo0oooo

BYVOEGSEL 7

Drankverbruik in vyf verskillende lande.+

WYN	SWEDE	VERENIGDE KONINKRYK	FINLAND	AUSTRALIË	DENEMARKE
1962	25517	29415000	1681000	-	16.2
1963	29787	32612000	2069000	12554000	15.5
1964	31766	37261000	2388000	13403000	18.1
1965	33123	35499000	2686000	13762000	-
SPIRITUALIËE					
1962	47345	23255000	3674000	4852000	7.8
1963	44400	23347000	3644000	4817000	9.2
1964	49198	26808000	3524000	5301000	9.8
1965	51605	23607000	3626000	5814000	-
BIER					
1962	210263	1028268000	8861000	283377000	354.3
1963	237933	1049356000	9362000	245887000	367.3
1964	246710	1087876000	10286000	259223000	395.0
1965	262910	1087480000	11675000	272607000	-

+ Alle syfers, behalwe die van Denemarke, word in massa-gallon aangegee. Syfers vir Denemarke is in miljoen liter. (Syfers is verkry van die Departement van Doeane en Aksyns, of die Buro vir Sensus en Statistiek van elke betrokke land.)

oooo0oooo

BYVOEGSEL 8

Drankwetoortredings vir die Republiek en Suidwes-Afrika 1960 - 1965.

AARD VAN OORTREDINGS.	JAAR.				
	1960	1961	1962	1963-1964	1964-1965
Dronkenskap	78407	76083	66794	79392	74921
Oortreding van drank-lisensiebepalings en vervoer van drank sonder permit.	498	595	523	816	748
Stook van drank	287	284	338	635	674
Blanke persoon wat drank aan nie-Blanke persoon verkoop of verskaf	1007	1054	329	97	71
Onwettige besit van Bantoedrank	100953	67712	53162	34773	28773
Onwettige besit en verkoop van brandspiritus	551	619	381	72	39
Onwettige besit van ander sterk drank	21167	20619	9621	3086	3649
Onwettige besit en verkoop van gifstof	1639	1468	989	401	179
Verkoop sonder drank-lisensie	1804	1277	593	1116	1575
Verskaffing van drank aan persone op die swart-lys	52	60	32	16	8
Ander drankoortredings bv. nie-Blanke persoon wat drank aan nie-Blanke verkoop of verskaf; ongeoorloofde bierpartye	17102	15366	10378	6162	6537
	223467	185137	143140	126566	117178

(Syfers verkry van die Referaat gelewer deur Kaptein F. van Zyl (S.A. Polisie) op die S.A.N.R.A. Kongres oor Alkoholisme, 2 - 5 Oktober 1966, Pretoria.)

ooooOoooo